# DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE IN HOFONDERSOEKE NA SEKSUELE MOLESTERING VAN DIE KIND

*deur*

**Marietjie Joubert, B.A. (MW)**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike vervulling van
die vereistes vir die graad
Magister Artium (Maatskaplike Werk)

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE
(Departement Maatskaplike Werk)
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom

Studieleier: Dr. P. Rankin
Mei 1999

# DANKBETUIGINGS


Pappa, vir ALLES wat Pappa gedoen het om te help met hierdie skripsie. Ek kan nie genoeg dankie sê nie.

*"Niks kan ooit die wysheid, leiding en liefde van 'n goeie vader vervang nie."*

*George Webster Douglas*

Tannie Elaine, vir al die ondersteuning en aanmoediging en die vertaling van die opsomming.

Dr. Rankin, sonder wie se hulp ek nooit hierdie skripsie sou kon klaarmaak nie.
*"Soms kan 'n mens niks anders sê as net 'n opregte dankie nie.'*

Die Statistiese Buro, PU vir CHO, spesifiek mev. Breytenbach, vir die verwerking van die empiriese navorsing.

Elmarie Peters vir die taalversorging van die skripsie.

Die volgende persone het almal op een of ander manier hulp of ondersteuning gebied. Mev. Steyn, mev. Strydom dr. Weyers, dr. Stutterheim, tannie Lidia, Hester, tannie Ella, die Gesinseenheidspan, Rene Potgieter, die personeel CMRade Middelburg spesifiek Rensché, die professionele persone waarmee ek onderhoude gevoer het en almal wat op een of ander wyse behulpsaam was.

'n Spesiale dank aan al my familie en vriende wat my ondersteun en bemoedig het terwyl ek die skripsie gedoen het.

Aan God al die eer want dit is Hy wat my die verstand, vermoë en genade gegee het om hierdie skripsie te kan doen:

> *"As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het, wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?*
> *U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon."*
> Ps. 8:4-6

# OPGEDRA AAN

my moeder wat my anker was tydens my vormingsjare maar nou nie my sukses met my kan deel nie.

# ABSTRACT

**The social worker as expert witness in court investigations regarding sexual abuse of the child**

The role the social worker plays as an expert witness has in recent times been emphasized, accentuating the problem of the sexually abused child. This is a meaningful development, giving the social worker the opportunity to let justice prevail and protect the child's interests.

The purpose of this research was to establish the role the professional social worker could play as an expert witness in court cases regarding sexually abused children.

To reach this goal, the research consisted of a literature study and an empirical survey. In the first literature chapter, the study focussed on the social worker as an expert witness in court, describing the general requirements expected from expert witnesses, especially the social worker. The next chapter describes the social worker's investigation of the sexually abused child and the skills required of the social worker. The last literature chapter focusses on the knowledge of court and court procedures the social worker requires to fulfill the role of an expert witness professionally.

The empirical study consisted of a survey conducted on social worker's expectations of the role the expert witness should play. The information required for this survey was collated from postal questionnaires and processed by computer. The conclusion was that social workers were not entirely familiar with the role of the expert witness. Some were uncertain whether they played a successful role during court cases ragarding sexually abused children. A number indicated that the generic knowledge of social work was sufficient to be called upon as an expert witness. A larger percentage however realised that the knowledge of court and court procedures and of the sexually abused child, was of great importance in the role of the expert witness.

Social workers also indicated the significance of co-operation with other professional and non-professional groups.

Certain recommendations regarding these conclusions were made. The most important being, that social workers be made aware of the importance of the role as expert witnessess they play and the necessity of the correct training and education. Furthermore, the continual development of the social workers' credability in court must be emphasized.

| **Sleutelwoorde** | **Keywords** |
|---|---|
| Deskundige getuie, getuienislewering, seksuele molestering, maatskaplike werker, hofondersoeke, hofprosedures, hofverslag. | Expert witness, witnessing, sexual abuse, social worker, court investigation, court procedures, court report. |

Die leser word daarop gewys dat in hierdie skripsie die reël gebruik is soos beskryf in die Interpretasiewet, Wet 33 van 1957, art. 6(a) dat woorde wat die manlike geslag aandui ook die vrouegeslag insluit.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

## KONSEPTUALISERING VAN DIE NAVORSING


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| **1.** | **AKTUALITEIT EN PROBLEEMSTELLING** | 1 |
| **2.** | **DOEL VAN DIE ONDERSOEK** | 3 |
| 2.1 | Algemene doelstellings | 3 |
| 2.2 | Spesifieke doelstellings | 3 |
| **3.** | **SENTRALE TEORETIESE STELLING** | 4 |
| **4.** | **VOORONDERSOEK** | 4 |
| **5.** | **METODE VAN ONDERSOEK** | 4 |
| 5.1 | Die navorsingsontwerp | 4 |
| 5.2 | Die meetinstrument | 5 |
| 5.3 | Bestudering van literatuur | 5 |
| 5.4 | Ervaring van deskundiges | 5 |
| 5.5 | Empiriese ondersoek | 5 |
| **6.** | **BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK** | 6 |
| **7.** | **LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK** | 6 |
| **8.** | **BEGRIPSOMSKRYWINGS** | 7 |
| **9.** | **STRUKTURERING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG** | 7 |

# HOOFSTUK 2

# DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE IN DIE HOF


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | 9 |
| **2.** | **WAT IS `N DESKUNDIGE** | 10 |
| **3.** | **WAT IS `N DESKUNDIGE GETUIE** | 10 |
| 3.1 | Wie kwalifiseer as `n deskundige getuie? | 12 |
| 3.1.1 | Kenmerke van die deskundige getuie | 13 |
| 3.1.2 | Bekwaamheid | 13 |
| 3.1.3 | Bekendstelling as deskundige getuie | 14 |
| 3.1.4 | Curriculum vitae | 15 |
| 3.2 | Die deskundige getuie in die hof | 17 |
| 3.3 | Die rol van die deskundige getuie | 19 |
| **4.** | **DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE** | 21 |
| 4.1 | Wat die maatskaplike werker van die regstelsel behoort te weet | 23 |
| 4.1.1 | Die hoorsê-reël | 24 |
| 4.1.2 | Die beste-getuienis-reël | 24 |
| 4.1.3 | Die versigtigheidsreël | 25 |
| 4.1.4 | Bewyslas | 25 |
| 4.2 | Wat verwag word van die maatskaplike werker as deskundige getuie | 25 |
| 4.3 | Opleiding aan maatskaplike werkers | 27 |
| **5.** | **DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE OOR SEKSUELE MOLESTERING** | 29 |
| **6.** | **SAMEVATTING** | 32 |

## HOOFSTUK 3

## DIE MAATSKAPLIKEWERKONDERSOEK TEN OPSIGTE VAN KINDERMOLESTERING

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | 33 |
| **2.** | **VOORBEREIDING** | 34 |
| 2.1 | Algemene voorbereiding | 34 |
| **3.** | **AANMELDING** | 36 |
| 3.1 | Die hantering van die aanmelding | 37 |
| **4.** | **ASSESSERING** | 40 |
| 4.1 | Voorbereiding vir die onderhoud met die kind | 41 |
| 4.1.1 | Beplanning vir die onderhoud | 41 |
| 4.1.2 | Plek van die onderhoud | 42 |
| 4.1.3 | Video-opnames | 42 |
| 4.1.4 | Speelapparaat | 43 |
| 4.2 | Metodes | 44 |
| 4.2.1 | Wetenskaplike metodes | 44 |
| 4.2.2 | Spelterapie | 45 |
| 4.3 | Onderhoud met die kind | 46 |
| **5.** | **OPVOLG VAN INLIGTING** | 50 |
| 5.1 | Fisiese bewyse | 50 |
| 5.2 | Inligting rondom die kind | 50 |
| 5.3 | Inligting rakende die omstandighede van die gesin | 51 |
| 5.4 | Beweerde oortreder | 52 |
| 5.5 | Verdere onderhoude | 52 |
| 5.6 | Insameling van inligting uit die gemeenskap | 52 |
| 5.7 | Ander inligting relevant tot die ondersoek | 53 |
| **6.** | **LEDE VAN ANDER PROFESSIES** | 53 |
| 6.1 | Die Polisie/Kinderbeskermingseenheid | 55 |

BLADSY


6.2 Die mediese professie .................................................... 58

6.3 Die regsbeampte .................................................... 60

6.4 Die sielkundige .................................................... 61

6.5 Die onderwyser .................................................... 62

6.6 Die leraar .................................................... 62

**7. DIE KIND IN DIE HOF** .................................................... 63

7.1 Voorbereiding van die kind vir hofoptrede .................................................... 63

7.2 Die getuienislewering van die kind .................................................... 64

7.3 Die rol van die ouderdom van die kind in die hof .................................................... 66

7.4 Die rol van emosionele skade van die seksueel misbruikte kind in die hof .................................................... 67

7.5 Die gebruik van `n tussenganger .................................................... 68

**8. DIE HOFVERSLAG VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER** 69

8.1 Die beginsels en vereistes van `n maatskaplike hofverslag .................................................... 71

8.2 Die formaat van die verslag .................................................... 71

8.2.1 Voorblad .................................................... 72

8.2.2 Inleiding .................................................... 72

8.2.3 Agtergrondinligting .................................................... 73

8.2.4 Bespreking van die ondersoek gedoen .................................................... 73

8.2.5 Mening .................................................... 74

8.2.6 Aanbeveling .................................................... 74

8.2.7 Bronverwysings .................................................... 74

**9. SAMEVATTING** .................................................... 74


# HOOFSTUK 4
# DIE HOFOPSET EN HOFPROSEDURES


**1. INLEIDING** .................................................... 76

**BLADSY**

**2. VOORBEREIDING VIR OPTREDE AS DESKUNDIGE GETUIE IN DIE HOF** ........ 77
2.1 Die rol van die staatsaanklaer ........ 78
2.2 Die ondersoek ........ 81
2.3 Die opstel van die hofverslag ........ 81
**3. PROSEDURES TYDENS HOFVERRIGTINGE** ........ 81
3.1 Die voorsittende verhoorbeampte ........ 82
3.2 Die staatsaanklaer ........ 83
3.3 Die polisiebeampte ........ 85
3.4 Die beskuldigde ........ 86
3.5 Die verdediging ........ 86
3.6 Die deskundige getuie ........ 86
**4. OPTREDE IN DIE HOF** ........ 87
**5. HOOFONDERVRAGING** ........ 88
**6. KRUISONDERVRAGING** ........ 90
**7. HERONDERVRAGING** ........ 94
**8. SAMEVATTING** ........ 94

**HOOFSTUK 5**
**NAVORSINGSMETODOLOGIE**

**1. DIE LITERATUURSTUDIE** ........ 96
**2. DIE EMPIRIESE ONDERSOEK** ........ 96
2.1 Die Navorsingsontwerp ........ 97
2.2 Die Ondersoekgroep ........ 97
2.3 Die Meetinstrument ........ 98
2.3.1 Afdelings van die meetinstrument ........ 98
2.3.2 Itembeoordeling ........ 99
2.3.3 Betroubaarheid van die meetinstrument ........ 99
2.3.4 Korrelasie tussen die items ........ 99

BLADSY

3. DATAVERSAMELING .................................................. 100
4. STATISTIESE ANALISE................................................ 100
5. LEEMTES IN DIE NAVORSING...................................... 100


# HOOFSTUK 6

# EMPIRIESE GEGEWENS EN BEVINDINGE

1. INLEIDING................................................................ 102
2. AANBIEDING VAN DIE GEGEWENS............................. 102
3. PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN DIE RESPONDENTE 102
3.1 Die akademiese kwalifikasies van die respondente...................... 103
3.2 Die soort organisasies waar die respondente in diens is................ 103
3.3 Tydperk in huidige betrekking............................................ 103
3.4 Tydperk wat Maatskaplike werk as beroep beoefen word.............. 104
4. PROFESSIONELE BETROKKENHEID VAN RESPONDENTE BY MOLESTERINGSAKE............................................ 104
4.1 Betrokkenheid van respondente by molesteringsake.................... 104
4.2 Betrokkenheid van respondente by hofsake oor kindermolestering.... 105
4.3 Doeltreffendheid van betrokkenheid van respondente by strafsake oor molestering...................................................................... 106
5. DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE: ALGEMEEN............................................................... 107
6. DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE: DIE GEMOLESTEERDE KIND........................................ 110
7. DIE PROFESSIONELE KENNIS VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER.................................................................. 113
8. INSAMELING VAN INLIGTING BY ANDER PROFESSIES / INSTANSIES.............................................................. 116

## HOOFSTUK 7

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

**BLADSY**


**1. GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE LITERATUURSTUDIE.** 118

**2. GEVOLGTREKKINGS OP GROND VAN DIE EMPIRIESE BEVINDINGE**........................................................ 119

**3. AANBEVELINGS**........................................................ 120

**4. SLOTGEDAGTES**........................................................ 122



## BRONNELYS ........................................................ 123


## LYS VAN TABELLE


**TABEL 6.1**

Die maatskaplike werker as deskundige getuie: Algemeen...................... 108

**TABEL 6.2**

Die maatskaplike werker as deskundige getuie:Die gemolesteerde kind....... 111

**TABEL 6.3**

Die professionele kennis van die maatskaplike werker.......................... 114

**TABEL 6.4**

Insameling van inligting by ander professies/instansies.......................... 116

**BYLAE**

BYLAAG I: Vraelys

BYLAAG II Opvolgbrief

BYLAAG III Statistieke – Misdade teen kinders

**HOOFSTUK 1**

# KONSEPTUALISERING VAN DIE NAVORSING

## 1. AKTUALITEIT EN PROBLEEMSTELLING

Seksuele molestering is `n probleem waarmee professies wat gemoeid is met die beskerming van kinders daagliks te doen kry. Gustavsson en Segal (Joubert, 1995:3) stel die probleem soos volg:

> *"The abuse and neglect of children is a central concern to social welfare professionals. Definitions and conceptualizations of abuse and neglect have changed over the past 20 years in recognizing the extent and consequences of abuse and in creating protective legislation. However, the phenomenon of child abuse and neglect continues and requires national attention."*

Die aanmeldings van seksuele misdade teen kinders in Suid-Afrika, het reeds kommerwekkende afmetings aangeneem. Statistiek met betrekking tot die aantal misdade en spesifiek seksuele misdade wat teen kinders gepleeg word, dui in die algemeen `n probleemtoestand aan wat nie geïgnoreer kan word nie. Statistiek soos verkry vanaf die hoofkantoor van die Kinderbeskermingseenheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens vir die tydperk Januarie 1994 tot Junie 1998, kan in Bylaag 3 gesien word. Hierdie statistiek beklemtoon die feit dat navorsing oor die wyses waarop kinders beskerm kan word, `n aktuele en nodige onderwerp geword het.

Ten einde die kind te kan beskerm, is dit eerstens nodig om te weet wat die regte van die kind behels. Volgens die Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, art. 28, het die kind sekere regte wat beskerm moet word. Subartikel (1)(d) staan in verband met bogenoemde en word aangehaal:

> *"Every child has the right - ...*
> *to be protected from maltreatment, neglect, abuse or degradation."*

Dit kan dus gesê word dat `n kind `n fundamentele reg het om ook teen seksuele misbruik beskerm te word.

Praktiserende maatskaplike werkers is daagliks betrokke by die seksueel gemolesteerde kind. Die maatskaplike werker kan dan ook op meer as een manier `n rol speel in die beskerming van die seksueel gemolesteerde kind waarvan terapie met die kind een is. Vir die doel van hierdie navorsing word egter gefokus op die rol wat die maatskaplike werker, as deskundige getuie, kan speel in die beskerming van die seksueel gemolesteerde kind in die hofomgewing.

Die hofomgewing is egter `n sekondêre opset vir die maatskaplike werker. Indien `n maatskaplike werker dus as deskundige getuie in die hof moet funksioneer, is dit belangrik dat hy deeglik sal kennis dra van wat die hof van hom verwag en die verskillende maniere waarop hy `n rol as deskundige getuie kan speel. Die eerste manier is deur `n slagofferverslag, die tweede deur `n voorskuldigbevindingsverslag oor die beweerde oortreder en laastens die voorvonnisverslag. In hierdie navorsing sal slegs die slagofferverslag bespreek word. Die doel van hierdie ondersoek verder is om die rol van die maatskaplike werker as deskundige in die geval van die gemolesteerde kind, te omskryf na aanleiding van wat die verwagtinge is wat die regstelsel en hofomgewing stel.

## 2. DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking en probleemstelling word die volgende doelstellings daargestel.

### 2.1 ALGEMENE DOELSTELLINGS

Om vas te stel hoe die maatskaplike werker sy rol as deskundige getuie in die hof in die saak van die seksueel gemolesteerde kind die beste kan vervul in belang van die kind.

### 2.2 SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

- Om vas te stel wat die term 'deskundigheid' behels.
- Om vas te stel wat die hof verwag van `n deskundige getuie.
- Om `n uiteensetting te gee van die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker as deskundige getuie in gevalle van gemolesteerde kinders.
- Om `n raamwerk vas te stel waarvolgens `n maatskaplikewerk-ondersoek na seksuele molestering van die kind met die oog op hofverrigtinge, behoort te geskied.
- Om `n uiteensetting te gee van die bronne van inligting wat gebruik kan word deur die maatskaplike werker as deskundige getuie.
- Om `n beskrywing te gee van die manier waarop bogenoemde inligting in `n aanvaarbare hofverslag geïnkorporeer kan word.
- Om `n uiteensetting te gee van die rol van elke persoon betrokke by hofverrigtinge na seksuele molestering.
- Om `n riglyn vir korrekte hofprotokol en hofprosedures daar te stel.

## 3. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Om sy rol as deskundige getuie in die hof in gevalle van seksueel gemolesteerde kinders na behore te vertolk, het die maatskaplike werker besondere kennis oor die onderwerp van seksuele molestering, oor regsaspekte en hofprosedures nodig.

## 4. VOORONDERSOEK

Die navorser het reeds in die finale jaar van haar voorgraadse studie, as deel van 'n groep van vyf studente, `n ondersoek oor die tema gedoen. Die klem is gelê op samewerking in die multi-professionele span in die hofondersoek na seksuele molestering van die kind. Die navorser se aandeel het gehandel oor wat die rol van die maatskaplike werker in hierdie verband is. Met hierdie navorsing is die ondersoek voortgesit met die fokus op die rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie met `n bespreking van alle faktore wat kan bydra dat hierdie rol na behore vervul word.

## 5. METODE VAN ONDERSOEK

Die volgende metodes van ondersoek is in die navorsing gebruik.

### 5.1 DIE NAVORSINGSONTWERP

Daar is in hierdie navorsing van die verkennende navorsingsontwerp gebruik gemaak. Die navorsingsontwerp word meer volledig in Hoofstuk vyf bespreek.

## 5.2 DIE MEETINSTRUMENT

`n Bestaande meetinstrument om die navorsing te doen, was nie beskikbaar nie. `n Vraelys om die empiriese data te bekom, is dus deur die navorser self opgestel op grond van inligting wat uit die literatuurstudie na vore gekom het. Die meetinstrument word ook meer volledig in Hoofstuk vyf bespreek.

## 5.3 BESTUDERING VAN LITERATUUR

Daar is in die navorsingsontwerp in die bestudering van literatuur gebruik gemaak van boeke, tydskrifartikels, geskrewe lesings, afgehandelde navorsingsprojekte en ander toepaslike literatuur. Plaaslike sowel as oorsese literatuur is gebruik.

## 5.4 ERVARING VAN DESKUNDIGES

Daar is onderhoude gevoer met: `n sielkundige, prokureur, advokaat, staatsaanklaer, `n maatskaplike werker van `n staatsorganisasie en `n privaatpraktiserende maatskaplike werker wat gereeld as deskundige getuie in die hof optree. Die doel hiervan was om inligting in te win uit die praktiese ondervinding van `n verskeidenheid van professionele persone wat daagliks by sake van die seksueel gemolesteerde kind betrokke is en hierdie inligting by die navorsingsverslag te inkorporeer.

## 5.5 EMPIRIESE ONDERSOEK

Daar is tydens die empiriese ondersoek van die opnameprosedure gebruik gemaak. Strydom (1994:124) verduidelik dat die opnameprosedure normaalweg `n poging tot kwantitatief-beskrywende navorsing is waar respondente by `n opname betrek word sonder

dat besondere diepte-inligting oor die respondente verstrek word. Die opname word normaalweg deur `n vraelys gedoen.

## 6. BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK

Die navorsing sentreer rondom die rol wat elke praktiserende maatskaplike werker wat `n taak het om die seksueel gemolesteerde kind in die hof te beskerm, kan vervul.

Die navorsing is beperk tot maatskaplike werkers van die Christelike Maatskaplike Raad, Departementele Welsynskantore en SAPD forensiese maatskaplike werkers in Gauteng en Mpumalanga.

## 7. LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK

- Daar is heelwat oorsese literatuur oor die onderwerp beskikbaar. Daar is wel Suid-Afrikaanse bronne, maar nie wat die onderwerp so kenmerkend afbaken nie.
- Weens `n gebrek aan tyd, is daar nie empiriese navorsing onder regspersone ook gedoen nie.
- Met `n posvraelys bestaan daar altyd die risiko dat die respons nie groot sal wees nie. Daar is wel met hierdie navorsing 44% van die vraelyste terugontvang, maar `n groter respons sou van groter waarde gewees het.

## 8. BEGRIPSOMSKRYWINGS

*Getuienis*

"Getuienis kan gedefinieer word as dit wat die getuie in die getuiebank lewer, asook die lewering van dokumente en reële bewysstukke wat gebruik mag word vir die doel van bewys in hofverrigtinge."(De Villiers en Vorster, 1994:3)

*Getuienislewering*

"Die verklaring deur `n getuie in die hof, meestal onder eed afgelê en aangebied as die waarheid van wat beweer word."(De Villiers en Vorster, 1994:3)

*Seksuele molestering*

Seksuele molestering word volgens Kempe (Herbert, 1989:91) omskryf as:

"the involvement of developmentally immature children and adolescents in sexual activity they do not truly comprehend, to which they are unable to give informed consent, or that violates the social taboos of family roles."

## 9. STRUKTURERING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag is in sewe hoofstukke verdeel wat saam `n gesistematiseerde eenheid vorm. Die hoofstukindeling is soos volg:

In Hoofstuk 1 word die aktualiteit van die onderwerp en die probleemstelling gegee asook `n kort oorsig van wat die navorsing behels en wat in die navorsingswerkstuk bespreek gaan word.

In Hoofstuk 2 word die deskundige getuie in die algemeen bespreek en `n uiteensetting gegee van wat die maatskaplike werker se rol as deskundige getuie ten opsigte van seksueel gemolesteerde kinders behels.

In Hoofstuk 3 word die maatskaplikewerkondersoek na seksuele molestering met die oog op hofverrigtinge en die skryf van `n maatskaplike hofverslag bespreek.

In Hoofstuk 4 word die rol van elke persoon betrokke by die hofverrigting na seksuele molestering asook korrekte hofprotokol en hofprosedures uiteengesit.

In Hoofstuk 5 word die navorsingsontwerp en metodologie wat vir die empiriese navorsing gebruik is, uiteengesit.

Hoofstuk 6 bevat die resultate en besprekings van die empiriese navorsing.

Hoofstuk 7 is die afsluiting van die navorsingswerkstuk en bevat die samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings.

**HOOFSTUK 2**

# DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE IN DIE HOF

***"Knowing the subject may qualify the witness to enter the court, but communicating this knowledge effectively is what defines the true expert."***

***(Holmgren in Stern:1997)***

## 1. INLEIDING

`n Belangrike tradisionele funksie van maatskaplike werkers op die gebied van kinder- en gesinsorg, is om die belange van die kind te beskerm. `n Uitvloeisel van hierdie funksie is die rol wat maatskaplike werkers in geregshowe begin vertolk het om die belange van die kind te beskerm. In hierdie hoedanigheid is die maatskaplike werker op grond van sy professionele kennis as bron beskikbaar om die belange van die kind wat bedreig word te beskerm. `n Besondere verantwoordelikheid wat maatskaplike werkers in hierdie rol nakom, is om as deskundige getuies op te tree in gevalle van kindermolestering wat in die hof besleg moet word.

In hierdie hoofstuk sal die rol wat die maatskaplike werker kan speel as deskundige getuie in gevalle van seksueel gemolesteerde kinders, bespreek word. Myers (1992:106) meld dat die verskillende vorme van kindermishandeling en -verwaarlosing dikwels moeilik is om in die hof te bewys. Hierbenewens is die kind dikwels die enigste ooggetuie en moet daar gevolglik van `n deskundige gebruik gemaak word om die oortreding wat moontlik teen die kind begaan is, in duideliker perspektief te plaas. `n Deskundige getuie is waardevol in die hof deurdat hy `n mening aan die hof kan gee wat dikwels meer lig werp op die daad en die emosionele en psigiese skade wat aan die kind gedoen is.

In hierdie verband vervul die maatskaplike werker `n waardevolle rol. Die doel met hierdie hoofstuk is dan ook om die aard van hierdie rol van die maatskaplike werker te beskryf.

## 2. WAT IS `N DESKUNDIGE

Dit is eerstens belangrik dat daar gekyk sal word na wat bedoel word met die begrip 'deskundige'. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek beskryf `n deskundige as:

> *"iemand wat in `n besondere vak deeglik onderlê is".*

Die HAT verduidelik `n deskundige ook verder as:

> *"iemand met besondere kennis van `n saak".*

Daar kan uit bogenoemde definisies afgelei word dat `n deskundige iemand kan wees met vakkundige kennis, iemand wat deur ondervinding kennis van `n saak bekom het óf `n kombinasie van albei. Black (1979:519) sluit hierby aan en omskryf hierdie begrip die beste deur `n deskundige te verduidelik as:

> *"One who is knowledgeable in a specialized field, that knowledge being obtained from either education or personal experience."*

In die geval van die gemolesteerde kind is `n deskundige `n persoon wat besondere kennis oor die probleem van kindermolestering het en dus gesaghebbende menings daaroor sal kan formuleer en uitspreek.

## 3. WAT IS `N DESKUNDIGE GETUIE

Vir die doeleindes van die navorsing moet die betekenis van `n deskundige getuie uitgeklaar word. Black (1979:519) definieer `n deskundige getuie soos volg:

*"One who by reason of education or specialized experience possesses superior knowledge respecting a subject about which persons having no particular training are incapable of forming an accurate opinion or deducing correct conclusions...One skilled in any particular art, trade, or profession, being possessed of peculiar knowledge concerning the same, and one who has given subject in question particular study, practice or observation."*

Dit is dus `n persoon wat besondere kennis oor `n bepaalde onderwerp het wat deur studie en praktykervaring verwerf is.

Engelbrecht (1998) sluit hierby aan en noem dat die akademiese kwalifikasies en ondervinding van die persoon baie belangrik is. Stern (1997:1-2) meld verder dat deskundige getuies die persone is wat deur die hof geroep word om die persoon/persone wat die besluite moet neem, te onderrig én dit op so `n manier doen dat hy/sy geglo sal word. De Vos (1990:1) se verduideliking van `n deskundige getuie is `n getuie wat op grond van sy kennis en ervaring op `n bepaalde terrein meer bevoeg as die hof is om `n mening uit te spreek (`n afleiding te maak) betreffende een of ander aangeleentheid binne sodanige veld. Verskeie professionele persone kan dien as deskundige getuie, waaronder die maatskaplike werker. Vir die doel van die navorsing sal spesifiek op die maatskaplike werker as deskundige getuie gefokus word.

Myers (1993:176) noem egter dat `n persoon wat beskik oor `n spesifieke akademiese graad bv. in maatskaplike werk, nie outomaties kwalifiseer as `n deskundige getuie op die gebied van seksuele misbruik van die kind nie. In hierdie verband noem Stern (1997:22) dat daar `n merkbare verskil is tussen `n persoon wat `n deskundige in `n bepaalde veld is en om `n deskundige in die hof te wees. Die rede hiervoor kan wees dat `n persoon wat `n deskundige in `n bepaalde veld is, nie noodwendig kennis van hofprosedures mag hê nie en `n onvermoë mag hê om sy kennis in `n hofsituasie aan die hof oor te dra. Die persoon moet verder kennis dra van die aard van sy rol in die hof. Vervolgens sal daar gekyk word na wat die vereistes is waaraan `n deskundige getuie moet voldoen, wat die hof verwag van die deskundige getuie en die rol wat die deskundige getuie tydens hofverrigtinge kan speel.

## 3.1 WIE KWALIFISEER AS `N DESKUNDIGE GETUIE?

Verskillende sienswyses van die deskundige getuie bestaan. In die VSA word die gebruik van `n deskundige getuie (Stern, 1997:5) onder die 'Federal Rules of Evidence 702' toegelaat en soos volg omskryf:

> *"If scientific, technical or other specialized knowledge will assist the trier of fact to understand the evidence or determine a fact in issue a person qualified by knowledge, skill, experience, training, or education, may testify thereto in the form of an opinion or otherwise."*

Stern (1997:6) verduidelik hierdie reël deur te noem dat die deskundige getuie menings en interpretasies van die beskikbare inligting kan lewer. Die deskundige getuie kan sy mening onder meer gee oor die betekenis van wat gesien, gehoor en gevoel is.

In die Suid-Afrikaanse reg bestaan `n reël wat volgens De Villiers en Vorster (1994:12) bepaal dat `n getuie nie sy mening aan die hof mag lewer nie, maar slegs die feite wat hy waargeneem het. In die lig hiervan kan enige persoon dus `n getuie in die hof wees indien hy eerstehandse inligting met betrekking tot `n spesifieke saak het, deurdat hy `n ooggetuie van `n misdaad was. De Villiers en Vorster (1994:12) verduidelik dat daar egter twee uitsonderings op hierdie reël is. Eerstens kan `n leek toegelaat word om sy mening te gee as hy sy waarnemings moeilik anders as deur `n mening sal kan oordra en tweedens kan `n deskundige getuie sy mening oor `n saak wat binne sy vakgebied val, gee.

Uit bostaande is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse regstelsel ook ruimte laat vir die gebruik van `n deskundige getuie. Daar is egter sekere faktore wat in ag geneem behoort te word voordat `n persoon kan optree as deskundige getuie of voordat `n deskundige getuie gebruik word. Daar moet bepaal word wie as deskundige getuie gebruik word en wat die doel van die gebruik van `n deskundige getuie in die spesifieke saak is. Bernstein (1977:413) meld dat die gebruik van `n spesifieke persoon as deskundige getuie geregverdig moet word. Dit kan geskied deurdat (1) die onderwerp van bespreking so nou verwant is met `n wetenskap, professie of besigheid, dat kennis oor die onderwerp

verwyderd is van die algemene kennis van die leek en (2) dat die getuie oor so `n mate van vaardigheid, kennis en ervaring ten opsigte van die betrokke gebied beskik, dat sy mening sal kan bydra dat die hof die ware feite van die saak sal kan bepaal. Daar sal vervolgens gekyk word na watter faktore `n bepalende invloed het om `n persoon as deskundige getuie te kwalifiseer.

### 3.1.1 Kenmerke van die deskundige getuie

Om `n doeltreffende deskundige getuie te wees, behoort die persoon wat as deskundige getuie gaan optree, eerstens oor sekere persoonlikheidseienskappe te beskik. Stern (1997:21) noem dat die deskundige getuie skrander en vinnig van begrip, welsprekend en oplettend moet wees. Dit kan afgelei word dat die rede hiervoor is dat die persoon juis sy geloofwaardigheid as deskundige getuie aan die hof moet kan bewys. Die hofomgewing skep nie `n sogenaamde vriendelike omgewing nie en sal die deskundige veral deur die verdediging blootgestel word aan ondervraging om sy geloofwaardigheid en deskundigheid in twyfel te trek. Indien die deskundige getuie dus oor bogenoemde eienskappe beskik, sal hy homself in die hof kan laat geld.

`n Verdere kenmerk van `n deskundige getuie is selfvertroue. Natuurlike selfvertroue is belangrik, maar om die nodige selfvertroue te verkry om doeltreffend as deskundige getuie te kan optree, is dit belangrik dat die persoon oor kennis van korrekte hofoptrede moet beskik. Kennis van die onderwerp waaroor getuig moet word, opleiding ten opsigte van die onderwerp en ervaring in die spesifieke terrein, is verdere faktore wat bydraend tot die selfvertoue van die getuie kan wees.

### 3.1.2 Bekwaamheid

Ten einde as deskundige getuie te kan optree, moet die persoon oor `n sekere bekwaamheid ten opsigte van die spesifieke onderwerp of probleem beskik. Die

bekwaamheid kan behels dat die persoon oor `n bepaalde akademiese kwalifikasie beskik, ondervinding van die bepaalde onderwerp het, of `n kombinasie van albei. Professionele persone beskik meestal oor `n akademiese kwalifikasie, bv. `n graad of `n diploma. Die minimum vereiste om bv. as maatskaplike werker te kan praktiseer, is `n vierjaaropleiding aan `n opvoedkundige instansie. Indien die persoon in sy loopbaan aanvullende kursusse, seminare of werskwinkels bygewoon het (en moontlik sertifikate daarvoor ontvang het) kan dit verder daartoe bydra om die persoon as deskundige te kwalifiseer.

Alhoewel `n bepaalde kwalifikasie of prestasie baie daartoe bydra om `n persoon as `n deskundige getuie te kwalifiseer, is dit nie `n deurslaggewende vereiste nie. Volgens Stern, (1997:35) kan ondervinding alleen genoeg wees om die persoon te kwalifiseer as `n deskundige getuie. Hierdie stelling is geldig veral wanneer `n professionele persoon intensief in `n bepaalde rigting spesialiseer. Stern (1997:35) meld dat die deskundige getuie baie versigtig moet wees om getuienis te lewer oor `n onderwerp waarop hy nie `n deskundige is nie. Indien `n persoon nie die nodige ondervinding in `n bepaalde rigting of veld het nie, bv. ondervinding met seksuele molestering, sal hy nie die nodige kennis en agtergrond hê om in die hof daaroor te gaan getuig nie en kan dit die kind eerder benadeel as bevoordeel. Die afleiding kan dus gemaak word dat dit belangrik is dat `n persoon wat as deskundige getuie optree bekwaam moet wees deur beide oor akademiese kwalifikasies sowel as oor ondervinding in die spesifieke rigting te beskik.

### 3.1.3 Bekendstelling as deskundige getuie

Die persoon wat van voornemens is om as deskundige getuie in die hof op te tree, mag wel die nodige kwalifikasies en ondervinding hê om as `n deskundige op `n bepaalde gebied beskou te word, maar as die hof nie erkenning sou verleen aan die spesifieke kwalifikasies en ondervinding van die persoon nie, is dit nodeloos vir die persoon om hom as `n deskundige getuie te probeer vestig. Inligting aangaande die deskundige getuie moet dus op toepaslike wyse aan die hof oorgedra word. Stern (1997:23) suggereer dat daar besondere aandag gegee moet word aan die manier waarop die betrokke inligting

aangaande die deskundige getuie aan die hof oorgedra word. Indien `n persoon bv. daarop kan aanspraak maak dat hy die redakteur van `n professionele tydskrif of die stigter van `n relevante organisasie is en die hof verstaan nie die betekenis daarvan nie, sal dit nie die getuie se geloofwaardigheid in die hof versterk nie (Stern, 1997:25).

`n Besondere metode om die persoon wat gaan getuig as deskundige getuie aan die hof bekend te stel, is om van `n *curriculum vitae* gebruik te maak. Die getuie behoort verder daarop bedag te wees dat sy geloofwaardigheid in die hof getoets kan word deur vrae oor sy eie huweliks- en gesinsopset, gegewens van sy supervisor (indien hy oor een beskik) en of sy verskyning in ooreenstemming met die beleid van die organisasie is (Du Toit, 1990:1). Daar kan dus met reg gesê word dat die bekendstelling van die persoon as deskundige getuie aan die hof `n baie belangrike rol speel in die saak van die staat en in die beskerming van die kind. Alhoewel dit nie onnodig uitgerek behoort te word nie, behoort daar genoegsame tyd aan die bekendstelling afgestaan te word.

### 3.1.4 Curriculum vitae

Elke professionele persoon behoort volgens Stern (1997:31) `n curriculum vitae uitsluitlik vir hofdoeleindes gereed te hê. Dit behoort veral gedoen te word indien `n persoon gereeld in die hof moet optree. So `n curriculum vitae word anders saamgestel as wanneer daar vir `n betrekking aansoek gedoen word. In laasgenoemde geval sal meer klem gelê word op opleiding wat van toepassing is op die spesifieke betrekking en algemene werkondervinding. `n Curriculum vitae vir hofdoeleindes het ten doel om al die belangrike inligting rondom die kwalifikasies, opleiding en ondervinding van die getuie in die spesifieke rigting waaroor die getuienis gaan handel, te beklemtoon.

Engelbrecht (1998) noem dat die getuie `n curriculum vitae aan die hof kan voorhou, òf as deel van die verslag òf as bylaag. Hierdie curriculum vitae kan dan aan die hof voorgehou word om die geloofwaardigheid van die getuie te bewys en dit is hier waar die getuie sy eie beuel kan blaas. Bernstein (1977:414) beveel aan dat afskrifte aan al die betrokke partye

voorsien word. Die curriculum vitae behoort volgens Bernstein (1977:414) en Stern (1997:31-34) die volgende basiese inligting te bevat:

1. Alle opvoedkundige instansies bygewoon, datums van bywoning, grade verwerf en buitekurrikulêre aktiwiteite.
2. Akademiese en professionele toekennings.
3. Verhandeling of skripsie voltooi.
4. Kursusse wat gevolg is.
5. \`n Opsomming van spesifieke areas van studie en/of navorsing.
6. Lidmaatskap van professionele liggame.
7. Lidmaatskap van relevante bewegings of organisasies.
8. Werkondervinding (noem ondervinding in die betrokke veld).
9. Professionele komitees of kommissies waarvan persoon \`n lid is (vrywillig of aangewys).
10. Publikasies wat die lig gesien het.
11. Redaksionele posisies beklee.
12. Werkswinkels aangebied of bygewoon.
13. Lesings of toesprake gelewer.
14. Indiensopleiding deurloop.
15. Gespesialiseerde opleiding waaroor hy beskik.
16. Konsultasiedienste gelewer.
17. Navorsing voltooi.
18. Enige professionele betrokkenheid by sake oor \`n relevante tema.
19. Professionele ondervinding, gekategoriseerd en opgesom.
20. Vorige ondervinding as deskundige getuie.

Daar is ook \`n lys van beginsels wat die persoon wat die curriculum vitae opstel in gedagte behoort te hou. Stern (1997:32) stel die volgende voor:

- Die curriculum vitae moet altyd deeglik en volledig wees.
- Die curriculum vitae moet akkuraat wees.

- Gaan altyd die curriclum vitae na vóór hofoptrede om seker te maak dat dit akkuraat en op datum is.
- Maak seker dat die curriculum vitae tegnies korrek versorg is.
- Moet nooit inligting in die curriculum vitae weergee wat nie 100% korrek is nie.
- Moenie langdradig wees nie.

Die hof (regter of landdros) sal dan, met inagneming van die curriculum vitae en die bespreking daarvan in die hof en die bekendstelling van die persoon aan die hof, beslis of die persoon as deskundige getuie mag getuig (Myers, 1992:109).

## 3.2 DIE DESKUNDIGE GETUIE IN DIE HOF

Daar is volgens Stern (1997:7-8) drie maniere waarop `n professionele persoon as deskundige getuie by `n hofsaak betrokke kan raak:

1. Deur direkte betrokkenheid by die saak en deur spesifieke inligting wat daardeur ingesamel is, bv. `n direkte ondersoek wat deur die maatskaplike werker gedoen is en onderhoude wat met die kind gevoer is;
2. deur selektiewe inligting met betrekking tot die saak wat aan hom gegee is en wat deur ander persone ingesamel is. Dit beteken dat die maatskaplike werker nie self `n ondersoek geloods of onderhoude met die kind gevoer het nie, maar tog oor sekere inligting in verband met die betrokke saak beskik; of
3. deur die hof in te lig ten opsigte van `n sekere tegniese, gedrags-, of wetenskaplike aspek, sonder om enige spesifieke inligting rondom die saak te hê. Dit is dus meer `n akademiese mening wat uitgespreek word.

Die rede vir die betrokkenheid van die deskundige getuie by die saak sal bepaal wat die optrede en voorbereiding van die persoon gaan wees. Indien hy direk by die saak betrokke is, sal hy `n volledige ondersoek na die beweerde oortreding moet doen. Die doen van so `n ondersoek sal volledig in Hoofstuk drie bespreek word.

Indien slegs selektiewe inligting beskikbaar is, sal die deskundige `n deeglike evaluering van die beskikbare feite moet maak. Indien die hof beslis dat die deskundige slegs oor `n sekere aspek moet getuig, sal dit wenslik wees om nie slegs die getuienis op algemene kennis te baseer nie, maar steeds deeglik voor te berei, deur bv. weer oor die onderwerp na te lees en op hoogte te kom van die nuutste inligting wat oor die onderwerp beskikbaar is.

Dit is verder wenslik dat die staatsaanklaer en die getuie vooraf met mekaar konsulteer oor wat elkeen se rol gaan wees. Die voorbereiding van die maatskaplike werker en die staatsaanklaer word later vollediger bespreek.

Wanneer `n deskundige getuie geroep word om te getuig, word hy gewoonlik eers ingesweer (Bernstein, 1977:414). Die aanklaer sal dan tydens ondervraging fokus op vrae wat daarop gerig is om aan die hof te bewys dat die persoon wel kwalifiseer as deskundige getuie (Myers, 1992:108). Dit is hier waar `n curriculum vitae voorgehou kan word. Die hof bevestig dan dat die persoon wel `n deskundige getuie is en mag getuig. Indien die deskundige getuie `n hofverslag geskryf het, sal die getuie sy verslag aan die hof voorlees, alvorens ondervraging sal begin. Indien daar nie `n hofverslag aangevra is nie, sal ondervraging dadelik begin. Die ondervraging word eerstens deur die staatsaanklaer gedoen waarna kruisondervraging deur die verdediging sal plaasvind.

Myers (1993:181) noem ook dat deskundige getuienis wat deur die staat geroep word, in twee kategorieë verdeel kan word: (a) deskundige getuienis wat direk handel oor seksuele misbruik en (b) deskundige getuienis wat bedoel is om die geloofwaardigheid van die kind se getuienis te versterk. Die deskundige getuienis wat direk handel oor die seksuele misbruik kan gesien word as getuienis oor dit wat die kind beleef het en emosies wat by die kind waargeneem is. Die getuienis om die geloofwaardigheid van die kind te versterk, fokus inteendeel eerder daarop om getuienis wat die kind afgelê het aan die hof te verduidelik. Die rede vir die betrokkenheid van die deskundige getuie sal die verloop van die getuienislewering bepaal.

## 3.3 DIE ROL VAN DIE DESKUNDIGE GETUIE

Alhoewel betrokkenheid by `n hofsaak oor seksuele molestering volgens Myers (1993:184) dikwels onaangenaam en moeilik is, het die deskundige getuie `n groot rol om te speel in die bepaling van die hof se reaksie op die seksuele misbruik. Die deskundige getuie is egter nie in die hof om enige iemand: skuldig te bewys, te verdedig, se gedrag te verontskuldig, te verskoon, te blameer, onskuldig te bewys of te veroordeel nie (Stern, 1997:8-9) maar eerder om sy kennis van die saak of van die onderwerp aan die hof mee te deel en om lig op die betrokke saak te werp. Die algemene reël is volgens Gothard (1989:66) dat nie `n leke getuie óf `n deskundige getuie mag getuig oor die geloofwaardigheid van `n getuie nie. Dit kan dus beweer word dat die deskundige getuie slegs in die hof is om die hof te onderrig rondom `n spesifieke saak of area.

Tydens die hofsaak sal die geloofwaardigheid van die deskundige getuie getoets word. Myers (1993:179) haal vir Black en Rheingold aan en noem dat om die geloofwaardigheid van die mening van die deskundige getuie te bepaal, daar sekere vrae is wat gevra behoort te word:

- Is alle relevante feite in berekening gebring?
- Hoe akkuraat is die feite waarop die mening gebaseer is?
- Het die deskundige begrip vir die onderliggende kliniese en wetenskaplike beginsels?
- Het die deskundige metodes van evaluering en analisering gebruik wat as aanvaarbaar erken word?
- Is die deskundige se veronderstellinge toepaslik?
- Is die deskundige redelik objektief?
- Was die proses van beredenering wat die deskundige toegepas het: logies, deurlopend dieselfde, verduidelikbaar, objektief en verdedigbaar?

Myers (1992:114-116) voel dat dit aanvaarbaar is vir die deskundige getuie om die volgende soort inligting as basis vir sy mening te gebruik:

- Die deskundige word wel toegelaat om sy mening te grond op dieselfde soort inligting wat hy in sy daaglikse take gebruik. Dit beteken dat inligting wat verkry is van die polisie of konsultasies met kollegas, ook gebruik kan word.
- Nadat die deskundige sy mening gelug het, behoort hy aan die hof `n aanduiding te gee van die inligting wat hy gebruik het om sy mening te vorm. Daarom word die deskundige toegelaat om alle inligting wat hy gebruik het om sy mening te vorm, te noem, selfs dié tipe inligting wat nie normaalweg in die hof toegelaat word nie.

Deskundige getuies mag ook gebruik maak van alle relevante kliniese, wetenskaplike, historiese en feitelike inligting wat oor die kind beskikbaar is (Myers, 1993:177). Johnson (1998) stel dit dat die deskundige getuie slegs relevante inligting moet gee. Deskundige getuies behoort egter openhartig te wees oor onsekerhede en swakpunte wat die waarde van hul bevindinge mag beïnvloed (Myers, 1993:177).

Daar is sekere aspekte rondom die rol wat die deskundige getuie in die hof speel, wat volgens De Villiers en Vorster (1994:12-13) en Stern (1997:9) in gedagte gehou moet word:

- Die voorsittende beampte moet oortuig word dat die getuie wel bevoeg is om as `n deskundige oor die betrokke onderwerp te getuig. Die getuie moet dus aan die hof sy kwalifikasies en ervaring met betrekking tot die onderwerp waaroor hy gaan getuig meld.
- Die getuie moet die gronde of redes waarop sy mening gebaseer is, aan die hof bekend maak. Hy sal nie net `n mening kan gee wat in die lug hang nie, dit moet verband hou met die feite van die saak.
- Die deskundige getuie moet aan die hof genoeg inligting gee dat die hof dit kan verstaan en dit kan interpreteer.
- Die deskundige getuie moet slegs inligting in die hof noem wat aanvaarbaar is binne sy professionele veld.

- `n Deskundige behoort `n verslag op te stel terwyl hy die feite van `n saak ondersoek. Voor of tydens getuienislewering mag hy dit dan as hulpmiddel aanwend deur sy geheue uit die verslag te verfris.
- Die hof is nie die plek om filosofiese professionele debatte te voer nie.
- Politieke sieninge mag nie in die hof genoem word nie.
- `n Deskundige kan in die getuiebank ook sy geheue uit handboeke verfris en hom met ander deskundige menings vereenselwig. Hy moet egter persoonlike kennis dra van die onderwerp waaroor hy getuig en waaroor hy uit die handboek aanhaal. Indien hy uit `n handboek voordra oor `n onderwerp waarvan hy nie self kennis dra nie, is sulke getuienis hoorsê en gevolglik ontoelaatbaar.

# 4. DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE

Soos aan die begin van die hoofstuk beweer is, is `n belangrike rol van die maatskaplike werker die van deskundige getuie. Mason (1992:30) stem hiermee saam as sy noem dat al hoe meer maatskaplike werkers deur die hof geroep word om as deskundige getuies op te tree omdat al hoe meer sake van seksuele misbruik na die hof gaan vir vervolging. Bernstein (1977:417) suggereer dat maatskaplike werkers vaardighede en opleiding het waaroor min ander mense beskik. Mason (1992:30) sluit hierby aan en noem dat maatskaplike werkers ook toenemend as deskundige getuies erken word omdat hulle meer dikwels met seksueel misbruikte kinders werk as die meeste ander professies. Die maatskaplike werker het die vermoë om die hof toe te lig oor `n wye verskeidenheid van probleme (Bernstein, 1977:417).

Die maatskaplike werker se rol as deskundige getuie moet gesien word teen die breë agtergrond van statutêre maatskaplike werk. Die praktiserende maatskaplike werker in Suid-Afrika kom feitlik daagliks volgens Van der Merwe (1987:19) met die regsinstelling en die regsproses in kontak. Statutêre maatskaplike werk word in die New Dictionary of Social Work (1995:62) omskryf as:

*"Specialised field in social work aimed at improving the social functioning of individuals, families and communities by applying administrative procedures prescribed by a written law of a legislative body"* (Vergelyk Stutterheim en Weyers, 1999:1)

Die take van die maatskaplike werker binne die statutêre veld kan hoofsaaklik volgens Howes (1990:68) gesien word as dienslewering aan strafhowe as proefbeampte; aan die kinderhof as maatskaplike werker en aan administratiewe howe as maatskaplike werker en wel in gevalle van onderhoud en kommittering na `n rehabilitasiesentrum. Forensiese maatskaplike werk is `n nuwe veld in maatskaplike werk, en dit kan as `n onderafdeling van statutêre maatskaplike werk gesien word, maar nie as `n vervanging van statutêre maatskaplike werk nie (Weyers, 1999:3)

Binne die veld van statutêre maatskaplike werk het `n spesialiseringsgebied ontwikkel wat in die besonder fokus op die rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie. Na hierdie veld word verwys as forensiese maatskaplike werk wat deur Weyers (1999:3) gedefinieer word as `n gespesialiseerde veld van maatskaplikewerk dienslewering wat gekenmerk word deur die maatskaplike werker se primêre funksie om deskundige getuienis aan die hof te lewer. Weyers (1999:4) noem dan ook vyf primêre funksies van forensiese maatskaplike werk waarvan drie vir die doeleindes van die navorsing bespreek word (vergelyk par. 3.2):

*Funksie 1*

- Om deskundige getuienis te voorsien of assessering te doen - wat gegrond is op die ondersoek van persone wat betrokke is – aan howe of wetlike gesagstrukture. In hierdie geval sal die maatskaplike werker direk by die saak betrokke wees deur `n ondersoek en assessering van die kind te doen. Getuienislewering in die hof sal normaalweg geskied deur `n verslag en getuienislewering sal voor skuldigbevinding plaasvind.

*Funksie 2*

- Om deskundige getuienis, wat nie gegrond is op ondersoek van die betrokke persone nie, aan howe te voorsien. In hierdie geval sal die maatskaplike werker nie spesifieke kennis van die saak hê nie, maar gevra word om in die algemeen te getuig oor aspekte rakende die onderwerp bv. algemene gedrag van `n kind wat seksueel gemolesteer is.

*Funksie 3*

- Om aanbevelings te maak aan die howe ten opsigte van toepaslike strawwe. Dit sal geskied deur middel van `n voorvonnisverslag wat meer fokus op die omstandighede van die oortreder en nie die van die slagoffer nie.

Dit kan dus gesê word dat `n baie belangrike deel van die maatskaplike werker se taak in forensiese maatskaplike werk is om as deskundige getuie vir die howe op te tree.

## 4.1 WAT DIE MAATSKAPLIKE WERKER VAN DIE REGSTELSEL BEHOORT TE WEET

In sy rol as deskundige getuie is daar eerstens sekere kennis waaroor die maatskaplike werker moet beskik. Tweedens sal sekere verwagtinge aan hom gestel word en laastens sal aandag gegee moet word aan bepaalde opleidingsaspekte in sy rol as deskundige getuie.

Raisbeck (1977:32) konstateer dat die maatskaplike werker wat as deskundige getuie in die hof optree, kennis moet dra van die bewysregreëls wat in die hof van toepassing is, anders sal dit die maatskaplike werker se bevoegdheid as deskundige getuie by die kliënt sowel as by die landdros in gedrang bring. Daar is twee reëls van die bewysreg wat volgens Howes (1990:70) van toepassing is en waarvan die maatskaplike werker kennis behoort te dra, nl. die hoorsê- en die beste-getuienis-reël. Daar is egter ook die versigtigheidsreël wat veral by sake waar kinders betrokke is, gebruik word. Daar is ook `n bewyslas wat bepaal dat `n persoon se skuld bewys moet word alvorens hy skuldig bevind kan word. Bogenoemde aspekte word vervolgens bespreek.

### 4.1.1 Die hoorsê-reël

Mason (1992:33) verduidelik hoorsê-getuienis as inligting wat buite die hof deur die getuie bekom is. Dit kan verduidelik word as inligting wat normaalweg van ander persone bekom is en nie self deur die getuie waargeneem of beleef is nie. Hierdie inligting word normaalweg nie aanvaar nie omdat die verdediging nie die eerste persoon wat die stelling gemaak het kan konfronteer of onder kruisverhoor kan neem nie. Raisbeck (1977:16) noem dat getuienis wat gelewer word, direk moet wees asook wat die persoon sélf gesien of beleef het.

Howes (1990:70) stel dit egter dat die verslag of getuienis van die maatskaplike werker nie aan hierdie reël onderworpe is indien die maatskaplike werker slegs by behandeling van die kind betrokke was en daar derhalwe slegs `n deskundige mening vereis word. As die maatskaplike werker egter `n hoofgetuie in die seksuele misbruiksaak is en `n ondersoek geloods het, sal dié reël geld en behoort alle inligting wat die maatskaplike werker in sy getuienis weergee, gestaaf te kan word.

### 4.1.2 Die beste-getuienis-reël

Howes (1990:70) stel die beste-getuienis-reël soos volg:

> *"Die hof moet die beste getuienis oor `n feit verkry, bv. die skrywer van `n brief is `n beter getuie as die brief. Indien die maatskaplike werker dus in `n verslag skryf: 'Psigometriese toetse wat deur `n sielkundige uitgevoer is, het bevind...' kan die hof die sielkundige subpoena (dagvaarding vir verskyning in die hof) om self te kom getuienis aflê."*

Dit kan dus afgelei word dat die maatskaplike werker so ver as moontlik van eerstehandse inligting gebruik moet maak. Indien `n sielkundige of ander tipe verslag aangehaal word, moet vooraf met die betrokke persoon ooreengekom word dat hy/sy moontlik gesubpoena kan word.

### 4.1.3 Die versigtigheidsreël

In gevalle waar daar onsekerheid bestaan oor die geloofwaardigheid van `n getuie word daar versigtigheidsreëls toegepas. In die geval van `n seksuele molesteringsaak, kan dit gebeur dat die hof twyfel aan die getuienis van die kind, weens faktore soos die ouderdom van die kind of teenstrydighede in die getuienis van die kind. Schlebusch (1995:35) verduidelik dat die versigtigheidsreëls in die hof gebruik word om `n beweerde oortreder wat onskuldig is te beskerm. Die versigtigheidsreël volgens Scheepers in Schlebusch (1995:35-36) behels dat die hof objektief moet wees ten opsigte van die klaer in `n seksuele saak, fyn na kinders moet luister en oordeelkundig moet wees wanneer dit kom by die enkelgetuie. Dit het egter die gevaar dat die landdros die versigtigheidsreël te streng kan toepas tot nadeel van die seksueel gemolesteerde kind.

### 4.1.4 Bewyslas

In die Suid-Afrikaanse regstelsel geld die veronderstelling dat `n persoon onskuldig is tot hy skuldig bewys is (Olivier, 1990:3). Dit beteken dat daar in die beskuldigde se onskuld geglo word totdat die aanklaer bo alle redelike twyfel kon bewys dat die persoon wel skuldig is. As daar aan die einde van die verhoor enige redelike twyfel bestaan of die beskuldigde skuldig is, moet die persoon die voordeel van die twyfel kry en onskuldig bevind word (Olivier, 1990:3). Een van die faktore wat daartoe aanleiding kan gee dat twyfel ontstaan, is volgens Olivier (1990:3) dat die getuienis van die staat se getuies onvolledig, onlogies, teenstrydig of onoortuigend is.

## 4.2 WAT VERWAG WORD VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE

In `n kriminele ondersoek na seksuele misbruik, moet die hof bewys of seksuele misbruik wel plaasgevind het of nie. Dit is hier waar die maatskaplike werker `n rol kan speel deur

die getuienis van die kind te versterk. Dit kan geskied deur bv. getuienis te lewer oor die emosionele skade aan die kind. Levett (1991:14) stel dit dat lewering van voldoende getuienis vir die verhoor van `n saak van seksuele misbruik konflik by baie maatskaplike werkers veroorsaak, aangesien die doel van maatskaplike werkers en soortgelyke professies eerstens gerig is op die herstel van die skade aan die kind en nie die insameling van bewysstukke of die evaluering van die skuld of onskuld van die seksuele oortreder nie. Johnson (1998) stel dit dat die maatskaplike werker moet weet vir wie hy optree in die hof. Eerstens is daar die regstelsel self en tweedens die kliënt of dan die kind. Daar moet egter teen partydigheid gewaak word en die getuie moet ten alle tye objektiwiteit nastreef. Van der Merwe (1987:21) noem egter dat maatskaplike werkers geneig is om regspraktisyns met wantroue te bejeën en dan veral bang is dat vertroulike getuienis misbruik sal word en verder dat hul objektiwiteit tydens voorlegging aan die hof onder verdenking geplaas sal word.

Volgens Johnson (1998) moet die maatskaplike werker wat in die hof optree, besef dat hy nie self verhoor word nie. Hy moet dit liewer sien as `n geleentheid om `n invloed uit te oefen op die hofgebeure. Volgens Potgieter (1998) verlaat maatskaplike werkers hulle egter op onderhoude en "gutfeelings", terwyl die hof op feite werk. Mason (1992:30) noem dat die maatskaplike werker geroep kan word as deskundige getuie, maar ook geroep kan word as `n direkte getuie oor wat hy gesien of gehoor het van die betrokke kind. In `n geval waar die maatskaplike werker as direkte getuie optree, mag hy egter nie `n mening huldig nie.

Mason (1992:34) het nadat sy `n totaal van 22 hofsake oor seksuele misbruik in die VSA bestudeer het, die volgende riglyne saamgestel waarvolgens die hof maatskaplike werkers as deskundige getuies aanvaar:

- Maatskaplike werkers word as deskundige getuies aanvaar indien hulle genoegsame ondervinding en opleiding het m.b.t. seksueel misbruikte kinders en nié buite hul ervaringsveld getuig nie, bv. oor die karakter van die oortreder eerder as oor die karakter van die kind.

- Alhoewel howe nog soms skepties is oor die wetenskaplike geldigheid van die gerapporteerde karaktertrekke van seksueel misbruikte kinders, sal die hof beskrywende getuienis in hierdie verband toelaat indien dit toegepas word op `n spesifieke kind of nadat die geloofwaardigheid van die kind as getuie krities beskou is.
- Alhoewel howe `n algemene beskrywing van die profiel van `n seksueel misbruikte kind sal aanvaar, is hulle onwillig as dit van toepassing gemaak word op `n spesifieke kind.
- Howe is dikwels onwillig om getuienis te aanvaar wat beweer dat seksueel misbruikte kinders nie jok of insidente fabriseer nie en nog minder as die maatskaplike werker getuig dat `n spesifieke kind nie leuens sal vertel nie.
- Howe sal wel hoorsê-getuienis van die maatskaplike werker m.b.t. `n spesifieke kind aanvaar, indien daar `n rede is waarom sodanige kind se getuienis nie voldoende sal wees nie.

Met bogenoemde in gedagte, moet die maatskaplike werker ook bedag wees daarop dat sy getuienis nie geredelik deur al die partye aanvaar sal word nie. Volgens Gothard (1989:65) kan die opponerende party beswaar aanteken teen `n spesifieke area van ondersoek, die kwalifikasies van die maatskaplike werker wat getuig as `n deskundige in daardie spesifieke veld, of teen `n individuele maatskaplike werker op grond van vooroordeel, gebrek aan insig, of dat die betrokke maatskaplike werker nie aan dieselfde ras of etniese groep as die kind of beskuldigde behoort nie.

## 4.3 OPLEIDING AAN MAATSKAPLIKE WERKERS

Die probleem met opleiding aan maatskaplike werkers vir optrede as deskundige getuie in die hof is volgens Potgieter (1998) dat die opleiding gedoen word deur mense wat nie self praktykervaring het nie. Maatskaplike werkers se basiese opleiding laat normaalweg nie genoeg ruimte toe vir intensiewe hofopleiding nie. Coetzee (1998) noem dat dit belangrik is dat die maatskaplike werkers oor `n regsagtergrond moet beskik. Die maatskaplike werker moet weet wat in die hof toelaatbaar is of nie. Die maatskaplike werker kan dus

self nalees oor regsprosedures en ander regsaspekte. Die beste opleiding vir hofoptrede is egter hofbywoning en hofoptrede, waardeur ondervinding opgedoen kan word.

Hoffmann (1986:7) noem dat daar twee vlakke is waarin die maatskaplike werker voorberei kan word vir diens aan die howe, nl. op universiteitsvlak en op organisasievlak. Op universiteitsvlak kan dit gedoen word deur programme op voor- of nagraadse vlak as deel van die kurrikulum aan te bied. Op organisasievlak kan indiensopleidingsprogramme aangebied word.

Hoffmann (1986:8) identifiseer nege doelwitte wat `n opleidingsprogram vir maatskaplike werkers vir diens in die regsisteem, behoort te bevat:

1. Om die filosofie onderliggend aan die totstandkoming van gesinshowe, te ondersoek.
2. Om basiese kennis in te win ten opsigte van;
   - die Suid-Afrikaanse regsisteem met die klem op die hiërargie van die howe, die struktuur en funksionering van die howe en
   * die bronne van die wet,
   * die klassifikasie van die wet
   * en die proses hoe geregtigheid geskied;
   – die Suid-Afrikaanse welsynsisteem en hoe die familiehowe in die sisteem geakkommodeer word.
3. Die bestudering van statistiek wat van toepassing is op die funksionering van gesinshowe.
4. Om die waardes van die regs- en welsynsisteme krities te ondersoek en met mekaar te vergelyk.
5. Om begrip en vaardighede by maatskaplike werkers te kweek vir diens in die regsisteem deur sekondêr in die sisteem te funksioneer.
6. Om vaardighede aan te leer vir samewerking in spanverband vir dienslewering binne die regsisteem.
7. Om met bekwaamheid te funksioneer op die terrein van gesinsgesentreerde maatskaplike werk, aangesien dit die basis vorm vir dienslewering in gesinshowe.

8. Om die gesin as `n sisteem te bestudeer, om gesinsgesentreerde maatskaplike werk te bevorder.
9. Om selfkennis en selfvertroue te ontwikkel vir maatskaplikewerkdienslewering binne die regsisteem.

Daar kan ten slotte genoem word dat Van der Merwe (1987:22) daarop dui dat opleidingsentra vir regspraktisyns weinig of geen toepaslike maatskaplikewerkkomponente in leerplanne ingebou het nie, wat wedersydse begrip binne die regs- en maatskaplikewerkprofessies bemoeilik.

## 5. DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE OOR SEKSUELE MOLESTERING

Die maatskaplike werker kan as deskundige getuie in seksuele molesteringsake `n baie belangrike rol speel. In `n seksuele molesteringsaak is die beweerde gemolesteerde kind dikwels die belangrikste getuie van die gebeure. Die hof moet dan die kind se getuienis evalueer. Dit is hier waar die maatskaplike werker volgens Coetzee (1998) vir die hof kan riglyne stel oor hoe om die kind (veral die kind onder 8 jaar) te evalueer, veral met betrekking tot die kognitiewe en funksionerende ontwikkeling van die kind. Die maatskaplike werker mag egter nie self die kind se getuienis evalueer nie, maar kan wel sekere aspekte van die kind se getuienis verduidelik. Die kind sal bv. in sy getuienis noem dat die gebeure in `n pienk huis plaasgevind het, terwyl geeneen van die betrokke partye in `n pienk huis woon nie. Die maatskaplike werker kan dan aan die hof verduidelik dat die kind te jonk is om kleure te onderskei en slegs pienk kan onthou, óf die kind sal sê dat die molesteerder `n mes gehad het, maar eintlik praat van die penis (Coetzee, 1998).

Dit is volgens Coetzee (1998) uiters belangrik dat die maatskaplike werker wat hieroor gaan getuig, ondervinding van gemolesteerde kinders moet hê. Soos reeds bespreek, mag `n deskundige getuie, insluitend `n maatskaplike werker, in die hof van menings gebruik maak. Deskundige getuies oor die seksueel misbruikte kind grond volgens Myers (1993:177) hul menings op die onderhoud met die kind, moontlike vorige verslae oor die

kind, oudio- en video-opnames van onderhoude met die kind, onderhoude met ander professionele persone of die ouers van die kind en kennis van die onderwerp in die algemeen.

Myers (1993:178) haal vir Friedrich, *et al.* aan en noem dat menings oor seksuele misbruik verskeie vorme kan aanneem. Die meer direkte vorm kan wees dat die deskundige reguit sê dat na sy mening, die kind seksueel misbruik is. Alternatiewelik kan die deskundige getuie noem dat na sy mening die kind se gedrag en simptome ooreenstem met seksuele misbruik of dat die kind ongewone seksuele kennis of gedrag openbaar vir sy ontwikkelingstadium. Coetzee (1998) noem verder dat die deskundige getuie moet getuig oor die trauma waardeur die kind is. Eerstens moet die vlak van funksionering van die kind aandag kry en tweedens die sielkundige skade wat waargeneem word.

Myers (1993:176) vestig die aandag op die feit dat die belangrikste faktore om as deskundige getuie te kwalifiseer, ondervinding met seksueel misbruikte kinders en kennis van die nuutste relevante literatuur is. Johnson (1998) sluit hierby aan deur te noem dat vaardigheid as deskundige getuie nie berus op professionele status nie, maar op addisionele kennis oor en insig wat van die saak bekom is. Besondere kennis is dus nodig om as `n deskundige getuie in `n seksuele molesteringsaak te kan getuig, hetsy akademies of fisies van aard. Die maatskaplike werker wat getuig, moet verder volgens Engelbrecht (1998) besef dat die hof nie gebind word deur sy mening nie en dat literatuur as bronne aangehaal kan word. Die getuie moet dan die betrokke literatuur in die hof beskikbaar hê. Dit is dan net belangrik dat die getuie nie net uit bronne sal aanhaal nie, maar ook `n eie mening sal kan lewer.

Engelbrecht (1998) maak die stelling dat indien die hof nie die maatskaplike werker se getuienis aanvaar nie, hy nie moet voel dat hy gefaal het nie. Dit kan moontlik wees dat daar nuwe inligting in die hof na vore gekom het waaroor die maatskaplike werker nie beskik het nie, maar wat die saak en uitspraak beïnvloed het.

Ceci en Bruck (1995:271-272) dui op die volgende aspekte wat die maatskaplike werker in die hof in ag moet neem ten opsigte van die kind se vatbaarheid vir suggestie:

1. Die ouderdom van die kind speel `n gewisse rol in sy vatbaarheid vir suggestie. Voorskoolse kinders is die meeste vatbaar vir invloede wat tot `n onbetroubare weergawe van die gebeure kan lei.
2. Alhoewel jong kinders normaalweg wel die gebeure akkuraat kan weergee, kan daar inderdaad foute gemaak word – veral wanneer die kind blootgestel was aan `n suggestiewe onderhoud.
3. Of daar stappe geneem is om suggestiewe faktore te elimineer.
4. Die hof moet ook die waarde besef van die kompleksiteit van die verband tussen die faktore wat die kind se weergawe van die gebeure beïnvloed het.

Karasov en Lansing (1995:113-120) gee `n aanduiding dat getuienis wat in die volgende vorm aangebied word deur die hof as toelaatbare getuienis aanvaar sal word:

- Mishandelde kind sindroom.
- Karaktereienskappe van seksueel misbruikte kinders.
- Karaktereienskappe van seksueel misbruikte adolessente.
- `n Mening dat die slagoffer seksueel misbruik is.
- Die kind as slagoffer se geneigdheid om terug te deins.
- "Shaken Infant Syndrome".
- Buitengewone seksuele kennis van die slagoffer.
- Karaktereienskappe van fisies mishandelde kinders.
- Fetale alkoholsindroom.
- Bloed- en genetiese tipering.

As getuienis egter op die volgende wyses aangebied word, is dit nie in die hof toelaatbaar nie:

- "Rape Trauma Syndrome'
- Mishandelde-ouersindroom (behalwe wanneer toegelaat word).

- Die slagoffer se opregtheid.
- Profiel van die seksuele oortreder.
- Gebrek aan intelligensie van die verweerder.
- Mening oor die identiteit van die molesteerder.

## 6. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar `n samevatting gegee van die rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie in die hof in die algemeen, maar ook met besondere verwysing na die gemolesteerde kind.

Daar is eerstens helderheid verkry oor wat deskundigheid behels en wat die betekenis van die term "deskundigheid" is. Dit is opgevolg met `n verduideliking van wie as deskundige getuie kwalifiseer voordat oorgegaan is na `n uiteensetting van die rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie. Dit is opgevolg met `n bespreking van die maatskaplike werker in sy rol as deskundige getuie ten opsigte van die gemolesteerde kind.

In hierdie hoofstuk is verduidelik dat die rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie gesien moet word teen die breëre agtergrond van statutêre werk, en binne die ontluikende vertakking van forensiese maatskaplike werk.

Die afleiding wat op grond van die inhoud van die hoofstuk gemaak kan word, is dat die rol van `n deskundige getuie `n besondere rol is wat met groot omsigtigheid bedink en beskryf moet word omdat daar bepaalde verwagtinge is waaraan so `n persoon moet voldoen.

Die volgende hoofstuk word gewy aan die maatskaplikewerkondersoek en die hofverslag as aanloop tot optrede as deskundige getuie.

**HOOFSTUK 3**

# DIE MAATSKAPLIKEWERK-ONDERSOEK TEN OPSIGTE VAN KINDERMOLESTERING

*"...sexual abuse continues to remain an ugly, intrusive violation of another person's integrity and of the innocence of a child and selfhood.'*

*Jacobs (1988:10)*

## 1. INLEIDING

Voordat die maatskaplike werker as deskundige getuie in die hof kan getuig, moet daar eers ondersoek ingestel word na die kind se omstandighede en na die omstandighede rondom die beweerde seksuele misbruik. Die maatskaplike werker moet bewus wees daarvan dat daar nie in alle gevalle waar die maatskaplike werker as deskundige getuie moet optree, 'n formele ondersoek gedoen sal word nie. Daar sal ook nie in alle gevalle 'n skriftelike verslag opgestel word nie.

In hierdie hoofstuk sal gekonsentreer word op die situasie waar die ondersoek na seksuele molestering van die kind, rondom bepaalde gegewens handel. Daar sal aandag gegee word aan die ondersoek wat die maatskaplike werker sal doen met die oog op dienslewering aan die hof as deskundige getuie, spesifiek waar daar 'n hofverslag geskryf moet word. Bepaalde faktore wat in die maatskaplike werker se ondersoek aandag behoort te geniet, soos die voorbereiding op die ondersoek, onderhoud met die kind, samewerking met ander professies en uiteindelik die korrekte saamstel van 'n hofverslag, sal bespreek word. Dit is belangrik dat die ondersoek 'n bepaalde patroon volg. Die fases van die ondersoek speel 'n rol in hoe objektief die evaluering van die inligting gedoen word. Volgens Potgieter

(1998) behoort `n kliniese of forensiese assessering van die kind eerste te geskied. Die terapeut wat die assessering doen, behoort geen inligting rondom die kind te hê nie. Met die forensiese assessering word `n profiel van die kind saamgestel wat aandui of die kind die waarheid gepraat het, of beïnvloed kon gewees het. Daarna word verdere inligting ingewin en uiteindelik `n hofverslag saamgestel.

Die manier waarop die ondersoek gedoen word en die hofverslag saamgestel word, kan `n deurslaggewende rol speel in die uiteinde van die saak. Die doel van hierdie hoofstuk is om die maatskaplike werker se rol ten opsigte van bostaande aspekte te ondersoek.

## 2. VOORBEREIDING

Die voorbereiding vir die ondersoek speel `n belangrike rol om `n suksesvolle ondersoek te loods. Indien die persoon wat die ondersoek voer nie voldoende voorbereid is nie, nie oor voldoende kennis beskik en nie die regte prosedure volg nie, kan dit tot verdere emosionele skade by die seksueel gemolesteerde kind lei. Alhoewel dit kan gebeur dat daar nie altyd tyd vir genoegsame voorbereiding is nie, bv. wanneer onmiddellike optrede vereis word, is dit wel nodig dat die maatskaplike werker `n genoegsame kennis van die prosedure rondom die ondersoek na seksuele molestering sal hê om te dien as basis, indien daar dadelik opgetree moet word. Vervolgens sal daar gekyk word na die voorbereiding wat die maatskaplike werker behoort te doen. Dit behoort sover moontlik voordat die ondersoek gedoen word, te geskied.

### 2.1 ALGEMENE VOORBEREIDING

Dit is belangrik dat die maatskaplike werker moet kennis dra van watter gedrags- en emosionele simptome by die seksueel misbruikte kind mag voorkom. Myers (1993:182) noem dat sekere gedrag en nagevolge by die kind meer geneig is om te dui op seksuele misbruik. So kan `n kind bv. buitengewone seksuele kennis vir die ontwikkelingsfase of seksuele spel openbaar. Waterhouse en Carnie (1992:55) noem verder dat fisiese

simptome van molestering selde sigbaar/waarneembaar is. Wanneer dit egter wel sigbaar/waarneembaar is, dien dit as sterk bewyslewering. Yuille, *et al.* in Ney (1995:25) noem verder dat seksuele gedrag by `n kind `n aanduiding is van seksuele invloede in die kind se agtergrond. In hierdie verband kan daar verskillende moontlikhede wees, soos bv. die moontlikheid van seksuele gedrag van `n volwassene, maar ook `n oordrewe seksueel-stimulerende omgewing, aktiewe seksuele gedrag by die portuurgroep, ontoepaslike grense in die gesinsisteem, of versterking van seksuele gedrag wat deur die kind openbaar word.

Seksuele gedrag wat by `n kind voorkom, moet altyd versigtig deur die ondersoekbeampte benader word, maar daar moet onthou word dat seksuele gedrag by die kind nie noodwendig dui op molestering nie (Yuille, *et al.* in Ney, 1995:25). Die maatskaplike werker moet dus die verskil kan identifiseer tussen normale seksuele spel en abnormale seksuele gedrag wat die kind toon. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker `n lys van identifiserende items sal saamstel wat kenmerkend is van seksuele molestering, sodat dit gekontroleer kan word tydens die eerste onderhoud. Daar kan onderskei word tussen fisiese en gedragstekens. Volgens Herbert (1989:91-92), Pietersen (1990:5) en Waterhouse en Carnie (1992:55) kan daar na die volgende fisiese en gedragstekens opgelet word:

***Fisieke tekens***

- Slapeloosheid, nagmerries en vrees vir donker.
- Kneusplekke, skraapmerke, bytmerke.
- Bed natmaak.
- Vae pyne en krampe.
- Jeukerigheid of seerheid.
- Depressie, selfmoordpogings.
- Anorexia nervosa.
- Eetversteurings of verandering in eetpatroon.
- Ondervind probleme om te loop of sit.
- Swangerskap - in besonder waar die kind die vader se naam nie bekend gemaak wil hê nie.

- Urine probleme.
- Vaginale infeksies of genitale/anale skade.
- Geslagsiektes.

***Gedragstekens***

- Gebrek aan vertroue in volwassenes.
- Vrees vir `n spesifieke individu.
- Onttrekking en introversie.
- Wegloop van die huis.
- Dogter neem die moederrol oor.
- Skielike skoolprobleme, slordigheid en dalende standaarde.
- Lae selfbeeld en lae verwagting van ander.
- Diefstal.
- Dwelm-, alkohol- of substansiemisbruik.
- Pre-okkupasie met seksuele voorwerpe.
- Onbewaakte seksuele toenaderings.
- Oormatige gehuil.
- Openbaar meer seksuele kennis as normaal vir die ouderdom.
- Seksuele tekeninge.
- Geïrriteerdheid.
- Weerloosheid teen seksuele en emosionele uitbuiting.
- Vrees vir skoolbywoning of mediese ondersoeke.
- Verlies van eetlus.
- Selfmoordneigings.
- Prostitusie.

# 3. AANMELDING

Die korrekte hantering van `n aanmelding is `n baie belangrike aspek in die ondersoek na seksuele molestering. Reeds met die aanmelding kan `n evaluering gemaak word van die

motief vir die aanmelding. Yuille, *et al.* in Ney (1995:29) noem dat daar verskeie redes is waarom `n onjuiste beskuldiging gemaak kan word, bv. as die ouers in `n dispuut is oor die toesig van die kind by `n egskeidingsgeding. Cooper en Ball (1991:85) sluit hierby aan en noem dat valse beskuldigings ook bv. gemaak kan word deur persone wat self hul kinders mishandel en net wraak wil neem op ander persone wat hulle aangemeld het. Persone wat `n alternatiewe leefwyse handhaaf, mag ook onregverdige belangstelling ontlok.

## 3.1 DIE HANTERING VAN DIE AANMELDING

Persone wat bewus is van `n kind wat seksueel gemolesteer of mishandel word, word deur die wet verplig om dit aan te meld. Artikel 4 van die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld, No. 133 van 1993, stipuleer dat:

"Enige persoon wat `n kind ondersoek, behandel, aan hom aandag, advies of onderrig gee of versorg onder omstandighede wat die redelike vermoede behoort te laat ontstaan dat sodanige kind mishandel is of aan enige besering ly waarvan die oorsaak waarskynlik opsetlik was, moet onmiddellik daardie omstandighede:

a) aan `n polisiebeampte; of
b) aan `n kommissaris van kindersorg of `n maatskaplike werker soos bedoel in artikel 1 van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983),

rapporteer."

Dit kan dus gesê word dat `n aanmelding normaalweg gedoen sal word deur `n persoon wat betrokke is by die kind, bv. `n geneesheer, onderwyser of familielid. Enige persoon wat egter rede het om te vermoed dat daar in `n kind se lewe wanpraktyke plaasvind, kan `n aanmelding doen by `n polisiebeampte of `n maatskaplike werker.

Wanneer `n maatskaplike werker (of ander professionele persoon) `n aanmelding van seksuele molestering ontvang, is die korrekte hantering van die aanmelding baie belangrik, aangesien dit die basis lê vir die res van die ondersoek en daaropvolgende getuienislewering wat moontlik later in die hof kan volg. Inligting soos die wyse van aanmelding (persoonlik, telefonies of ander) wie die aanmelding gedoen het en hoe die

aanmelding gedoen is, is belangrik. Dit is eerstens noodsaaklik dat `n aanmelding van seksuele misbruik so spoedig moontlik opgevolg word. Cooper en Ball (1991:86-87) verduidelik egter dat hoe snel opgetree behoort te word, van saak tot saak kan verskil. In sekere gevalle is dit belangrik om dadelik (binne 2 ure) op te tree, waar in ander sake dit belangrik is om eers voor te berei of agtergrondinligting te probeer verkry, uit bv. bestaande lêerinhoud.

Daar is egter meer as een opvatting van watter soort inligting tydens `n aanmelding verkry moet word. Eerstens is daar die mening dat daar met die aanmelding alreeds soveel as moontlik inligting ingesamel moet word, afhangende van die hoeveelheid inligting waaroor die aanmelder beskik. Tweedens is daar ander denkwyses soos dié van Engelbrecht (1998) wat voel dat die maatskaplike werker voor die eerste onderhoud met die kind so min as moontlik inligting rondom die kind en die beweerde seksuele misbruik moet hê ten einde meer objektief te bly.

Indien na die eerste opvatting gekyk word wat deur Cooper en Ball (1991:85-86) ondersteun word, kan daar tydens die aanmelding aan die volgende aspekte aandag gegee word:

- Wie die persoon is wat die aanmelding doen, wie die kind is wat betrokke is en moontlik wie die beweerde oortreder is?
- Wat het gebeur of wat het die vermoede by die aanmelder laat ontstaan dat die kind moontlik seksueel gemolesteer word?
- Waar het die beweerde insident of insidente plaasgevind?
- Wanneer het die beweerde insident of insidente plaasgevind?
- Kan die persoon moontlik sê hoekom die insidente plaasgevind het?
- Watter van die bogenoemde inligting het die aanmelder self beleef?
- Indien vae opmerkings gemaak word, behoort die aanmelder gepols te word vir meer besonderhede.

In die onderhoud met die aanmelder moet vrae so gestel word dat dit antwoorde kan gee op doelstellings vir die verdere ondersoek. Du Toit (1990:1) meld dat indien die maatskaplike

werker self `n verklaring afneem én dit op standaard is, die polisie nie weer een sal afneem nie.

Die navorser ondersteun die siening dat `n meer objektiewe assessering van die kind gedoen kan word indien die maatskaplike werker aanvanklik nie oor enige inligting rondom die kind beskik nie. Indien moontlik, is dit goed om die telefoonnommer en adres van die aanmelder te hê om later tydens die ondersoek die inligting wat van die kind ontvang is ook te verifieer met die inligting van die aanmelder en om verdere inligting te bekom.

Die vraag ontstaan egter wat die faktore behels wat gebruik kan word om te bepaal of dit `n valse aanmelding is of nie. Indien `n valse aanmelding gemaak word, en die kind onnodig assesserings en onderhoude moes ervaar, kan dit `n traumatiese belewenis vir die kind wees. Indien die maatskaplike werker beskik oor fasiliteite soos `n onafhanklike persoon wat `n RP-assessering kan doen, is dit miskien wenslik om self soveel as moontlik inligting met die aanmelding te verkry om te evalueer of die aanmelding eg is of nie. Indien `n grondige vermoede bestaan dat die aanmelding wel eg is, kan die kind dan vir `n assessering verwys word.

Indien die maatskaplike werker nie oor eksterne fasiliteite beskik nie, is dit miskien wenslik om wel soveel inligting as wat nodig is om `n evaluering te maak, tydens die aanmelding te verkry, self `n wetenskaplike metode van assessering van die kind te gebruik, níe leidende vrae aan die kind te vra nie en objektief te bly. Indien die aanmelding deur `n polisiebeampte of regsbeampte gedoen word, kan die maatskaplike werker vra dat inligting oor die kind eers teruggehou word. Indien die maatskaplike werker oor te veel inligting beskik oor wat na bewering met die kind gebeur het, sal dit `n objektiewe assessering bemoeilik. Nadat die assessering gedoen is, sal die inligting weer opgevolg word.

Dit is dan belangrik dat, nadat die aanmelding gedoen is, `n volledige ondersoek gedoen sal word. Dit is verder belangrik dat die ondersoek volgens `n raamwerk, sistematies

gedoen sal word ten einde in die beste belang van die gemolesteerde kind op te tree. Op grond van die sienswyses van Potgieter (1998), Joubert (1995:7-22) en Stutterheim (1995:30-38) kan die volgende raamwerk voorgestel word waarvolgens `n ondersoek behoort te geskied:

1. Voorbereiding vir die ondersoek.
2. Assessering van die kind. Dit sal die vorm aanneem van `n wetenskaplike assessering van die kind, en/of onderhoud met die kind, en/of spelterapie met die jonger kind.
3. Die opvolg van inligting wat by die kind verkry is. Dit kan die vorm aanneem van die insameling van fisiese bewyse, ander inligting rondom die kind, inligting rakende die gesin, inligting rondom die beweerde oortreder en indien nodig, verdere onderhoude met die kind.
4. Die insameling van inligting by ander bronne, bv. lede van ander professies.

`n Belangrike deel van die ondersoek is dat ander bronne geraadpleeg word om meer inligting te verkry. Van die bronne wat geraadpleeg kan word, is: die gemeenskap, die polisie of kinderbeskermingseenheid, die mediese professie, die regsbeampte, die sielkundige, die onderwyser en die leraar. Vervolgens sal daar in meer besonderhede na bogenoemde aspekte gekyk word.

## 4. ASSESSERING

Die deel van die ondersoek wat sekerlik die belangrikste is, is die deel met die kind self. Dit is verder uiters belangrik dat die ondersoek met die kind self reg hanteer word om enige verdere emosionele skade aan die kind te voorkom. Van der Westhuizen (1998) stel dit dan ook dat dit uiters belangrik is om op `n objektiewe wyse `n verklaring van die kind te verkry wat dan die vermoede van molestering sal bevestig óf die teendeel sal bewys. Dit is verder belangrik dat die maatskaplike werker nie die kind moet lei in die assessering nie en daarom is die gebruik van `n wetenskaplik gefundeerde model, soos die RP-model, wenslik. (Die RP-model sal later in die hoofstuk kortliks bespreek word.) Alle

maatskaplike werkers het egter nie altyd toegang tot fasiliteite soos die RP-model nie en moet `n assesseringsonderhoud self behartig. Dit is egter belangrik dat die maatskaplike werker wel bekwaam sal wees om `n assessering te kan doen. Daar sal vervolgens riglyne gegee word vir hoe `n assesseringsonderhoud met die beweerde seksueel gemolesteerde kind behoort te geskied.

## 4.1 VOORBEREIDING VIR DIE ONDERHOUD MET DIE KIND

Daar is `n paar basiese aspekte wat in die voorbereiding vir die onderhoud met die kind in ag geneem behoort te word.

### 4.1.1 Beplanning vir die onderhoud

Met enige onderhoud met `n kind is voorbereiding vir die onderhoud baie belangrik. Soveel te meer vir `n onderhoud met `n seksueel gemolesteerde kind. `n Kind wat aan die trauma van seksuele molestering blootgestel is, ervaar `n gevoel van vrees en onsekerheid tydens `n onderhoud. Indien die onderhoudvoerder onvoorbereid vir die onderhoud is, kan dit daartoe lei dat hy onseker tydens die onderhoud optree en dit kan weer die kind se angstigheid verhoog.

In die beplanning vir die onderhoud moet die maatskaplike werker die ontwikkelingsfase van die kind in ag neem. Bezuidenhout (1995:9) noem dat die fases waarin `n onderhoud met die kind kan realiseer, die kleutertydperk (2 tot 6-jarige ouderdom), die middelkinderjare (6 tot 12-jarige ouderdom) en adolessensie (13 tot 21-jarige ouderdom) is. Daar moet egter onthou word dat volgens die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983, `n persoon slegs as `n kind gereken word, indien hy onder die ouderdom van 18 jaar is. Die maatskaplike werker sal dus nooit in hierdie opset `n onderhoud voer met `n persoon bo die ouderdom van 18 jaar nie.

In Joubert (1995:12) word genoem dat in die beplanning van die onderhoud, die maatskaplike werker ook duidelik moet uiteensit wat die doel van die onderhoud behoort te wees, nl.:

- Om terapeutiese ondersteuning aan die kind te verskaf.
- Om die korrektheid of die valsheid van die beweerde seksuele molestering op so `n wyse te bekom dat die kind die minste bedreigd sal voel en die inligting sodanig sal verskaf dat dit in hofsake gebruik sal kan word.
- Om die kind se behoeftes te evalueer.

### 4.1.2 Plek van die onderhoud

Dit is belangrik om die onderhoud met die kind te voer in `n plek waar die kind tuis en gemaklik sal voel. In Joubert (1995:12) word ook genoem dat die ideale lokaal vir `n onderhoud een is waarin die kind kan ontspan en wat aansluiting vind by die kind se leefwêreld. Indien dit `n jonger kind is, sal `n vertrek met speelgoed meer geskik wees. Die ideaal sou dus wees om `n vertrek as 'speelvertrek' ingerig te hê waar daar `n groot verskeidenheid speelgoed beskikbaar is sodat die kind kan kies waarmee hy wil speel. By `n ouer kind of adolessent sal `n vertrek met gemaklike rusbanke en kussings miskien meer gemaklik wees. Stutterheim (1995:32) sluit hierby aan en noem dat die onderhoud nooit behoort plaas te vind in die plek waar die molestering na bewering plaasgevind het nie. Dit is verder ook belangrik dat die onderhoudvoerder op dieselfde vlak as die kind sal beweeg, bv. deur saam met `n kleiner kind op die vloer te speel.

### 4.1.3 Video-opnames

Engelbrecht (1998) noem dat die onderhoud of assessering met die kind, sover moontlik, op band of op video opgeneem behoort te word. Dit is, soos in alle gevalle, baie belangrik dat géén leidende vrae aan die kind gevra word nie. `n Transkripsie van die opname sal in

die hof gebruik word. Indien daar misverstande uit die transkripsie ontstaan, moet die maatskaplike werker dit dan in die hof verduidelik of interpreteer.

Stutterheim (1995:33) noem verder dat `n video-opname ook gebruik kan word om na die onderhoud te kyk na nie-verbale gedrag wat nie tydens die onderhoud opgemerk is nie. Dit kan ook help in die beplanning van die ondersoek deurdat dit aan ander professionele persone gewys kan word ten einde te verhoed dat dieselfde vrae deur verskillende persone aan die kind gevra word.

### 4.1.4 Speelapparaat

`n Kind, veral 'n baie jong kind, het nie die verbale vermoë van `n volwasse persoon nie. `n Kind gee normaalweg uitdrukking aan sy gevoelens en gedagtes deur spel. Die seksueel gemolesteerde kind behoort dan ook nie volgens Joubert (1995:12) aan bande gelê te word betreffende sy gedrag tydens die onderhoud nie. Stutterheim (1995:33) waarsku net dat die vertrek nie oorlaai moet wees met te veel speelgoed nie, aangesien dit ook daartoe kan lei dat die kind nie konsentreer nie.

Indien `n spesifieke speelvertrek nie vir die onderhoud beskikbaar is nie, is dit wenslik om `n groot tas of kartondoos vol speelgoed beskikbaar te hê, waaruit die kind dan kan kies waarmee hy wil speel. Die maatskaplike werker moet egter net altyd versigtig wees om nie sommer afleidings rondom die spel van die kind te maak nie, maar eerder die kind te vra om dit waarmee hy besig is, te verduidelik. Joubert (1995:12) gee die volgende riglyn vir speelapparaat wat verkieslik vir die onderhoud beskikbaar moet wees:

- `n Verskeidenheid van handpoppe, verkieslik `n 'goeie' en 'slegte' handpop.
- `n Pophuis, verkieslik een met alle moontlike vertrekke.
- Tekenmateriaal soos papier, kleurkryte en -potlode.
- Klei.
- `n Speelgoedtelefoon.
- Speelgoedmotortjies, bv. ambulanse en polisiemotors.

- `n Verskeidenheid van dierekarakters.
- Anatomies korrekte poppe.

Glaser en Frosh (1988:85) noem dat daar met die ouer kind `n minder gespesialiseerde onderhoud gevoer sal word. Hoe ouer die kind dus word, hoe minder sal daar van speltegnieke gebruik gemaak word. Glaser en Frosh (1988:88) noem verder dat `n ouer kind, bv. eerder sal teken. Daar kan by `n adolessent ook van die skryf van stories of invul van vraelyste wat vir die doel ontwerp is, gebruik gemaak word. Wat egter met `n spesifieke kind gedoen word, sal ook grootliks van die kind self afhang, bv. die intelligensievlak en ontwikkelingsfase waarin die kind is.

## 4.2 METODES

Dit is belangrik dat die maatskaplike werker wat `n ondersoek na seksuele molestering doen, kennis sal dra van die verskillende assesseringsmetodes wat beskikbaar is en gebruik kan word.

### 4.2.1 Wetenskaplike metodes

`n Voorbeeld van `n wetenskaplike model wat gebruik kan word, is die RP-model (Potgieter, 1998). Deur die gebruik van `n wetenskaplike model of proses soos die RP-model (Coetzee, 1998) kan daar ingegaan word op wie die trauma by die kind veroorsaak het.

***DIE RP-MODEL***

Daar word twaalf verskillende metodes in die model aangewend wat wissel tussen spel, tekeninge en projektiewe tegnieke. Die kind word ten opsigte van die volgende aspekte geassesseer: taalontwikkeling, motoriese en perseptuele vaardighede, selfbeeld, verhouding met beide ouers, stiefouers, sibbe, en naaste familielede, houding teenoor die

skool en onderwysers, portuurgroep, temperament, persoonlikheidsontwikkeling, emosionele ontwikkeling, die tekens van moontlike trauma en emosionele en gedragsprobleme. Die assessering van die kind word dan in `n assesseringsverslag weergegee.

Die model voldoen verder aan die vereistes vir geldigheid en betroubaarheid. Die assessering word blind gedoen, met ander woorde, die terapeut het geen voorafkennis van die kind nie, behalwe sy naam en ouderdom.

### 4.2.2 Spelterapie

`n Kind kan nie soos `n volwassene, dit wat hy dink en voel verbaliseer nie. `n Kind kommunikeer deur spel. Bezuidenhout (1995:38) sluit hierby aan en noem dat spel `n kind se natuurlike omgewing is en dat indien die kind bedreig voel, hy homself deur middel van spel van die situasie kan distansieer. Die gebruik van spelterapie deur die maatskaplike werker moet egter versigtig hanteer word en daar moet daarteen gewaak word dat daar nie te vinnig afleidings gemaak word nie. Daar is verskeie vorme van spel en speltegnieke wat tydens die onderhoud gebruik kan word. `n Paar speltegnieke word kortliks verduidelik:

***Anatomies korrekte poppe***

Johnson en Friend (Ney, 1995:53) noem dat die mees betroubare gebruik van anatomies korrekte poppe `n instrument is waarmee die kind kan demonstreer wat met hom gebeur het nadat hy verbaal reeds van die gebeure vertel het. Die maatskaplike werker moet egter in gedagte hou dat die poppe die kind kan ontstel. Dus moet die werker oor die regte vaardigheid beskik om die poppe reg aan te wend. Bezuidenhout (1995:40) meld dan ook dat anatomies korrekte poppe gebruik kan word ten einde die kind te help om sy ervaring uit te leef. Bezuidenhout (1995:40) gee verder die volgende riglyne by die gebruik van anatomies korrekte poppe:

- Gebruik dit binne `n gestruktureerde onderhoud.
- Verduidelik aan die kind die verskil tussen anatomies korrekte poppe en gewone poppe (geslagsdele).

- Stel die kind voor aan die poppe.
- Laat die kind toe om die poppe te ondersoek en self te kies.
- Gee die kind die geleentheid om geslagsdele van anatomies korrekte poppe te identifiseer.
- Gee erkenning aan die kind se kommunikasie, byvoorbeeld alternatiewe woorde vir byvoorbeeld "anus" of "vagina".
- Laat die kind `n onderskeid tref tussen volwasse en kinderpoppe.
- Namate die kind gewoond raak aan poppe, kan die werker die kind waarneem of vra om te demonstreer wat gebeur het.
- Terwyl die kind met anatomies korrekte poppe speel, moet die maatskaplike werker aandagtig luister. Oop en opvolgvrae kan gevra word. Vermy egter leidinggewende vrae.
- Identifiseer dreigemente.

***Tekeninge***

Teken is `n manier waarop die kind uiting kan gee aan sy gevoelens sonder dat hy op enige manier bedreig of onder druk voel. Deur te teken, is die kind ook nie gebonde aan taal- of kultuurstruikelblokke nie en hy kan dus vrye uiting aan sy gevoelens gee. Stutterheim (1995:9) voeg by dat verf en/of die maak van figure uit speelklei ook gebruik kan word. Oaklander in Bezuidenhout (1995:41) noem dat tipes tekeninge wat gebruik kan word, insluit: wêreldtekeninge, gesins-/familiesketse, die roosbos (fantasie, bv. waarom het die bos nie blare nie, ens.), krabbel, vrye teken en vinger- en voetverf.

## 4.3 ONDERHOUD MET DIE KIND

Die maatskaplike werker wat met die kind `n onderhoud voer moet ingedagte hou dat daar dikwels teenstrydighede in die kind se beskrywinge van die misbruik kan voorkom. Myers (1992, 136-137) haal vir Fivush, *et al.* en Hudson aan en noem dat daar veral drie nadruklike redes is waarom kinders se weergawe van misbruik dikwels teenstrydighede bevat:

1. Wanneer `n kind herhaaldelik oor `n tydperk van maande en jare seksueel misbruik word, vloei die verskillende gebeure vir die kind ineen. Wanneer die kind dan gevra word om `n spesifieke insident te beskryf, kan hy verward raak en dit lei tot teenstrydige beskrywings van insidente.
2. Die psigologiese effekte gepaardgaande met openbaarmaking, kan ook lei tot teenstrydige weergawes. Baie kinders ervaar gemengde gevoelens rondom die molesteerder, wat ook kan lei tot `n teenstrydige weergawe van die misbruik.
3. Die derde rede vir teenstrydighede by die kind kan direk verbind word met die ontwikkelingsfase van die kind.

Volgens Yuille, *et al.* in Ney (1995:32) mag die kind ook rede hê om die molesteerder te beskerm, wat daartoe kan lei dat hy die gebeure minimaliseer en die onderhoudvoerder die indruk kan verkry dat hy `n fiktiewe storie vertel.

Waterhouse en Carnie (1992:54) noem egter ook die volgende faktore wat die kind se weergawe van die gebeure kan bevestig:

- Die kind is baie spesifiek omtrent die gebeure.
- Die omstandighede het geleentheid gebied.
- Die kind is konsekwent in sy beskrywing van die gebeure teenoor verskillende persone.
- Ooreenstemmende veranderinge of afwykings in die kind se gedragspatrone.

Die maatskaplike werker wat die onderhoud met die kind gaan voer, moet bewus wees daarvan of die molestering reeds openbaar gemaak is deur die kind, en of dit net `n vermoede is. Indien dit slegs `n vermoede is, herinner Bezuidenhout (1995:37) daaraan dat die onderhoud vir die kind traumaties kan wees, aangesien dit tot openbaarmaking kan lei. Dit is slegs wanneer openbaarmaking plaasgevind het, dat `n ondersoek en `n moontlike hofsaak sal volg.

Tydens `n onderhoud wat gevoer word nadat openbaarmaking reeds plaasgevind het en `n ondersoek geloods is, behoort die maatskaplike werker wat die onderhoud met die kind voer, volgens Coetzee (1998) die kind nie te veel oor die oortreding te laat praat nie. Dit

kan daartoe lei dat die kind se getuienis later onvoldoende is omdat hy nie meer oor die oortreding wil praat nie. Dit is daarom belangrik dat die maatskaplike werker wat die onderhoud met die kind gaan voer, duidelikheid sal hê oor wat die doel van die onderhoud is. Bezuidehout (1995:37) stel die volgende doelwitte vir die onderhoud voor:

- Om terapeutiese ondersteuning aan die kind te verskaf;
- om die korrektheid/valsheid van die beweerde seksuele molestering te bekom op so`n wyse dat dit die kind nie ontstel nie en
- om die kind se behoeftes te evalueer.

Ceci en Bruck (1995:80) waarsku teen vooroordeel by die onderhoudvoerder en noem dat vooroordeel voorkom wanneer die persoon wat die onderhoud voer, dink dat hy die antwoord ken voordat die kind dit gee. Die onderhoudvoerder is ook bevooroordeeld wanneer hy nie alternatiewe moontlikhede vir die gebeure toets nie. Die akkuraatste weergawe van die gebeure word met die eerste onderhoud by die kind verkry (Ceci en Bruck, 1995:111). Hoe meer tyd verloop het, hoe vatbaarder was die kind vir suggestiewe inligting. Ceci en Bruck (1995:272) noem dat daar drie stappe is wat geneem kan word om die gevaar van suggesties wat die kind se weergawe kan beïnvloed, te verminder:

1. Die kans dat die kind se weergawe van die gebeure foutiewe inligting kan bevat, is die minste na slegs een onderhoud as wat dit is na verskeie onderhoude.
2. Onderhoudvoerders wat nie-leidende vrae vra, wat nie `n vooroordeel het nie, wat nie `n negatiewe stereotipering van die beskuldigde by die kind inskerp nie en wat nie herhaaldelik ja-/nee-vrae vra nie, sal eerder `n akkurate weergawe van die gebeure by die kind verkry.
3. Onderhoudvoerders wat geduldig en nie-veroordelend is, sal `n akkurater weergawe van die gebeure by die kind ontlok.

Van der Westhuizen (1998) sluit hierby aan en noem dat om objektiwiteit in die onderhoud te handhaaf, die onderhoudvoerder sleutelwoorde wat die kind tydens die onderhoud gee, behoort te gebruik om die volgende vrae wat gevra gaan word te bepaal. Karasov en Lansing (1995:41) noem dat die onderhoudvoerder moet poog om met die eerste onderhoud soveel as moontlik inligting by die kind in te samel om die aantal

opvolgonderhoude te verminder. Dit verminder ook die belewenis van trauma by die kind en verminder die kans van teenstrydige stellinge by die kind. Perry in Ney (1995:77) noem dat kinders wel mag probeer om te lieg, maar dat hulle gewoonlik nie hierin suksesvol sal wees nie.

Karasov en Lansing (1995:41) beveel verder aan dat die onderhoude met kinders gedoen word deur `n professionele persoon wat opleiding ontvang het in forensiese, nie-leidende onderhoudvoeringstegnieke. Verder word die voorstel gemaak dat die onderhoud nie alleen moet fokus op wat gebeur het nie, maar dat vrae gevra moet word sodat inligting ingesamel kan word wat kan dien ter stawing van die kind se weergawe van die molestering. Karasov en Lansing (1995:41) gee dan die volgende voorbeelde van vrae wat gevra kan word:

- Vir wie het die kind van die molestering vertel?
- Was daar iemand anders teenwoordig of naby? Het enigiemand die kind saam met die beskuldigde gesien ten tye van die molestering?
- Waar het die molestering plaasgevind?
- Hoe het die kamer gelyk en wat was in die kamer?
- Indien dit nie `n familielid is nie, watter kontak was daar tussen die kind en die oortreder?
- Het die oortreder enigiets vir die kind gegee?
- Watter klere het die kind en watter klere het die oortreder aangehad?
- Wat het die oortreder vir die kind gesê?
- Het die oortreder foto's geneem?
- Het die oortreder enige fisiese voorwerpe gebruik?
- Ken die kind die oortreder?
- Ken die kind besonderhede van die oortreder se lewe of liggaam, bv. moesies, tatoeëermerke, ens.?

# 5. OPVOLG VAN INLIGTING

Die maatskaplike werker wat die ondersoek na die beweerde misdaad doen, het dikwels te make met individue in hulle donkerste uur, wanneer hul gevoelens beleef van angs, woede en hulpeloosheid (Ney, 1995:7). Dit sal dus nodig wees om diskresie aan die dag te lê wanneer die ondersoek gedoen word. Die onderhoud of assessering van die kind is egter nie genoegsaam vir `n volledige ondersoek nie en dus behoort inligting van ander bronne ook verkry te word. Inligting wat van die kind ontvang is, behoort ook geverifieer te word.

## 5.1 FISIESE BEWYSE

Pence & Wilson (1994:133) meld dat die insameling van fisiese bewyse kan wissel van konkrete items soos bv. pornografiese materiaal van die molesteerder en die kind, of die kind se vermoë om die kamer te beskryf, waar die molesteerder beweer die kind nog nooit was nie.

Dit is nie die taak van die maatskaplike werker wat `n ondersoek doen om fisiese bewyse in te samel nie, maar wel dié van die polisieondersoekbeamptes. Dit mag egter gebeur dat die maatskaplike werker tydens sy ondersoek op fisiese bewysstukke mag afkom wat die kind noem of vir die werker uitwys. Volgens Engelbrecht (1998) behoort die maatskaplike werker in so `n geval dit aan die polisie te oorhandig of die polisie daarvan in kennis te stel. Die maatskaplike werker mag egter, indien dit `n bydrae kan lewer, die bewysstukke in die hofverslag noem indien vooraf met die polisie ooreengekom is.

## 5.2 INLIGTING RONDOM DIE KIND

Volgens Charles (Cooper en Ball, 1991:87) bestaan die wanopvatting dat alle kinders in `n gesin noodwendig dieselfde behandeling ontvang. Indien daar een kind in `n gesin is wat ongedeerd voorkom, is dit nie te sê dat al die kinders in die gesin ongedeerd is nie,

aangesien kinders verskillende persoonlikhede het wat verskillende reaksies by die ouers kan ontlok. Daar kan dus inligting verkry word oor die persoonlikheidseienskappe van die kind en die rol wat hy in die huishouding vertolk het. Verdere inligting wat rondom die kind ingesamel kan word, sluit onder andere in: hoe die persone in die kind se direkte leefwêreld hom ervaar, sy algemene gedrag, skoolpunte of vryetyd aktiwiteite.

## 5.3 INLIGTING RAKENDE DIE OMSTANDIGHEDE VAN DIE GESIN

Die mate waarin die ouers van die kind samewerking bied, kan die ondersoek van die maatskaplike werker beïnvloed. Waterhouse en Carnie (1992:53) noem dat indien die ouers hulle samewerking gee tydens die ondersoek, dit die maatskaplike werker laat voel dat die kind in `n mindere gevaar is. Daarteenoor skep ouers wat nie wil saamwerk nie wantroue by die maatskaplike werkers, wat nie meer weet wat die motiewe van die ouers is nie. Cooper en Ball (1991:90) noem dat die maatskaplike werker egter ten alle tye `n houding van eerlikheid, gesag en deernis teenoor die ouers moet handhaaf. Die maatskaplike werker moet eerlik met die ouers wees, want hulle het `n reg om te weet dat hulle omstandighede ondersoek word. Gesag spreek uit die feit dat die maatskaplike werker sy ondersoek ten volle uitvoer en nie wegskram van verantwoordelikheid nie. Die werker behoort ook tydens die ondersoek deernis met die gevoelens van die ouers te hê en ook te let op die interaksie wat daar tussen die ouers en die kind is.

Dit mag egter ook gebeur dat ouers wel hul samewerking gee, maar nie ten volle nie. Die een ouer mag samewerking bied, maar die ander ouer nie. Of die ouers mag `n ondersoek na die beweerde gemolesteerde kind toelaat, maar nie `n ondersoek na ander kinders in die gesin nie. Die meeste teenstand wat normaalweg by ouers voorkom, volgens Waterhouse en Carnie (1992:54), is wanneer `n mediese ondersoek vereis word. Die ouers bly egter volgens Cooper en Ball (1991:90) `n belangrike bron van inligting oor die molestering en hulle kan, indien reg benader, `n belangrike rol speel in die onderhoudvoering met die kind.

Waterhouse en Carnie (1992:56) meld ook dat indien daar `n geskiedenis van alkohol- of dwelmmisbruik by die ouers teenwoordig is, dit as `n waarskuwingsteken kan dien en uiteindelik die deurslag kan gee in die besluit of die kind verwyder moet word tydens die ondersoek of nie.

## 5.4 BEWEERDE OORTREDER

Volgens Van der Westhuizen (1998) is dit nie wenslik dat die maatskaplike werker wat die ondersoek doen, met die beskuldigde ook 'n onderhoud voer of die beskuldigde in die verslag bespreek nie. Daar moet liewer gefokus word op die terapie met die kind.

## 5.5 VERDERE ONDERHOUDE

Dit kan gebeur dat `n kind, nadat hy in `n eerste onderhoud of assessering molestering beweer het, in verdere onderhoude die bewering van molestering terugtrek. Yuille, *et al.* in Ney (1995:27) noem egter dat die terugtrek van die klag nie enigsins `n aanduiding is dat die oortreding wel plaasgevind het of nie plaasgevind het nie, maar dat daar wel iets skort in die kind se lewe. Dit is daarom uiters belangrik dat `n deeglike ondersoek na die aanvanklike bewering gemaak sal word. Verdere onderhoude mag in sommige gevalle nodig wees, maar moet tot `n minimum beperk word om die trauma by die kind te beperk. Daar behoort eerder in opvolgonderhoude op die terapie met die kind gefokus te word en nie aanhoudend op die seksuele daad as sodanig nie. Indien die kind die inligting te veel moet herhaal, kan dit daartoe lei dat hy nie in die hof daaroor sal wil praat nie, aangesien hy dit reeds te veel moes doen. Dit kan die saak onnodig benadeel.

## 5.6 INSAMELING VAN INLIGTING UIT DIE GEMEENSKAP

Daar is byna nooit enige direkte getuies van `n seksuele molestering nie, behalwe waar meer as een kind gelyktydig aan `n seksuele molestering blootgestel word (Pence &

Wilson, 1994:133). Die getuienis van buitestaanders kan egter lig werp op aspekte soos die beweerde molesteerder se karakter, buitengewone optrede van die kind wat opgemerk is, of agtergrond ten opsigte van die verhouding tussen die kind en die molesteerder. Daar sal egter geëvalueer moet word of die hoorsê-getuienis geloofwaardig is, al dan nie.

## 5.7 ANDER INLIGTING RELEVANT TOT DIE ONDERSOEK

Die volgende inligting kan volgens Karasov en Lansing (1995:44) ook relevant tot die ondersoek wees:

- Die ouderdomme van die slagoffer en die oortreder, nou en ten tyde van die molestering.
- Die verbintenis tussen die slagoffer en die oortreder. Was die oortreder in `n gesagsposisie?
- Het die oortreder gebruik gemaak van geweld, dreigemente, dwang of `n wapen?
- Wat was die aard van die persoonlike beserings van die slagoffer?
- Was die slagoffer onder die invloed van verdowingsmiddels?
- Die aantal en frekwensie van die insidente van molestering (het dit meermale gebeur of was dit `n eenmalige insident)?
- In sake van betasting – was daar `n seksuele of aggressiewe motief?
- Was daar penetrasie (hoe gering ookal)?

Engelbrecht (1998) noem dat dit ook belangrik is om te probeer uitvind of die kind by die huis of op `n ander plek gemolesteer is.

# 6. LEDE VAN ANDER PROFESSIES

Die ondersoek en hantering van beweerde seksuele molestering is normaalweg `n baie sensitiewe saak. Die realiteit van seksuele molestering is dat dit baie moeilik is om te ondersoek. Daar is dikwels geen mediese bewyse nie en byna nooit enige getuies nie (Pence & Wilson, 1994:5). Die spektrum van probleme wat ervaar kan word in `n gesin

waar seksuele molestering plaasgevind het, vereis volgens Moore (1985:90) dat die kennis en vaardighede van verskillende professies benut word. Hoffmann (1986:7) noem dat die waardes en beginsels van maatskaplike werk dieselfde bly, ongeag die spesifieke area van die professie. Net so moet die maatskaplike werker bewus wees van die waardes van ander professies aangesien dit baie belangrik is as daar saamgewerk moet word.

Die lede van ander professies kan vir die maatskaplike werker wat `n ondersoek doen na seksuele molestering, van groot waarde wees. Hulle kan eerstens gebruik word as bronne van inligting. `n Voorbeeld hiervan is dat `n onderwyser `n afskrif van die kind se skoolrapporte kan verskaf. Die lid van `n ander professie kan ook gebruik word om `n ander perspektief rondom die kind aan die werker te skets. Dieselfde onderwyser kan bv. vir die maatskaplike werker lig werp op die gedrag van die betrokke kind by die skool en moontlik of die kind se gedrag en skoolwerk oor `n verloop van tyd agteruitgegaan het. Pence & Wilson (1994:121) meld dat al die verskillende rolle en take van die lede van die verskillende professies daarop gemik is om sekere sleutelvrae te beantwoord:

1. Is hierdie kind seksueel aangerand (of blootgestel aan enige vorm van mishandeling)?
2. Indien wel, kan vasgestel word wie verantwoordelik was?
3. Verkeer die kind in gevaar om in die toekoms weer seksueel aangerand te word, en indien wel, deur wie?
4. Wat kan gedoen word om hierdie kind of ander kinders in die toekoms te beskerm teen verdere seksuele mishandeling?
5. Is daar voldoende bewyse om te beantwoord aan die hof se standaarde?

Indien `n persoon `n deskundige op `n bepaalde gebied is wat tot hulp kan wees in die getuienis van die maatskaplike werker wat die ondersoek doen (Stern, 1997:66), is dit wenslik om so `n persoon te raadpleeg. Karasov en Lansing (1995:43) stel dit dan ook dat `n saak van molestering nie net beperk is tot die verklaring van die kind nie, maar dat `n gedetailleerde ondersoek kan help om die kind se verklaring te bevestig. Volgens Van der Westhuizen (1998) is dit die plig van die maatskaplike werker om die ander professies te nader vir hulp in die ondersoek of dan aan te beveel dat lede van ander professies by die ondersoek betrek word. Engelbrecht (1998) stel egter voor dat die maatskaplike werker die

ondersoek op sy eie doen, maar dat hy die inligting verifieer aan die hand van dié van ander professies bv. indien die maatskaplike werker vind dat die kind se skoolpunte agteruit gaan, moet verslae in die verband van die betrokke onderwyser verkry word.

Vervolgens sal daar gekyk word na die professies wat die maatskaplike werker meestal van hulp kan wees, wat elkeen se rol en taak omsluit en wat elkeen se insette gaan wees.

## 6.1 DIE POLISIE/KINDERBESKERMINGSEENHEID

Die polisie kan `n baie belangrike rol speel in die maatskaplikewerkondersoek na seksuele molestering. Dikwels word `n beweerde molestering eerste by die polisie aangemeld. Blignaut (1990:2) verduidelik dat daar nie `n misdaad bestaan wat 'kindermolestering' genoem word nie en dat die Suid-Afrikaanse Polisie verwys na die term 'misdade teen kinders', hetsy dit seksueel van aard of van `n ander aard is. Die polisiebeampte se hoofdoel in `n ondersoek is volgens Sgroi (1982:316), om bewysstukke te versamel om vas te stel of `n misdaad wel plaasgevind het, en om ook later in die hof te bewys wie dit gedoen het.

Dikwels word die polisieondersoek gedoen in samewerking met ander professies, bv. `n maatskaplike werker. Dit kan gebeur dat `n onderhoud met die kind of familielede gevoer word deur bv. `n maatskaplike werker, voordat die saak na die polisie verwys word vir verdere ondersoek (Sgroi, 1982:317). Die algemene gevoel van polisiebeamptes is dat hulle onmiddellik gekontak moet word sodra `n misdaad gepleeg is, wanneer bewysstukke nog beskikbaar is en kliënte nie verdedigingsmeganismes opgebou het deur gesprekke met ander werkers of ondersoekbeamptes nie (Moore, 1985:91). `n Maatskaplike werker daarteenoor, wil `n ondersoek so objektief moontlik voer om later sy optrede as deskundige getuie in die hof so geloofwaardig moontlik te hou. Die beste manier, volgens Moore (1985:91), om `n vertrouensverhouding tussen die polisie en maatskaplike werkers teweeg te bring, is om saam te werk. Samewerking tussen die maatskaplike werker en die polisie,

veral met die oog op hofverrigtinge, sal verseker dat daar in die beste belang van die kind opgetree word.

Om samewerking te vergemaklik, moet die maatskaplike werker kennis dra van wat die polisie se taak is wanneer misdade teen kinders aangemeld word. Sake van verkragting of seksuele molestering móét by die Suid-Afrikaanse Polisie aangemeld word, aangesien hulle wetlik moet optree (Jacobs, 1988:8). Indien `n polisiebeampte in `n aanklagkantoor `n aanmelding van seksuele molestering ontvang, word volgens Blignaut (1990:3) die saak verwys na die Kinderbeskermingseenheid of `n gespesialiseerde persoon wat spesifieke opdrag het om ondersoeke van hierdie aard te hanteer.

Die polisiebeampte volgens Pence & Wilson (1994:35-36) het in die algemeen die volgende take:

- reageer op die aanmelding, stabiliseer die misdaadtoneel en neem verklarings af,
- ondersoek moontlike kriminele rekords van die verdagtes,
- die bymekaarmaak van fisiese bewysstukke,
- onderhoud met die seksueel gemolesteerde kind en moontlike getuies,
- indien nodig, reël `n uitkenningsparade,
- onderhoude met volwasse getuies in samewerking met die maatskaplike werker,
- gebruik van tegnologiese ondersoekmetodes,
- ondervra die beweerde molesteerder,
- arresteer die verdagte,
- bewyslewering van `n kriminele saak in `n regsgeding,
- getuienislewering in die hof,
- fisiese beskerming van die kind indien die maatskaplike werker dit nodig ag.

Malherbe (1995:18) noem dat die Kinderbeskermingseenheid (KBE) van die Suid-Afrikaanse Polisie se optrede in twee hoofdele verdeel kan word, nl. pro-aktiewe en reaktiewe optrede. Pro-aktiewe optrede word verduidelik as hoofsaaklik bewusmakingsveldtogte om die publiek en veral kinders bewus te maak van die rol van die KBE. Reaktiewe optrede behels die ondersoek van beweerde misdade teen kinders. Malherbe (1995:18-19) haal Pienaar en Robertson aan en verduidelik dat die take van die

KBE in die ondersoek van `n misdaad die volgende aspekte, wat nou aansluit by Pence en Wilson se reeds genoemde standpunt, behels:

- Identifiseer die probleem en stel vas of dit `n maatskaplike probleem of `n misdaad is.
- Alle toepaslike verklarings moet van die slagoffer en ander getuies verkry word.
- Alle moontlike hulpmiddels moet aangewend word soos onder andere afdrukdeskundiges, benutting van die honde-eenheid.
- Versamel alle relevante bewysmateriaal, onder andere klere, bloed, hare, notas en videomateriaal.
- Bewysstukke moet waar dit van toepassing is na die Forensiese Wetenskapslaboratorium versend word.
- Die slagoffer en die beweerde oortreder (waar van toepassing) moet deur `n distriksgeneesheer medies ondersoek word.
- Die fotografering van alle uitwendige beserings.
- Die opsporing van die beweerde oortreder.
- Skakeling met ander instansies soos maatskaplikewerk-organisasies en skoolhulpdienste.
- Relevante bewysstukke moet aan die Prokureur-generaal/aanklaer/hof voorgelê word.
- Die voorbereiding en bystand van die kindergetuie.

Om so volledig moontlik bewysstukke in te samel stel Sgroi (1982:317) ook voor dat die polisiebeampte wat die ondersoek behartig, die volgende aspekte rondom die insameling van inligting tydens die ondersoek in gedagte hou:

1. *Slagoffer*: Naam, geboortedatum, huisadres, telefoonnommer, skool en graad, voog, geboortesertifikaat (by bloedskande), datum van laaste seksuele kontak en identiteit van oortreder, datums van enige vorige seksuele kontak, besonderhede van die verhouding met die verdagte en hoe lank die verhouding geduur het.
2. *Gesin*: Name van ouers, geboortedatums, huisadresse, beroepe en werksadresse, getroude status, gegewens van broers en/of susters, fisiese omgewing, gesinsverhoudinge, reaksie van die gesinslede teenoor die aanmelding en polisieondersoek, houding van die gesinslede teenoor die slagoffer.

3. *Misdaad*: Presies wat het gebeur; wanneer, waar en hoe dit gebeur het; wat voor en na die tyd gebeur het en moontlike redes vir die voorval.
4. *Verdagte*: Naam, adres, identifiserende besonderhede en ander belangrike inligting, beskrywing deur die slagoffer en getuies.
5. *Getuies*: Name, adresse, telefoonnommers van alle persone wat voor die insident met die kind gepraat het, wat enige deel van die voorval gesien of gehoor het, of wat met die slagoffer gepraat het voordat die polisieondersoek begin is. Onderhoude kan ook met die bure gevoer word.

## 6.2 DIE MEDIESE PROFESSIE

Die geneesheer kan `n belangrike rol speel in die maatskaplike werker se ondersoek, veral as daar wel fisiese tekens van molestering teenwoordig is. Om regsredes is `n mediese ondersoek na verkragting of seksuele molestering hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die distriksgeneesheer. Dit is sy plig om `n mediese verslag saam te stel wat dan ook dien as getuienis in die hof (Jacobs, 1988:8). Die maatskaplike werker kan ook hierdie verslag inkorporeer in sy verslag tydens optrede as deskundige getuie, om sy getuienis te bevestig of te versterk.

Wanneer die staat volgens Myers (1993:181) van deskundige getuienis gebruik maak om te bewys dat seksuele misbruik wel plaasgevind het, word dit gedoen deur `n lid van die mediese of die mensgerigte professies. Die geneesheer kan die maatskaplike werker bystaan tydens die ondersoek na die beweerde molestering deur veral die volgende funksies soos deur Pence en Wilson (1994:41) uiteengesit, vervul:

- verklaring van mediese getuienis;
- die uitvoering van forensiese mediese ondersoeke, indien nodig en
- die insameling van enige fisiese bewyse van seksuele molestering, indien moontlik.

Dit is belangrik dat die prosedure wat die dokter moontlik gaan volg en die redes daarvoor, vooraf aan die kind verduidelik word (Carl, 1987:60). Die kind se privaatheid moet ook

gedurende die ondersoek in ag geneem word (Carl, 1987:60) deurdat hy toegelaat sal word om van sy klere aan te hou. Pence & Wilson (1994:48) stel dit dat met `n klag van vaginale penetrasie, daar beslis `n intensiewe ondersoek gedoen moet word. Met `n klag van betasting, wat oor `n tydperk geskied het, sal dit moeilik wees om mediese bewyse te vind.

Beide seuns en dogters kan seksueel molesteer word en daarom noem Pietersen (1990:5) dat alle mediese ondersoeke die seksuele organe sowel as die anus moet insluit, aangesien anale beserings net so ernstig en omvattend kan wees as vaginale beserings. Carl (1987:61) beveel egter aan dat by jong kinders `n ondersoek onder narkose gedoen word, aangesien `n inwendige ondersoek soos `n "tweede verkragting" kan voel en dat by veral kinders onder ses jaar, eerder `n X-straalplaat van die skelet gemaak word. Carl (1987:61) noem verder dat by meisies in hul puberteit of selfs net naby aan hul puberteit, die moontlikheid van swangerskap nie buite rekening gelaat moet word nie.

Volgens die NSPCC (1992?:4) kan `n mediese ondersoek `n positiewe rol dien deurdat die kind verseker kan word dat daar nie permanente fisiese skade aangerig is nie en behoort `n mediese ondersoek slegs weggelaat te word indien daar `n baie goeie rede voor is. Carl (1987:60) sluit hierby aan en noem dat die ondersoek gedoen behoort te word deur `n medikus wat simpatiek teenoor kinders is sodat hy die kind dan ook kan verseker dat sy nie liggaamlik beseer is nie.

Pietersen (1990:1) stel dit dat die betroubaarheid van die mediese getuienis in die hof van uiterste belang is vir die korrektheid en regverdige verloop van hofverrigtinge. Pietersen (1990:1) noem dan ook sekere aspekte wat die distriksgeneesheer in gedagte moet hou met seksuele molesteringsake:

- die distriksgeneesheer behoort voortdurend sy kennis te vernuwe en hom te beywer om nuwe vaardighede toe te pas;
- hy moet klinies onderskeid maak tussen die normale en die abnormale;
- die getuienis moet onpartydig wees en die mediese ondersoek deeglik;

- hy moet nougeset wees in die neem en etikettering van monsters en nie dogmaties in sy eie menings nie;
- enige sienswyse wat geopper word, moet gebaseer wees op feite alleenlik;
- die getuienis moet in `n leesbare handskrif en in verstaanbare taal ingedien word.

## 6.3 DIE REGSBEAMPTE

Die regsbeampte of staatsaanklaer is normaalweg nie direk deel van die maatskaplike werker se ondersoek na die seksuele molestering nie, maar speel `n belangrike rol ten tye van `n hofsaak. Die staatsaanklaer kan wel tydens die ondersoek `n rol speel en daarom word daar kortliks hieraan aandag gegee. Die staatsaanklaer kan volgens Pence en Wilson (1994:38) ten opsigte van die volgende aspekte van die ondersoek `n belangrike rol vertolk om te dien as bron van inligting vir die maatskaplike werker:

- die assessering van inligting ingesamel om te bepaal wat belangrik sal wees vir getuienislewering in die hof;
- raadgewing met betrekking tot regsaspekte tydens die ondersoek;
- die voorbereiding van persone vir getuienislewering in die hof.

Nadat die ondersoek na `n beweerde molestering deur die polisie afgehandel is, word die saak volgens Blignaut (1990:12) verwys na die senior staatsaanklaer wat die besluit neem om te vervolg of nie. Die staatsaanklaer mag dan versoek dat `n verdere ondersoek gedoen word of die polisiebeampte opdrag gee om `n klag te lê teen die beskuldigde, waarna hofverrigtinge `n aanvang sal neem.

Vir die staatsaanklaer gemoeid met die saak van die beweerde molestering, is daar sekere belangrike aspekte waaraan aandag gegee moet word. Dit is belangrik dat die staatsaanklaer of regsverteenwoordiger wat die seksueel gemolesteerde kind in die hof verteenwoordig, kennis dra van hoe om `n onderhoud met die kind te voer (Bannister, *et al.*, 1990:34). Die soort onderhoud wat die regsverteenwoordiger met die kind voer, sal verskil van die onderhoud deur die maatskaplike werker. Daarom gee Bannister, *et al.*

(1990:34-36) dan die volgende riglyne wat `n regsbeampte kan gebruik in `n onderhoud met `n seksueel gemolesteerde kind:

- Die onderhoudvoerder moet bewus wees van sy/haar eie tekortkominge.
- Die onderhoudvoerder moet geslote of leidende vrae beperk, dit vermy om druk op die kind te plaas en oop vrae vra.
- Die onderhoudvoerder moet so objektief en onpartydig as moontlik bly.
- Die eerste onderhoud mag beperk wees tot die daarstelling van `n verhouding tussen die kind en die onderhoudvoerder, om die vlak van ontwikkeling en vaardighede van die kind te bepaal en te bepaal wat die kind se verwagtinge is van die daaropvolgende gebeure.
- Die onderhoudvoerder moet ook attent gemaak word op die kognitiewe en morele ontwikkeling van die kind.
- Dit is ook belangrik dat wenke wat aan die kind gegee word ten opsigte van wat om te antwoord, geminimaliseer word.
- Die onderhoudvoerder moet ook kalm bly en nie irritasie wys indien die kind se respons nie is wat verwag of verlang is nie.

Die staatsaanklaer kan nadat `n onderhoud met die kind gevoer is, besluit dat `n maatskaplike werker as deskundige getuie by die saak betrek moet word indien daar nie alreeds een betrokke is nie. Samewerking tussen die staatsaanklaer en die maatskaplike werker sal, soos met ander professies, baie belangrik wees ten einde in die beste belang van die kind op te tree. Die samewerking tussen die staatsaanklaer en die maatskaplike werker voor en tydens hofverrigtinge word meer volledig in Hoofstuk vier bespreek.

## 6.4 DIE SIELKUNDIGE

`n Sielkundige en dan spesifiek `n kliniese sielkundige, kan ook `n waardevolle bydrae lewer tot die maatskaplike werker se ondersoek na seksuele molestering. Volgens Joubert (1995:18) kan `n kliniese sielkundige aspekte hanteer soos die ontwikkelingsvlak van die kind, die emosionele ontwikkeling van die kind en hy kan bepaal of die kind se kennisvlak

van seksuele aspekte normaal is vir sy ouderdom of nie. Bogenoemde aspekte kan in die maatskaplike werker se hofverslag as deskundige getuie as stawende inligting dien. Wanneer dit tydens die maatskaplike werker se ondersoek dus blyk dat bogenoemde aspekte `n rol kan speel, behoort die sielkundige as bron van inligting by die ondersoek betrek te word. Samewerking en koördinering van die dienslewering aan die kind sal belangrik wees om te voorkom dat die kind aan onnodige herhaling van vrae blootgestel word.

## 6.5 DIE ONDERWYSER

Die onderwyser is seker naas die ouer of versorgingspersoon van die kind, dié persoon in die kind se lewe met wie hy die meeste kontak het. Joubert (1995:18) meld dan ook dat onderwysers dikwels van die eerste persone is wat veranderinge by die kind opmerk, hetsy hy wangedrag begin toon, of daar `n agteruitgang in sy skoolwerk is. Dit gebeur dan ook dikwels dat die kind `n aanmelding van seksuele molestering eerste aan `n onderwyser wat hy baie vertrou, sal doen. Die maatskaplike werker wat `n ondersoek doen na seksuele molestering moet die waarde van die insette wat `n onderwyser kan maak, besef en die onderwyser betrek by die ondersoek. Insette wat gelewer word, is belangrike inligting wat in die maatskaplike werker se hofverslag of getuienislewering ingesluit kan word.

## 6.6 DIE LERAAR

Du Toit (1990:3) stel dit dat die kerk se norme van God verkry word. Dit beteken verder dat indien `n persoon in God glo en `n persoonlike verhouding met Hom het, hy ook sal lewe volgens God se norme. Dit is nie te sê dat `n persoon wat `n seksuele misdadiger is, nie in God glo nie. Dit kan wel moontlik wees dat die persoon deur omstandighede verwyder van God geraak het of nooit vir hom `n normstelsel kon internaliseer wat aanvaarbaar is vir die samelewing nie.

Beide die seksueel gemolesteerde kind en die oortreder kan moontlik baie skuldgevoelens ervaar. Du Toit (1990:7) voel dat die psigologiese trauma wat `n molestering by `n kind

veroorsaak, liefs deur professionele persone hanteer behoort te word. Die leraar kan `n bydrae maak tydens die maatskaplike werker se ondersoek na die molestering om veral in gesprek met die kind of die molesteerder te fokus op die skuldgevoelens van die persoon en sy religieuse toestand, om só `n terapeutiese bydrae tot die ondersoek te lewer. Die leraar kan die maatskaplike werker verder in die ondersoek van hulp wees deur `n perspektief te gee van die invloed wat die molestering op die kind gehad het uit `n religieuse oogpunt.

Presies watter persone en professionele persone by die ondersoek betrek gaan word, sal afhang van geval tot geval. Die maatskaplike werker moet egter bewus wees van die bronne wat hy kan gebruik in die ondersoek en wel soveel as moontlik gegewens probeer inwin. Indien hy weet van enige persoon wat in die ondersoek behulpsaam kan wees, behoort so `n persoon by die ondersoek betrek te word.

# 7. DIE KIND IN DIE HOF

Een van die take van die maatskaplike werker as deskundige getuie in die hof, indien hy gevra word, is om aspekte van die kind se getuienis wat onduidelik mag wees, aan die hof te verduidelik. Vir die doeleindes van die navorsing, gaan die getuienis van die kind nie in detail bespreek word nie, maar dit is tog belangrik om na die kind in die hof te kyk, aangesien die maatskaplike werker as deskundige getuie, wat oor die kind in die hof moet getuig, kennis moet dra van die onderwerp.

## 7.1 VOORBEREIDING VAN DIE KIND VIR HOFOPTREDE

Die kind wat in die hof oor `n saak moet gaan getuig, is meer onseker oor wat gaan gebeur as enige volwassene. Van der Westhuizen (1998) stel dit dat die kind deur `n onafhanklike persoon, bv. `n sielkundige, geassesseer behoort te word om te bepaal of hy bevoeg is om in die hof te getuig. Du Toit (1990:2) stel voor dat die kind voorberei kan word vir hofverrigtinge deur `n ontmoeting te reël tussen die aanklaer en die kind. Die kind kan

verder voorberei word deur hom na die hof te neem en in te lig oor hofprosedures. Die maatskaplike werker kan ook in terapie met die kind fokus op voorbereiding vir die hof. Dit is volgens Coetzee (1998) ook belangrik dat die kind móét weet dat hy nie in `n negatiewe lig geag gaan word nie.

## 7.2 DIE GETUIENISLEWERING VAN DIE KIND

Wanneer `n kind geroep word om in die hof te getuig, is dié kind dikwels die enigste getuie tot die misdaad wat plaasgevind het. Ceci en Bruck (1995:269) noem dat dit veral in sake van seksuele misbruik kan gebeur dat die kind nie alleenlik die enigste getuie is nie, maar dat daar geen mediese of fisiese bewyse is nie. Coetzee (1998) noem dat hoe jonger die kind, hoe waarskynliker sal `n deskundige getuie geroep word om die getuienis te verduidelik. Vir `n kind van 11 jaar en ouer, word dit makliker om sonder die hulp van `n deskundige getuie te getuig.

In die hofsaak oor seksuele misbruik, word die kind volgens Bezuidenhout (1995:41) blootgestel aan kruisondervraging asook aantygings ten opsigte van sy geloofwaardigheid. Die verdediging mag volgens Myers (1993:183) die kind se getuienis as ongeloofwaardig probeer voorhou deur bv. te noem dat die kind traag was om die misbruik aan te meld, die kind se getuienis nie altyd ooreengestem het nie of dat die kind die beweringe teruggetrek het. Die deskundige getuie het dan die taak om aan die hof te verduidelik waarom kinders wat seksueel misbruik word, traag is om dit aan te meld, nie altyd ooreenstem met hul getuienis nie of die beweringe dikwels terugtrek. Daar moet ook ingedagte gehou word dat kinders se geheue van die gebeure aan verskeie faktore onderworpe is. Ceci en Bruck (1995:298) noem dat indien `n kind een aspek van die gebeure verkeerd onthou, dit nie beteken dat hy alles verkeerd onthou nie. Die betrokke deel van die gebeure mag dalk vir die kind oninteressant of onbelangrik wees. Buiten dit moet die hof onthou dat die menslike geheue by beide kinders en volwassenes selektief is.

In die Suid-Afrikaanse howe is `n versigtigheidsreël ingestel. Dit is gedoen omdat die algemene opvatting bestaan dat kinders verbeeldingryk en vatbaar vir suggestie is (Bezuidenhout, 1995:42).
Voordat die kind getuig, word daar nie `n eed afgelê soos by volwassenes nie, aangesien die kind nie die betekenis van `n eed verstaan nie. Daar word wel vasgestel of die kind die verskil tussen die waarheid en `n leuen ken en dan word die kind net gewaarsku om die waarheid te praat (Du Toit, 1990:3).

Coetzee (1998) stel dit ook dat die hof altyd duidelike vrae aan die kind behoort te stel, sodat die stellinge wat die kind maak, nie misverstaan word nie. Dit is hier waar die gebruik van `n tussenganger ook van hulp kan wees. Die kind moet ook `n kans gegee word om oor die vraag te dink, dan sal hy `n beter antwoord gee.

Om by bogenoemde aan te sluit, verduidelik Stols (1995:27-37) die regte van die seksueel gemolesteerde kind in die hof. Dit word kortliks hieronder weergegee:

- ***Die reg op die liggaam***
  Enige fisiese of psigiese inwerking op `n persoon kan skade aan die liggaam aanrig. Beskadiging van die liggaam hoef nie altyd met pyn en geweld gepaard te gaan nie, maar gevoelens soos walging, ongemak of weersin kan ook inbreuk maak op die reg van die liggaam.
- ***Die reg op sekuriteit en veiligheid***
  Die kind het die reg om `n gevoel van sekuriteit en veiligheid binne gesinsverband te ervaar. `n Seksueel gemolesteerde kind ervaar nie die gevoel van veiligheid en sekuriteit nie.
- ***Die reg op vryheid van uitdrukking***
  Die kind kan tydens die hofverrigtinge, verskeie maniere gebruik om sy mening te opper.
- ***Die reg op gelykheid***
  `n Persoon se ras, geslag, herkoms, kleur en ouderdom mag nie faktore wees waarop daar teen hom gediskrimineer word nie en die kind moet dus net soveel regte in die hof toegestaan word as die volwasse persoon.

- ***Die reg op menswaardigheid***

  Die seksueel gemolesteerde kind kan voel dat hy sy menswaardigheid verloor het.

- ***Die reg op verteenwoordiging tydens hofverrigtinge***

  Die seksueel gemolesteerde kind is die verantwoordelikheid van die Staat en daarom sal die staatsaanklaer die verantwoordelikheid hê om die kind tydens die hofverrigtinge te beskerm.

- ***Die reg om deur `n tussenganger verteenwoordig te word***

  Indien `n kind onder 18 jaar aan onredelike geestesspanning of geestelike lyding blootgestel sal word, het hy die reg om deur `n tussenganger verteenwoordig te word.

- ***Die reg op beskerming***

  Die kind het die reg op beskerming teen verdere emosionele skade wat hy mag opdoen.

- ***Die reg op beskerming van identiteit teenoor die publiek***

  Die kind het die reg dat sy identiteit nie openbaar gemaak sal word nie.

- ***Die reg op verbod van publikasie van inligting***

  Geen publisiteit mag gegee word wat die identiteit van die kind bekend sal maak nie en slegs billike en regverdige inligting met betrekking tot die saak mag gepubliseer word.

## 7.3 DIE ROL VAN DIE OUDERDOM VAN DIE KIND IN DIE HOF

De Villiers en Vorster (1994:18) noem dat daar geen neergelegde ouderdomsperk is vir kinders om te getuig nie. Du Toit (1990:3) stel dit dat die hof moet vasstel of die kind oor die nodige verstandelike vermoë beskik om sinvol te kommunikeer en `n besef van die waarheid het. Omdat veral jong kinders egter baie beïnvloedbaar is vir suggesties en moeilik die onderskeid tussen die werklikheid en verbeelding kan tref, word daar `n versigtigheidsreël ten opsigte van die getuienis van jong kinders toegepas.

Om in die hof te getuig, waar die beskuldigde teenwoordig is en ondervraging moontlik vyandig kan wees, kan baie traumaties en soos `n tweede mishandeling vir die kind wees. Daarom is daar in 1993, deur die invoeging van artikel 170A van die Strafproseswet, voorsiening gemaak dat, wanneer `n kind jonger as 18 jaar in `n strafsaak gaan getuig en

dit vir die hof blyk dat die getuie aan onredelike geestesspanning of geestelike lyding blootgestel kan word, die hof `n persoon as tussenganger kan aanstel (De Villiers en Vorster, 1994:19). Die tussenganger dien dan as buffer tussen die hof en die kind en kan vrae in `n verstaanbaarder idioom vir die kind stel. Die kind getuig dan ook vanuit `n aangrensende vertrek deur middel van `n TV-monitor.

De Villiers en Vorster (1994:20) noem verder dat kindergetuies onder 18 jaar verder deur die reg beskerm word deurdat die hof gewoonlik gelas dat niemand anders as die ouers van die kind, die beskuldigde en die hofbeamptes teenwoordig mag wees terwyl die kind getuig nie. Die Strafproseswet verbied ook die publikasie van enige inligting wat die identiteit van `n getuie onder 18 jaar mag openbaar.

## 7.4 DIE ROL VAN EMOSIONELE SKADE VAN DIE SEKSUEEL MISBRUIKTE KIND IN DIE HOF

Elke mens ervaar daagliks verskillende emosies; dit is deel van sy menswees. Emosie volgens Bezuidenhout (1995:25) raak die mens as geheel, nl. liggaam, psige en gees en kan `n invloed hê op psigiese aspekte soos logiese denke, redenering, oordeel, morele en sedelike norme.

Die seksueel gemolesteerde kind ervaar `n warboel van emosies, waarvan baie, veral rondom die seksuele aspekte, gevoelens is wat `n normale kind nie ervaar nie. Bezuidenhout (1995:26) noem verder dat die emosies wat die kind ervaar in sommige gevalle so intens is dat die kind die ervaringe onderdruk sodat hy niks van die molestering in later ontwikkeling kan onthou nie. Finkelhor in Bezuidenhout (1995:26) klassifiseer die emosies volgens trauma, stigma, verraad en hulpeloosheid. Dit word soos volg verduidelik:

| | |
|---|---|
| **A** | Trauma wat lei tot: verwarring van seksualiteit, identiteit, norme, liefde en hoe om om te gee. |
| **B** | Stigma lei tot: skaamte, skuld, lae selfbeeld en `n gevoel van abnormaliteit. |
| **C** | Verraad wat teenoor kind gepleeg word: depressie, afhanklikheid, wantroue, woede, hartseer en vyandigheid. |
| **D** | Hulpeloosheid van die kind: angstigheid, vrees en `n behoefte aan kontrole. |

Die hof, getuienis, prosedures en regsverteenwoordigers is alles vreemd vir die kind (Bezuidenhout, 1995:27) en die kind word blootgestel aan die hardheid en ongenaakbaarheid van die hof waar volwassenes soms nie eens die mas opkom nie. Volgens Van der Westhuizen (1998) sal die hof die volgende vraag vra met betrekking tot die kind: "Hoekom sal `n kind wat nie vertroue in sy ouers gehad het nie en nie gemaklik gevoel het met die molestering deur `n derde persoon nie, gemaklik voel om daaroor te praat met `n maatskaplike werker?" Die maatskaplike werker moet dus duidelik in die verslag noem hoe die kind gemaklik gemaak is tydens die assessering/onderhoude, hoe die kind se vertroue gewen is, wat die kind se emosies was met die eerste kennismaking en hoe die kind gereageer het. Schlebusch (1995:24) beklemtoon dat die ontwikkelingsvlak van die kind, die vlak van kommunikasie en die gevoelens van die kind, in aggeneem moet word.

## 7.5 DIE GEBRUIK VAN `N TUSSENGANGER

Die staatsaanklaer kan volgens die Wysigingswet op die Strafproseswet, Wet 135 van 1991, art. 170(a), versoek dat `n kind onder die ouderom van 18 jaar deur middel van `n tussenganger getuienis lewer. Die kind lewer dan getuienis in `n aangrensende vertrek en nie in die hof self nie. Die hof kan die kind op `n videoskerm waarneem. Die vrae word dan aan die tussenganger gevra wat dit dan aan die kind vra en in makliker taal vir die kind stel.

## 8. DIE HOFVERSLAG VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

Daar is volgens Venter (1999) drie soorte verslae waarvolgens die maatskaplike werker sy indrukke in die hof kan weergee. Die eerste is die slagofferverslag. Die verslag word geskryf oor die kind wat die slagoffer van die beweerde molestering is en handel hoofsaaklik oor die lewensomstandighede van die kind, die trauma waardeur die kind is, of die kind sal kan getuig en of die kind self of deur middel van `n tussenganger moet getuig. Indien die beskuldigde later skuldig bevind word, kan die verslag dan ook dien ter strafverswaring. Die tweede tipe verslag is `n voorskuldigbevindingsverslag wat geskryf word oor die beskuldigde. Die verslag word deur `n proefbeampte geskryf en handel hoofsaaklik oor die omstandighede van die beskuldigde en of hy bevoeg sal wees om voor die hof te verskyn. Die derde tipe verslag is die voorvonnisverslag wat ook oor die beskuldigde handel en vir die hof lig kan werp op die omstandighede van die beskuldigde alvorens `n vonnis neergelê word. Die doel en funksie van voorvonnisverslae volgens Neser (Prinsloo, 1991:106) is om aan die hof `n geheelbeeld van die oortreder en sy probleemsituasie te verskaf; die hof te help om te besluit oor die gewenste optrede onder die spesifieke omstandighede en om as basis vir moontlike voortgesette behandeling van die oortreder na die vonnis te dien. Vir die doeleindes van die navorsing word slegs die slagofferverslag bespreek.

Howes (1990:68) sluit hierby aan en noem dat die maatskaplike werker se dienslewering aan die howe hoofsaaklik deur middel van verslae geskied. Volgens Engelbrecht (1998) moet die hofverslag allesomvattend wees. Die maatskaplike werker behoort nie in sy verslag na iets te verwys wat nie materieel is nie en moet ook nie in die getuienis iets noem wat nie in die verslag is nie. Vir beide die maatskaplike werker en die hof is die doelstelling om op te tree in die beste belang van die kind (Howes, 1990:71). Die maatskaplike werker moet die verslag aanbied as `n redelike kalm waarnemer en `n objektiewe verslaggewer van die feite (Howes, 1990:72).

In die hof moet die maatskaplike werker sy verslag as juis bevestig (De Vos, 1990:3) en as deel van sy getuienis inhandig. Normaalweg sal die hof vereis dat die verslag eers

voorgelees en toegelig word na aanleiding van kruisondervraging alvorens dit ingehandig word. Johnson (1998) noem egter dat die verslag nie gelees moet word indien die hof nie daarna vra nie. Noem eerder dat die verslag beskikbaar is vir insae en lig net die belangrikste punte uit.

Levett (1991:17) meld dat een van die maniere waarop die hof kan vasstel of seksuele molestering wel plaasgevind het, is om te bewys of die kind getraumatiseer is. Die maatskaplike werker se verslag kan `n groot rol speel om die trauma en emosionele belewenisse van die kind weer te gee. Die verslag moet egter nie te gou opgestel word nie. Coetzee (1998) noem dat dit baie belangrik is dat daar genoeg kontak met die kind gemaak moet word voordat `n verslag geskryf word. Die hofverslag behoort verder klaar opgestel te wees voordat die hofsaak begin.

Daar is volgens Du Toit (1990:1) sekere aspekte by die skryf van `n hofverslag wat die maatskaplike werker altyd in gedagte behoort te hou:

- Dui in detail jou kontakte met kliënte aan.
- Noem die rede vir die nie-nakoming van afsprake.
- Bespreek die gesinsamestelling en gesinsgeskiedenis.
- Noem die figurering van molestering in die gesinsdinamika.
- Noem watter aspekte in die opvolgbeplanning gedek sal word.
- Vermy vaktaal en gebruik hofterme.
- Hou die getuienislewering eenvoudig en verstaanbaar.
- Rollespel kan ter voorbereiding gedoen word.
- Video-opnames kan ook gebruik word as bykomende bewysstukke.

Die inhoud van die hofverslag moet van so `n aard wees dat dit aan die vereistes wat die hof stel voldoen. Soos reeds genoem moet die slagofferverslag, die verslag vir strafhofsake voor skuldigbevinding en die voorvonnisverslae, nie met mekaar verwar word nie Baie aspekte sal vir beide hierdie verslae dieselfde wees met net die nodige klemverskuiwings, maar vir die doeleindes van die navorsing, word net op die formaat van die slagofferverslag gefokus.

## 8.1 DIE BEGINSELS EN VEREISTES VAN `N MAATSKAPLIKE HOFVERSLAG

Johnson (1998) noem die volgende beginsels en vereistes wat by die skryf van `n hofverslag nagekom moet word:

- Moet niks wat buite jou kundigheid as maatskaplike werker is, in die veslag weergee nie.
- Moet niks wat nie relevant is nie, in die verslag noem nie.
- Moenie vonnisse voorstel nie, dis nie jou gebied nie. Jy kan wel `n aanbeveling maak wat `n oplossing vir die probleem voorstel.

## 8.2 DIE FORMAAT VAN DIE VERSLAG

Navorsing wat gedoen is deur Tufnell, *et al.* (1996:372) onder regslui, het sekere aspekte na vore gebring betreffende die formaat van `n verslag. Johnson (1998) is ook in die verband geraadpleeg en die volgende aspekte word uitgelig:

- Die verslag moet maklik wees om te verstaan en te gebruik, met ander woorde, daar moet nie te veel hoë- en vaktaal gebruik word nie en die uiteensetting van die verslag moet eenvoudig wees.
- Dit moet bondig wees en dus moet inligting nie onnodig herhaal en uitgebrei word nie. Gee slegs die nodige feite.
- Gebruik kort sinne en eenvoudige taal.
- Gebruik A4-papiergrootte.
- Gebruik `n 12- of 14-punt lettergrootte.
- Gebruik dubbellynspasiëring
- Gebruik kantlyne van ten minste 2.5 cm.
- Gebruik kort, eenvoudige en verstaanbare opskrifte vir afdelings en subafdelings.
- Die gebruik van numering vir bladsye, afdelings en paragrawe maak die verslag gebruikersvriendelik vir vinnige terugverwysings.
- Gebruik bylae vir gedetailleerde inligting.

- Gee `n kort inhoudsopgawe aan die begin van die verslag weer.
- Gebruik `n voorblad met volle identifiserende inligting.
- Pasop vir gapings in die verslag, dit wil sê, inligting moet gestaaf kan word en moet nie onvolledig wees nie.
- `n Aanbeveling moet slegs gemaak word aan die hand van inligting in die verslag.
- Die verslag moet netjies en professioneel vertoon.

Volgens Tuffnell, *et al.* (1996:372-375) kan die verslag in die volgende afdelings verdeel word: Voorbladinligting, inleidende inligting, agtergrondinligting, ondersoeke wat gedoen is deur die deskundige, die deskundige se mening, aanbevelings en bronverwysings.

## 8.2.1 Voorblad

Die voorblad van die verslag behoort volgens Tufnell, *et al.* (1996:372) inligting te bevat soos: die titel van die verslag, naam van die outeur, kwalifikasie en werksposisie van die outeur, die naam, geboortedatum, die wetlike posisie van die kind, die tipe hofverrigtinge, die hof se verwysingsnommer en `n verklaring om vertroulikheid. Die hofverslag van die maatskaplike werker in die praktyk bevat normaalweg inligting soos die naam van die outeur, die naam van die supervisor, rede vir die verslag, identifiserende besonderhede van die kind en betrokke partye, die hof se verwysingsnommer en die organisasie se verwysingsnommer.

## 8.2.2 Inleiding

Die inleiding van die verslag behoort kortliks te skets wat aanleiding gegee het tot die ondersoek en verslag. Tufnell, *et al.* (1996:372) voeg by dat die persoon wat die verslag aangevra het, metodes van ondersoek en bronne wat gebruik is in die ondersoek ook in die inleidende paragraaf genoem kan word. Joubert (1995:38) meld dat die doel van die verslag ook belangrik is. Daar kan genoem word vir wie en vir watter doel die verslag geskryf is en ook deur wie die verslag aangevra is. Die inleiding moet kort en saaklik

gehou word en daar moet gewaak word dat hier nie `n bespreking van die feite gegee word nie.

### 8.2.3 Agtergrondinligting

In die beskrywing van die agtergrondinligting behoort die omstandighede rondom die kind en die gesin bespreek te word. Die seksueel gemolesteerde kind funksioneer op een of ander wyse binne `n gesinsisteem. Joubert (1995:38) meld dat die gesin `n beskermende omgewing vir die gemolesteerde kind bied. Indien molestering binne gesinsverband plaasgevind het, kan die wanfunksionering van die gesin dan ook aangetoon word binne die verslag. In die agtergrondinligting word normaalweg ook gegewens weergegee soos die huweliksdatum van die ouers, egskeiding en tweede huwelike waar van toepassing, werksrekord en verblyfrekord. Die gebeure wat aanleiding gegee het tot die saak, kan ook bespreek word.

### 8.2.4 Bespreking van die ondersoek gedoen

Die belangrikste doel van die hofverslag is om inligting aan die hof te verskaf rondom die beweerde seksueel gemolesteerde kind. Tufnell, *et al.* (1996:378) noem dat verskillende professies mag verskil van die soort inligting wat as belangrik beskou word. Dit is belangrik dat die metodes wat in die ondersoek en vir die assessering van die kind gebruik is, aan die hof genoem sal word. Elke metode behoort ook kortliks verduidelik te word. Die inligting wat tydens die ondersoek ingesamel is, sal in die getuienislewering in die hof genoem moet word. Die inligting wat genoem sal word sal aspekte insluit soos die huidige omstandighede van die gesin, die ouer-kindverhouding, sibbe-verhoudings, skoolvordering van die kind, fisiese en psigiese aspekte, sosiokulturele aspekte en godsdienstige belewenisse. Die belangrikste egter is die bespreking van die betrokke kind in die lig van die beweerde molestering. Hierdie bespreking sal gedoen word na aanleiding van die assessering wat van die kind gedoen is en die inligting rondom die kind en die molestering wat ingesamel is.

### 8.2.5 Mening

Soos reeds genoem, is die deskundige getuie geregtig daarop om sy mening aan die hof mee te deel. Die mening van die werker moet ook in die verslag weergegee word en dit kan as `n aparte opskrif gestel word indien so verkies. Dit bly egter belangrik dat die getuie se mening sal ooreenstem met die feite van die verslag en ook daarop gegrond is. Dit moet op `n verstaanbare manier aan die hof oorgedra te word. Die verslag behoort sin te maak vir `n leser wat nie `n deskundige op die bepaalde gebied is nie.

### 8.2.6 Aanbeveling

Volgens Tufnell, *et al.* (1996:378) behoort die outeur van die verslag die verskillende opsies wat oorweeg kan word in die verslag te verduidelik. Dit kan bydra daartoe dat die finale aanbeveling wat gemaak word, beter verstaan word.

### 8.2.7 Bronverwysings

Die persone wat betrokke was in die ondersoek, literatuurverwysings wat gebruik is in die verslag en enige ander bron wat gebruik is, behoort in die verslag genoem te word.

Volgens Bernstein (1977:416) kan dit baie waardevol wees om `n bibliografie van bronne wat gebruik is by die verslag aan te heg. Dit is nie noodsaaklik nie, maar dit kan aan die verslag meer waarde verleen.

## 9. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is gewy aan die psigososiale ondersoek van die maatskaplike werker oor die probleem van kindermolestering ter voorbereiding van optrede in die hof.

Verskeie aspekte van hierdie handeling van die maatskaplike werker is in redelike detail beskryf en uit die hoofstuk het dit duidelik geword dat menigvuldige en delikate take die maatskaplike werker in hierdie verband in die gesig staar.

Die voorbereiding vir die ondersoek en die plan waarvolgens dit gedoen sal word, sal tot `n baie groot mate die sukses daarvan bepaal en sal uiteindelik ook `n rol speel in die beskerming van die kind se belange.

Die professionaliteit en die kundigheid van die maatskaplike werker behoort aan hierdie verslag sy karakter te gee, en wel op so `n wyse dat dit as hulpmiddel deur die hof aangewend kan word.

In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan die kennis wat die maatskaplike werker nodig het om in die hof as deskundige getuie op te tree.

**HOOFSTUK 4**

# DIE HOFOPSET EN HOFPROSEDURES

*"Julle moet haat wat verkeerd is, julle moet liefhê wat goed is, julle moet opkom vir die reg in die howe."*

**Amos 5:14**

## 1. INLEIDING

In sy rol as deskundige getuie vervul die maatskaplike werker `n belangrike funksie in die hof. Die hofomgewing is egter nie `n "normale" omgewing vir die maatskaplike werker soos wat `n welsynsorganisasie vir hom is nie. Die hof het ander doelstellings en ander waardestelsels as `n welsynsorganisasie. Die hof is gestruktureer om regspraak te beoefen en die prosedures en metodes wat daar gevolg word, is ontwerp om die funksie van regspraak te vervul.

Die maatskaplike werker wat as deskundige getuie wil optree, se maatskaplikewerkkennis is nie voldoende toerusting om die rol van deskundige getuie na behore te vervul nie. Hy moet ook oor spesifieke kennis van die hofomgewing beskik en moet `n waardering hê vir die waardes wat in die hof geld, die prosedures wat gevolg word en die doelstellings wat nagestreef word.

Die kennis wat die maatskaplike werker van die hof nodig het om sy rol as deskundige getuie toepaslik te vervul, word in hierdie hoofstuk bespreek.

## 2. VOORBEREIDING VIR OPTREDE AS DESKUNDIGE GETUIE IN DIE HOF

In die lig van bostaande kan gesê word dat `n persoon wat `n deskundige op `n bepaalde vakgebied is, is nie outomaties `n goeie getuie in die hof nie. Die hofsituasie maak mense ongemaklik, daar hulle vreemd voel. Baie mense is nie bewus van die prosedures wat in die hof gevolg word nie, veral as dit `n eerste optrede is en besef nie hoe intens kruisondervraging kan wees nie. Kennis van die hofomgewing is dus, soos reeds gesê belangrik vir suksesvolle optrede in die hof.

Die eerste belangrike aspek om aan aandag te gee, is volledige voorbereiding. De Villiers en Vorster (1994:21-24) gee `n paar riglyne wat die getuie kan volg om `n onaangename situasie in die hof te vermy:

- Die getuie se selfvertroue is gegrond op sy kennis van die onderwerp waaroor hy gaan getuig, asook op die beskikbaarheid van ondersteunende bewysmateriaal, soos vereiste dokumente en bewysstukke. Dit is dus belangrik om voor die hofverrigtinge hierdie fasette te orden.
- Nadenke vooraf oor die inhoud van sy getuienis en moontlike vrae en antwoorde wat gestel kan word, moet in die persoon se getuienis na vore kom.
- `n Getuie met ervaring is noodwendig `n meer bekwame getuie.
- Weet vooraf waar die hof geleë is.
- Daag vroeër as wat nodig is by die hof op.
- Neem werk saam hof toe, sodat die wagtyd om op te tree nie onbenut verbygaan nie.
- Terwyl die getuie sy beurt afwag, moet hy te alle tye opgespoor kan word.

Johnson (1998) stel dit dat die deskundige getuie sy voorbereiding vir die hofoptrede moet grond op sy begrip van die betrokke saak. Hou aantekeninge van bv. datums, plekke, tye en wie wat gesê het. Myers (1992:139) sluit hierby aan en noem dat dit wenslik is dat die maatskaplike werker in sy voorbereiding weer na die notas/lêerinhoud met betrekking tot die kind kyk. Die lêerinhoud mag ook saamgeneem word hof toe, maar dan mag die

verdediging vra om insae in die lêer te kry. Dit is dus voordelig om voor hofoptrede die geheue uit die lêer te verfris (Myers, 1992:139). Bernstein (1977:416) noem dat die maatskaplike werker daarop mag aandring dat die vrae wat moontlik aan hom gevra gaan word vroegtydig aan hom verskaf moet word sodat hy genoeg tyd kan hê om navorsing te doen voor die hofoptrede.

## 2.1 DIE ROL VAN DIE STAATSAANKLAER

Alhoewel dit ideaal is dat daar voldoende samewerking tussen die staatsaanklaer en die maatskaplike werker sal wees in die voorbereiding op hofverrigtinge, geskied dit nie altyd nie. Van der Merwe (1987:21) noem dat die Committee on Lawyer- Family Agency Co-operation in 1959 sekere struikelblokke geïdentifiseer het wat samewerking tussen regspraktisyns en maatskaplike werkers beïnvloed en wat vandag nog steeds van krag is. Dit word kortliks genoem:

- Professionele terminologie van beide professies is dikwels `n kommunikasiestruikelblok in die weg van samewerking.
- Daar is verwarring oor die ooreenkomste en verskille tussen regs- en maatskaplike getuienis. Regsgetuienis is dikwels vir die maatskaplike werker onduidelik en die regspraktisyn kan weer nie die noodsaaklikheid van sekere maatskaplikewerkgetuienis insien nie. Dit kan daartoe lei dat die twee partye nie konsensus kan bereik tydens die voorbereiding op hofverrigtinge oor wat belangrik vir die getuienis is nie.
- Wanneer dit kom by deelname aan die regsproses, vind verdere verwydering plaas. Die regspraktisyn is opgelei om deel te neem aan die proses en voldoen aan die vereistes, terwyl die maatskaplike werker die proses betree met vrees en wantroue en sy getuienis dikwels bevraagteken word.
- Vertroulikheid kan `n ander belangrike struikelblok wees. Kliënte van die regspraktisyn het die versekering dat vertroulike inligting aan hom oorgedra, nie deur die regspraktisyn teen hom gebruik sal word nie. Die maatskaplike werker het egter nie hierdie voorreg nie en dikwels word vertroulike inligting, veral in kruisverhoor, uit die maatskaplike werker getrek, wat `n negatiewe invloed het op die hulpverleningsproses aan die kliënt.

Samewerking tydens die voorbereiding op hofverrigtinge is baie belangrik ten einde in die beste belang van die kind op te tree. Daarom waarsku Scherrer (Van der Merwe, 1987:21) dat maatskaplike werkers nie regspraktisyns moet behandel asof hulle nie in staat is om te begryp wat die maatskaplike werker met hul kliënte wil bereik nie. Hy wys daarop dat samewerking voordele kan inhou soos:

- Die regspraktisyn kan gehelp word om die werklike probleem van die kliënt te verstaan en dan kan beter resultate vir die kliënt behaal word;
- regspraktisyns kan handig te pas kom by die interpretasie van wetgewing en
- regspraktisyns is `n belangrike skakel in die proses van verandering in wetgewing.

In die staatsaanklaer se voorbereiding vir die gebruik van `n deskundige getuie vir optrede in die hof, moet hy sy motief vir die gebruik van die deskundige getuie bepaal. Stern (1997:47) gee die volgende vrae wat die staatsaanklaer homself kan afvra tydens voorbereiding:

- Wat wil die staatsaanklaer bereik deur deskundige getuienis voor te lê?
- Presies waaroor wil die staatsaanklaer hê moet die hof ingelig word?
- Is deskundige getuienis werklik nodig?
- Watter inligting kan die deskundige getuie aan die hof lewer wat geen ander getuie kan doen nie? Is dit die enigste en beste manier om hierdie inligting oor te dra?
- Watter probleme sal opgelos word deur die gebruik van deskundige getuienis?
- Watter probleme sal geskep word deur die gebruik van deskundige getuienis?
- Sal die gebruik van deskundige getuienis daartoe lei dat die verdediging ook deskundige getuies roep, wat kan lei tot `n tweestryd tussen die deskundiges?

Vir die staatsaanklaer om doeltreffend gebruik te maak van die deskundige getuie, behoort hy duidelik aan die getuie te stel wat van hom verwag word. Die staatsaanklaer moet self ook in sy eie voorbereiding ten opsigte van die deskundige getuie, fokus op aspekte soos: die omvang van die wetenskaplikheid van die getuienis, die bestudering van relevante literatuur, wat die getuie volgens wet toegelaat of nie toegelaat word om te sê nie, of `n

gepaste deskundige verkry is, samesprekings met die getuie en wat presies aan die getuie gevra gaan word (Stern, 1997:47-58).
Die rol van die staatsaanklaer behels verder dat hy die getuienislewering van die deskundige sal lei deur te verseker dat die kennis van die deskundige aan die hof geopenbaar word (Stern, 1997:73). Stols (1995:16) noem dat indien die staatsaanklaer deeglike voorbereiding doen vir die hofsaak en toesien dat hy oor genoegsame dokumente, bewysstukke en getuienis beskik om sy saak bo redelike twyfel te kan bewys, die beweerde molesteerder `n goeie kans staan om gestraf te word vir die daad wat hy gepleeg het.

Die staatsaanklaer en die maatskaplike werker behoort volgens Bernstein (1977:415) voor die verhoor sáám voor te berei op die hofverrigtinge en ook terwyl die hofverrigtinge in proses is. Dit kan geskied deur bv. rollespel óf dat die aanklaer vir die maatskaplike werker al die vrae gee wat hy gaan vra en dié wat moontlik deur die verdediging gevra kan word (Bernstein, 1977:415). Die maatskaplike werker en die staatsaanklaer moet ook saam besluit watter aspekte van die curriculum vitae in die hof beklemtoon behoort te word (Stern, 1997:32). Coetzee (1998) noem verder dat dit belangrik is dat die staatsaanklaer die maatskaplike werker moet inlig waaróór sy moet getuig bv. aspekte in die kind se getuienis wat onduidelik is soos dat die kind praat van `n pienk huis. Dit is ook wenslik dat die maatskaplike werker laaste getuig om die geleentheid te kan hê om die getuienis van die kind aan die hof te verduidelik.

Dit is verder volgens Van der Westhuizen (1998) belangrik dat die maatskaplike werker en die staatsaanklaer die verslag van die werker saam deurwerk voor die hofverrigtinge om moontlike leemtes in die verslag te identifiseer. Dit is bv. beter om te noem wat die kind in sy drome sien as om te sê die kind het nagmerries. Die staatsaanklaer kan dan in die hof daarop fokus om die leemtes te op te klaar deur vrae daaromtrent aan die maatskaplike werker te vra sodat dit aan die hof verduidelik word. Dit verminder die kanse dat die verdediging dit teen die werker gebruik.

## 2.2 DIE ONDERSOEK

Die ondersoek na die beweerde seksuele molestering is reeds breedvoerig in Hoofstuk 3 bespreek. Daar kan wel genoem word dat die ondersoek van kardinale belang is as deel van die voorbereiding vir hofoptrede. Sonder `n volledige ondersoek sal geen verslag opgestel kan word nie en sal geen waardevolle getuienis gelewer kan word nie.

## 2.3 DIE OPSTEL VAN DIE HOFVERSLAG

Die opstel van die hofverslag is ook volledig in Hoofstuk 3 bespreek. Daar kan net weer beklemtoon word dat die hofverslag en getuienislewering hand aan hand loop. Die inligting wat genoem word in die verslag en in die getuienis moet met mekaar ooreenstem, anders kan die verdediging dit teen die getuie gebruik.

# 3. PROSEDURES TYDENS HOFVERRIGTINGE

Geen ander professie is so gebonde aan tradisie en ritueel as die regsprofessie nie (Howes, 1990:69). Enige persoon wat as `n getuie vir die hof optree, moet volgens sekere hofetiket en hofprosedure optree. Volgens De Villiers en Vorster (1994:22) word die regsproses aan die gang gesit deur die getuiedagvaarding wat deur `n polisiebeampte op die getuie bedien word. Hierdie getuiedagvaarding (subpoena) is `n gedrukte dokument wat die naam van die beskuldigde, die tyd, plek en datum van die verhoor bevat.

Geen persoon mag in siviele of strafsake getuienis aflê alvorens hy die eed geneem het nie (De Villiers en Vorster, 1994:29). Die eed word afgeneem deur die voorsittende beampte, sy gevolmagtigde of die griffier van die Hooggeregshof. Indien iemand wat die eed moet aflê `n beswaar daarteen het, kan `n bevestiging gedoen word in die plek van die eed (De Villers en Vorster, 1994:29). Daar sal vervolgens gekyk word na wat die rol van die persone betrokke in `n hofsaak is.

## 3.1 DIE VOORSITTENDE VERHOORBEAMPTE

In die Suid-Afrikaanse regstelsel het die voorsittende verhoorbeampte `n passiewe rol (Olivier, 1990:4). Hy het egter volgens Johnson (1998) die meeste belang by die hofgebeure aangesien hy `n uitspraak moet lewer. Hy luister na beide kante van die saak en moet toesien dat die bewysregreëls en hofprosedures gehandhaaf word. Aan die einde van die hofsaak moet hy `n uitspraak lewer nadat hy die feite van die saak in oënskou geneem en die wet toegepas het.

In straf- en siviele howe word die voorsittende beampte aangespreek as "edelagbare" (De Vos, 1990:1). Waar `n getuie antwoord op vrae aan hom gestel, moet die antwoord aan die voorsittende beampte gerig word en nie aan die vraesteller nie (De Vos, 1990:1-2).

Net soos maatskaplike werkers nie op alle terreine van die professie deskundiges kan wees nie, net so het landdroste en regters nie alle kennis van die onderwerpe waaroor in hofsake getuig word nie. Die landdros het egter onder andere ook volgens Schlebusch (1995:25) die rol om toe te sien dat die kind se beste belange beskerm word. Daar is normaalweg weinig opleiding aan regters ten opsigte van sake soos seksuele molestering, kinderverwaarlosing en gesinsgeweld. (Stern, 1997:10). Schlebusch (1995:16) sluit hierby aan en noem dat die landdros leer hoe om met die volwassene in die hof te kommunikeer, maar nie met die kind nie. Indien die landdros egter kennis hieroor het, kan hy ook die kind wat moet getuig op sy gemak stel en sal dit ook daartoe lei dat die kind beter getuienis lewer. Dit berus dus op die regter of landdros self om sy kennis oor die kind en oor die seksueel gemolesteerde kind te verbreed.

Stern (1997:10) noem dat die staatsaanklaer die regter egter deur die getuienis van 'n professionele persoon, in die hofsaak kan inlig ten opsigte van die onderwerp. Deskundige getuienis moet dus so aangebied word dat die regter die betekenis daarvan ten volle verstaan.

Schlebusch (1995:17-21) verduidelik dat die landdros oor sekere persoonlikheidseienskappe moet beskik. Dit word aanvaar dat enige verhoorbeampte oor dieselfde eienskappe moet beskik. Dit word kortliks weergegee:

- ***Kennis***

  Wanneer `n landdros `n saak verhoor, moet hy weet waaroor dit gaan sodat hy deeglike voorbereiding kan doen. Die landdros moet ook tydens die verhoor die saak evalueer en bewus wees van alle regsaspekte en -implikasies van die beweerde oortreder se optrede.

- ***Integriteit***

  Die landdros moet `n persoon van die hoogste integriteit wees.

- ***Regverdigheid en onpartydigheid***

  Die landdros moet regverdigheid en onpartydigheid handhaaf deur hom nie te laat beïnvloed nie en objektief die feite van die saak te oorweeg.

- ***Waardigheid***

  Die landdros moet nie toelaat dat sy emosies en gevoelslewe hom beïnvloed nie en moet ook sy humeur beheer.

- ***Oordeel***

  Dit is die taak van die landdros om `n oordeel te vel en met toewyding en kennis kan hy die eienskap uitbrei.

## 3.2 DIE STAATSAANKLAER

Sodra `n polisiebeampte wat `n saak ondersoek, bv. `n saak van seksuele molestering, reken dat die saak deeglik ondersoek is, word die saak na `n staatsaanklaer verwys (Blignaut, 1990:12). Die staatsaanklaer moet dan besluit om die saak op te volg en die beweerde oortreder te vervolg of nie. Indien die staatsaanklaer voel dat verdere ondersoek gedoen moet word, sal dit terugverwys word na die polisiebeampte. Andersins sal die polisiebeampte beveel word om die beskuldigde aan te kla wat die saak na die hof sal neem. Indien die aanklaer voel dat die saak nie genoeg gewig dra nie, sal die saak gesluit word. Indien die saak wel voor die hof dien, tree die staatsaanklaer namens die staat op (in

hierdie geval die kind). Die staatsaanklaer se taak is dan ook om die beweerde oortreder aan te kla en te probeer skuldig bewys. Stols (1995:12) sluit hierby aan en meld dat die staatsaanklaer dan die taak het om sy saak bo "alle redelike twyfel" te bewys.

Die samewerking tussen die maatskaplike werker as deskundige getuie en die staatsaanklaer tydens die hofsaak is ook baie belangrik. Die rol van die deskundige getuie en die staatsaanklaer tydens hofverrigtinge, verskil van mekaar. Stern (1997:9) stel dit dat die rol van die deskundige getuie is om te verduidelik, dus om die omstandighede en trauma van die kind aan die hof te verduidelik. Die rol van die staatsaanklaer is om die hof dus te oortuig dat die misdaad wel plaasgevind het en die beskuldigde skuldig is. Die maatskaplike werker moet volgens Engelbrecht (1998) sover as moontlik probeer om by die aanklaer te sit tydens die hofsaak. As al die getuies klaar geroep is, dan behoort die maatskaplike werker laaste geroep te word. Indien daar nuwe getuienis na vore gekom het, kan die maatskaplike werker dan in sy getuienis noem dat sy mening verander het na aanleiding van nuwe getuienis wat na vore gekom het. Volgens Stols (1995:14) behoort die staatsaanklaer van getuienis van bv. `n maatskaplike werker gebruik te maak juis omdat dit tot voordeel van die seksueel gemolesteerde kind kan strek.

Die staatsaanklaer moet volgens Engelbrecht (1998) daarop attent wees dat die inligting wat in die maatskaplike werker se verslag is en die getuienis van die kind, moet ooreenstem. Die staatsaanklaer het dan ook die taak om byvoorbeeld aan die hof te bewys, (Stols, 1995:15) dat die kind fisiese sowel as psigiese gevolge gely het as gevolg van die misdaad. Dit kan na aanleiding van die maatskaplike werker se verslag gedoen word.

Die staatsaanklaer moet verder sekere karaktereienskappe openbaar, veral tydens die hofsaaak. Dit word vervolgens aan die hand van Stols (1995:22-25) bespreek:

- ***Integriteit***

  Die staatsaanklaer moet `n persoon van integriteit wees en moet vertrou kan word.

- ***Vreesloosheid***

  Die staatsaanklaer sal optree teen mense wat oneerlik is en moet nie bevooroordeeld wees nie, maar sy taak na die beste van sy vermoë verrig.

- ***Kennis***

  Die staatsaanklaer moet weet waaroor die saak handel, deeglike voorbereiding doen, die verloop van die saak evalueer, en op hoogte bly van kennis rakende sy beroep.

- ***Objektiwiteit***

  Die staatsaanklaer moet te alle tye objektief bly.

- ***Regverdigheid en onpartydigheid***

  Absolute onpartydigheid tydens hofprosedures moet heers en daar mag ook nie onderskeid gemaak word tussen die volwasse persoon en die kind as getuie nie.

- ***Oordeel***

  Die staatsaanklaer moet oor `n goeie oordeelsvermoë beskik, korrek en vinnig kan optree.

- ***Werksvermoë***

  Die staatsaanklaer moet bereid wees om hard te werk, veral in `n saak van seksuele molestering.

- ***Eerbied en eerlikheid***

  Die staatsaanklaer moet met eerlikheid optree en die getuie mag nie mislei word nie.

- ***Billikheid***

  Die staatsaanklaer moet ook met billikheid optree en reg laat geskied.

- ***Kommunikasievermoë***

  Indien die staatsaanklaer nie oor goeie kommunikasievermoë beskik nie, kan dit `n negatiewe uitwerking hê op die bewyskrag van die saak.

## 3.3 DIE POLISIEBEAMPTE

Die polisiebeampte is deel van `n span wat die beweerde oortreding moet ondersoek (Blignaut, 1990:12) en nie `n om uitspraak in die hof te lewer nie. Die rol van die polisiebeampte tydens die hofsaak is egter om die getuies te subpoena en voor te berei vir optrede in die hof (veral by kinders) en waar moontlik die staatsaanklaer by te staan met sy kennis van die saak.

## 3.4 DIE BESKULDIGDE

Volgens Myers (1993:183) is dit nie die rol van die mediese of mensgerigte professies om getuienis te lewer oor die identiteit van die oortreder nie.

Myers (1993:183) noem dat die beskuldigde self `n deskundige getuie kan roep om namens hom in die hof te getuig. Dit kan die vorm aanneem dat die deskundige getuig dat die beskuldigde onskuldig is omdat hy nie in die "profiel" van `n molesteerder pas nie of om die metodes of getuienis van die deskundige getuie van die staat in diskrediet te probeer bring.

Engelbrecht (1998) waarsku dat, indien die saak reeds in die hof is, die maatskaplike werker nie met die beskuldigde mag praat sonder toestemming van sy prokureur nie. Die beskuldigde moet dan ook gewaarsku word dat hy nie hoef te praat as hy nie wil nie en dat wat hy sê teen hom gebruik kan word.

## 3.5 DIE VERDEDIGING

Die verdediging bestaan normaalweg uit een of meer regsverteenwoordigers bv. `n prokureur of advokaat en behartig die saak van die beskuldigde. Waar die staatsaanklaer die taak het om die beskuldigde skuldig te probeer bewys, het die verdediging die taak om die beskuldigde se onskuld te probeer bewys. Die verdediging sal verder enige getuies wat deur die staat geroep is, onder kruisverhoor neem.

## 3.6 DIE DESKUNDIGE GETUIE

Die rol van die deskundige getuie in die hof en spesifiek die rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie met betrekking tot seksuele molesteringsake, is volledig in Hoofstuk 2 bespreek. Dit kan net genoem word dat die hof nie slegs van deskundige

getuienis gebruik sal maak nie, maar dat enige persoon wat op enige wyse kennis dra of betrokke was by die saak, as `n getuie geroep kan word om meer lig op die saak te werp.

## 4. OPTREDE IN DIE HOF

Die korrekte optrede in die hof speel `n baie belangrike rol ten opsigte van die aanvaarding van die getuienis deur die hof. Ongeag die aantal geleenthede waarby die getuie al getuienis gelewer het en dalk gunstige kommentaar ontvang het (De Villiers en Vorster, 1994:22), word sy getuienis elke keer wat hy getuig opnuut beoordeel. Gunstige of ongunstige beoordelings van die getuie se vertoning in die hof kan selfs die koerante haal. Die vreesfaktor is egter gewoonlik teenwoordig deurdat die deskundige getuie mag vrees dat hy iets verkeerds kan sê en dit `n intense reaksie by die verdediging kan ontlok (Stern, 1997:71). Hierdie vrees kan egter grootliks oorkom word deurdat die getuie deeglik vooraf voorberei het, weet wat van hom verwag word en oor die nodige vaardighede beskik om korrek in die hof op te tree (Stern, 1997:72).

Die volgende riglyne vir optrede in die hof is saamgestel na aanleiding van De Villiers en Vorster (1994:21-27), Stern, (1997:77) en Johnson (1998):

- `n Professionele houding is belangrik.
- `n Persoon wat oplettend is, is gewoonlik ook `n goeie getuie.
- Die regte kleredrag is baie belangrik aangesien regsgeleerdes en hofbeamptes `n kleredragkode het en die persoon se voorkoms ook die indruk wat ander mense van sy professionaliteit en bekwaamheid vorm, beïnvloed.
- Wees ontspanne.
- Wees deeglik voorbereid (sien ook punt 2).
- Praat duidelik en teen `n redelike tempo.
- Praat met die hof en met die vraagsteller.
- Hou die pen van die voorsittende beampte dop en pas die tempo van antwoorde aan by die tempo waarteen hy aantekeninge maak.
- Hou antwoorde kort en op die man af.
- Vermy breedsprakigheid en herhaling.

- Gebruik eenvoudige taal.
- Vertel alleenlik die waarheid.
- Vermy konfrontasie met die vraagsteller.
- Vermy aanwensels.
- Gebruik literatuur.
- Konsentreer op die belangrike aspekte.
- Bly altyd kalm.
- Indien `n vraag nie beantwoord kan word nie, sê so.
- Moenie vaag wees nie.
- Onderskei tussen mening en feite - feite moet geverifieer word en moet eerstehands wees.
- Moet nie probeer om die taak van die staatsaanklaer oor te neem nie.

De Villiers en Vorster (1994:49) meld dat om `n effektiewe getuie te wees, dit ook sal help dat jy beheer verkry in die getuiebank deur stadig te praat, lettergrepe te beklemtoon, jou asemhaling te beheer en jou stemtoon af te wissel.

## 5. HOOFONDERVRAGING

Die eerste fase van die getuienislewering staan bekend as "hoofondervraging". Die doel van hoofondervraging is om die getuie se weergawe van die gebeure ter sake, onder die hof se aandag te bring. Dit is hier waar die getuie ook die kans het om homself en wat sy ondersoek behels het, aan die hof te verduidelik. Van der Westhuizen (1998) noem dat die maatskaplike werker as deskundige getuie moet kennis dra van die inligting wat aan die hof gegee behoort te word, soos:

- Hoe het die kind by jou uitgekom?
- Oor watter inligting het die maatskaplike werker vooraf beskik?
- Was daar insae deur `n polisiebeampte of prokureur voor assessering of nie?
- Die maatskaplike werker se beroep, kwalifikasies en curriculum vitae.

- Die metodes van assessering, hoe elke metode werk, wat elke metode beteken, die afleidings en gevolgtrekkings wat gemaak is en hoekom daardie konklusies gemaak is.
- Is die afleiding versoenbaar met enige ander afleiding? Dit is belangrik dat die afleiding wat gemaak is, die enigste afleiding moet wees wat in die betrokke saak gemaak kan word.
- Dit is belangrik om aan die hof die kind se emosionele staat tydens die onderhoude of assessering aan te toon, bv. as die kind gehuil het of nie sy naam wou sê nie.
- Dit is verder belangrik dat die werker dit wat hy voorstel as remedie, aan die hof verduidelik, anders kan die verdediging dit teen hom gebruik.

Die meeste van bogenoemde aspekte is volledig in Hoofstuk 2 en 3 bespreek.

Daar is sekere basiese beginsels en aspekte volgens De Villiers en Vorster (1994:30) en Coetzee (1998) wat die deskundige getuie tydens hoofondervraging in ag behoort te neem:

- Dit word aangebied deur die party wat die getuie geroep het.
- Dit is slegs gebaseer op relevante feite.
- Dit mag nie deur middel van leidende vrae op rekord geplaas word nie.
- Die reël bestaan dat `n party nie sy eie getuie mag kruisondervra of op `n ander wyse in diskrediet mag bring nie.
- Dra kennis van ander beskouings. Jy moet jou eie opvatting soveel as moontlik kan motiveer.
- Indien jy jou opvatting in die hoofondervraging gegee en gemotiveer het, moet jy daarby hou in kruisondervraging.
- Gee net menings waarvan jy seker is.
- Voordat jy antwoord, maak seker dat jy presies weet wat die vraag behels.
- Indien die getuie onseker is oor `n vraag, moet hy self vra vir duidelikheid of meer inligting; die staat mag nie vra nie.

Dit is tydens die hoofondervraging wat die maatskaplike werker die geleentheid het om getuienis aan te bied met betrekking tot die seksuele misbruik. Myers (1993:181) stel die teorie met betrekking tot die getuienis rondom seksuele misbruik soos volg: Die teenwoordigheid van sekere gedrag en psigologiese effekte mag dui op seksuele misbruik.

Dit kan die getuienis van die deskundige op twee maniere beïnvloed. Eerstens kan getuienis gebied word deur `n beskrywing te gee van die gedrag en psigologiese effekte wat algemeen onder seksueel misbruikte kinders voorkom, sonder om te verwys na `n spesifieke kind. Tweedens kan die deskundige algemene gedrag en psigologiese effekte wat voorkom, noem, met verwysing dan na gedrag en effekte wat by `n spesifieke kind voorgekom het.

Dit kan egter volgens De Villiers en Vorster (1994:50) gebeur dat die regsbeampte tydens die hoofondervraging vrae vra wat hul eie getuie kan verras. Die beste manier om hierdie situasie te vermy, is om vooraf met die betrokke regsbeampte te konsulteer. Indien daar nie voldoende geleentheid was om vooraf te konsulteer nie, behoort die getuie slegs vraag-vir-vraag eerlik te antwoord en nie te raai nie.

## 6. KRUISONDERVRAGING

Kruisondervraging is waarskynlik dié deel van hofoptrede wat die meeste deur getuies gevrees word. Olivier (1990:3) stel dit egter dat ondervinding deur die eeue heen bewys het dat daar geen beter wyse is om die waarheid vas te stel, as deur kruisondervraging nie. Verder word die reg om `n staatsgetuie te kruisondervra, as `n fundamentele menslike reg van die beskuldigde beskou. In die Grondwet van Suid-Afrika Wet 108 van 1996, artikel 35(3)(i) word dit ook gestel dat:

> *"35(3) Every accused person has a right to a fair trial, which includes the right -*
> *(i) to adduce and challenge evidence;..."*

Sodra die hoofondervraging afgehandel is en die aanklaer of die getuie se eie advokaat tevrede voel, sal hy gaan sit en die ander kant die geleentheid bied vir kruisondervraging (De Villiers en Vorster, 1994:35). Indien die getuienis nie betwis word nie, sal daar natuurlik geen kruisondervraging plaasvind nie. De Villiers en Vorster (1994:35) stel dit verder dat daar twee soorte kruisondervragings bestaan, nl. kruisondervraging op die geskilpunte en kruisondervraging gerig op die geloofwaardigheid. Kruisondervraging

gerig op die geskilpunte is ontwerp om getuienis rakende die feite in geskil, of ander relevante feite, aan die lig te bring, wat gunstig mag wees vir die kruisondervraer se saak. Kruisondervraging gerig op geloofwaardigheid, is ontwerp om die hof te oortuig om nie die getuienis van `n spesifieke getuie as vertrouenswaardig te beskou nie (De Villiers en Vorster, 1994:35-36).

Johnson (1998) noem dat veral in die Hooggeregshof die strategie gebruik word om die kruisondervraging lank uit te rek. Dit is om te probeer om die getuie ongeloofwaardig te bewys. Howes (1990:71) noem ook dat die kruisondervraer van verskeie tegnieke gebruik sal maak om die getuie se geloofwaardigheid in twyfel te trek, bv. om leidende vrae te vra, antwoorde te suggereer, vinnig opeenvolgende vrae te vra om die getuie te verwar en om `n vyandige en aggressiewe houding aan te neem of te laat ontstaan.

In die Strafproseswet 51 van 1977, Artikel 166 (1977:421) word egter sekere vereistes gestel waaraan die kruisondervraer moet voldoen. Dit word deur Stols (1995:19-21) soos volg geïnterpreteer:

- ***Hoflikheid***

  Die ondervraer moet `n gesindheid van ordentlikheid en welwillendheid handhaaf en die getuie met waardigheid, eerbied, agting en respek behandel.
- ***Billikheid***

  Die kruisondervraer moet die getuie met billikheid behandel. Onbillikheid kan gesien word as intimidasie, belediging, bespotting, verkleinering en verwarring.
- ***Eerlikheid***

  Die ondervraer moet te alle tye eerlikheid handhaaf. Geen vals stellings mag aan die getuie gemaak word nie en die getuie mag ook nie mislei word nie.
- ***Toelaatbaarheid***

  Ontoelaatbare getuienis mag nie na vore gebring word nie en vrae mag nie ontoelaatbaar wees nie. Die ondervraer mag wel vrae stel wat die getuie se geloofwaardigheid in twyfel trek. Die vrae moet egter binne perke geskied.

Bernstein (1977:416) noem dat kruisondervraging dikwels brutaal is en die grense van toepaslikheid oorskry, alhoewel dit toegelaat word. Ceci en Bruck (1995:275) sluit hierby aan en noem dat dit soms voorkom asof die doel van kruisondervraging nie alleenlik is om die getuie se geloofwaardigheid in diskrediet te bring nie, maar ook om die getuie se professionele en persoonlike karakter te verkleineer. Die getuie moet dan versigtig wees om nie in die natuurlike strik te trap om homself te verdedig nie, aangesien dit juis die geloofwaardigheid van sy getuienislewering kan bevraagteken. Die regter of landdros wat voorsit in die saak, moet egter die kruisondervraging toelaat en kan dit slegs stop wanneer dit vernederend en uitmergelend vir die getuie word (Olivier, 1990:4). Die regter moet egter baie versigtig kyk na wanneer die grens tussen slim kruisondervraging en vernederende kruisondervraging oorgesteek word. De Villiers en Vorster (1994:37) gee die volgende standpunte wat kan dien as riglyne tydens kruisondervraging:

- Oor die algemeen is getuienis teen `n party slegs toelaatbaar indien hy geleentheid gehad het om die betroubaarheid daarvan by wyse van kruisondervraging te toets.
- Dit word nie beperk tot aangeleenthede wat tydens hoofondervraging bewys is nie, maar mag alle feite in geskil aan toetsing onderwerp.
- Leidende vrae word toegelaat en moet beantwoord word.
- Die algemene reël is dat kruisondervraging op feite gerig moet wees.
- Indien die getuie nie kruisondervra word nie, kan dit die aanname laat ontstaan dat die getuie se weergawe as korrek aanvaar word.
- Dit is misleidend om te dink dat `n dokument wat andersins toelaatbare getuienis is, toelaatbaar word slegs weens die feit dat dit tydens kruisondervraging aan die getuie gestel word.
- Enige getuie kan aan kruisondervraging onderwerp word, behalwe as dit blyk dat hy verkeerdelik geroep is om te getuig.
- Die voorsittende beampte het die reg om enige vraag wat hy as uittartend of irrelevant beskou, te verbied.

Die maatskaplike werker, as deskundige getuie (Howes, 1990:70), is net soos enige ander getuie onderworpe aan kruisondervraging deur die aanklaer en die beskuldigde/verweerder of dié se regsverteenwoordiger. Engelbrecht (1998) noem dat die maatskaplike werker as

deskundige getuie, blootgestel sal word aan aggressiewe kruisondervraging. Du Toit (1990:1) meld dat sekere vrae om die geloofwaardigheid van die getuie te toets, binne die reg van die hof is. Die maatskaplike werker kan dus vrae verwag oor sy opleiding, ervaring, eie huweliks- en gesinsopset en of sy optrede in ooreenstemming is met die beleid van sy werkgewer (Du Toit, 1990:1). Hoe meer geloofwaardig die getuienis bevind word, hoe meer waarde sal die hof aan die getuienis heg. Dit is daarom belangrik om te kyk na wat die maatskaplike werker as deskundige getuie kan doen om nog steeds geloofwaardigheid te behou onder kruisondervraging.

Dit is soos reeds genoem noodsaaklik dat die maatskaplike werker goed voorberei na die hof gaan (Howes, 1990:71). Dit is ook belangrik dat die ondersoek van die maatskaplike werker deeglik moet wees. Engelbrecht (1998) noem dat indien die maatskaplike werker tydens die ondersoek enige bandmasjienopnames en/of notas gemaak het, hy dit by hom in die hof behoort te hê. Indien hy nie kan onthou nie, kan daar terugverwys word na die notas. Die deskundige getuie is geregtig om na notas te verwys. Die maatskaplike werker moet egter ook bewus wees daarvan dat die verdediging insae mag hê in enige notas of transskripsies van bandopnames en dit in kruisverdediging teen hom kan gebruik. Johnson (1998) waarsku ook dat die deskundige getuie versigtig moet wees vir wat buite die hof gesê word aangesien die verdediging so iets teen die getuie kan gebruik in kruisondervraging.

Die manier waarop die maatskaplike werker die kruisondervraging hanteer, sal ook 'n bepalende invloed hê of die hof sy getuienis as geloofwaardig sal aanvaar. Die volgende riglyn is opgestel aan die hand van Du Toit (1990:1), De Villiers en Vorster (1994:62), Bernstein (1977:417), Johnson (1998) en Engelbrecht (1998) en kan in gedagte gehou word (vergelyk ook met punt 4):

- Wees so formidabel as moontlik, kalm en bedaard.
- Luister aandagtig na wat gevra word.
- Beantwoord net wat aan jou gevra word. Moenie uitbrei nie.
- Die waarheid, soos jy dit verstaan, word weergegee.
- Vermy spekulasie. Verwys eerder na die lêer met aantekeninge.

- Behou geloofwaardigheid. Sê net wat jy weet.
- Beroep jou op die landdros as jy geïntimideer voel.
- Moet jou nie laat aanjaag nie. Gebruik jou tyd as jy voel dis nodig om `n deeglike antwoord te gee.
- Spreek die landdros aan, nie die vraagsteller nie.
- Pasop vir dieselfde vraag wat oor en oor gevra word. Indien jy nie dieselfde antwoord gee nie, kan dit gesê word dat jy `n leuenaar is en kan jy selfs by jou professionele raad aangekla word.
- Indien `n vraag vir jou onredelik voorkom, talm eers, miskien teken die aanklaer beswaar aan. Indien die beswaar gehandhaaf word, sal jy nie op die vraag hoef te antwoord nie.
- As jy `n ja- of nee-antwoord kan gee, doen dit.
- Moet egter nie toegee aan druk vir `n ja-/nee-antwoord nie. Verduidelik eerder die kompleksiteit van die saak en dat `n ja- of nee-antwoord nie gegee kan word nie.
- As `n lang tydperk, bv. 2 jaar, verloop het, beroep jou op aantekeninge en lêerinhoud. Sê as jy nie kan onthou nie.

## 7. HERONDERVRAGING

Na kruisondervraging mag die getuie weer opgeroep word vir herondervraging (Stols, 1995:21-22). Dieselfde prosedures as vir hoofondervraging geld en die doel daarvan is om enige onsekerhede of onduidelikhede uit die weg te ruim.

## 8. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is gebruik om `n oorsig te gee van die belangrike kennis wat die maatskaplike werker van die hof en die funksionering daarvan moet hê, ten einde met selfvertroue op te tree.

Dit is uitgewys dat die hof vir die maatskaplike werker `n "vreemde" omgewing is met sy eie waardestelsels, werksprosedures en kultuur. Die belangrikheid daarvan dat die maatskaplike werker kennis en waardering van die hof se funksionering moet ontwikkel, is beklemtoon. Die besondere kennis wat die maatskaplike werker in sy rol as deskundige getuie van die hof en sy stelsels moet hê, is bespreek en verduidelik.

Die funksies van die verskillende rolspelers in die hof is uitgewys, sowel as die aard van die hofprosedures en hofprosesse. Riglyne vir die hofoptrede van die maatskaplike werker as getuie is gegee, en die belangrikheid van professionaliteit is beklemtoon.

Die literatuurstudie word met hierdie hoofstuk afgesluit en in die volgende twee hoofstukke word aandag gegee aan die metodologie wat met hierdie ondersoek gevolg is sowel as empiriese gegewens self.

# HOOFSTUK 5

# NAVORSINGSMETODOLOGIE

Hierdie hoofstuk word gebruik om `n meer volledige uiteensetting te gee van die metodes van ondersoek wat in hierdie ondersoek gebruik is. Die bondige uiteensetting wat hieroor in die inleidende hoofstuk gegee is, word nie as voldoende beskou nie en gee nie `n volledige perspektief nie.

## 1. DIE LITERATUURSTUDIE

As agtergrond tot die empiriese ondersoek is `n literatuurstudie of bronontleding oor die onderwerp gedoen. Alhoewel daar wel Suid-Afrikaanse literatuur oor die deskundige getuie beskikbaar is, is nie veel plaaslike literatuur oor die rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie beskikbaar nie. Dit het tot gevolg gehad dat daar geleun moes word op buitelandse bronne. Die temas wat wel in die literatuurontleding gedek is, word as voldoende beskou om as toeligting vir die empiriese ondersoek te dien, aangesien die belangrikste komponente gedek word.

## 2. DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die aspekte van die empiriese ondersoek sal vervolgens bespreek word.

## 2.1 DIE NAVORSINGSONTWERP

Daar is in hierdie navorsing van die verkennende navorsingsontwerp gebruik gemaak, aangesien nog betreklik min navorsing in Suid Afrika oor die onderwerp gedoen is. In die lig hiervan is `n verkennende ontwerp as toepaslik beskou, omdat die kennisbasis oor die onderwerp daardeur verbreed sal word.

## 2.2 DIE ONDERSOEKGROEP

Die ondersoekgroep is saamgestel deur `n steekproefseleksie te doen uit maatskaplike werkers van die Christelike Maatskaplike Raad, die Department van Welsyn en van die SAPD se afdeling vir forensiese maatskaplike werk van Mpumalanga en Gauteng.
Strydom (1994:68) noem dat die grootte van die steekproef deur die grootte van die universum bepaal word. Hoe groter die universum, hoe kleiner die persentasie wat die steekproef van die universum hoef uit te maak. Stoker (Strydom, 1994:70) gee die riglyn dat by `n universum van 100, `n steekproef van 45% (45 respondente) gebruik word, en by `n universum van 200 `n steekproef van 32% (64 respondente) as voldoende beskou kan word. Vir hierdie navorsing was daar `n universum van 172. `n Steekproeftrekking van 43,6% (75 respondente) is dus volgens bostaande riglyne gemaak.

Vir die doeleindes van die navorsing is daar gebruik gemaak van waarskynlikheidseleksie-tipe steekproewe. Die navorser het oor naamlyste beskik van die maatskaplike werkers in diens van die CMR en SAPD. Daar is van die begin af besluit dat elke tweede naam op die naamlys geselekteer sal word om as respondent te dien (Strydom, 1994:73). Ten opsigte van die departementele kantore het die navorser nie oor naamlyste beskik nie, maar slegs oor die aantal maatskaplike werkers wat daar werksaam is. By twee departementele kantore was daar slegs 1 werker en is daar aan die betrokke werkers vraelyste gestuur. By al die ander kantore was daar meer as vyf maatskaplike werkers. In hierdie gevalle is besluit om van ewekansige seleksie gebruik te maak deur aan hierdie betrokke kantore drie vraelyste elk te stuur wat deur enige drie maatskaplike werkers voltooi moes word. Dit het

tot gevolg gehad dat `n totaal van 75 persone as respondente by die navorsing betrek is, wat as verteenwoordigend genoeg beskou kan word.

## 2.3 DIE MEETINSTRUMENT

Die vraelys (sien bylaag A) wat as meetinstrument in die ondersoek gebruik is, is deur die navorser self ontwikkel, aangesien geen bestaande vraelys gebruik kon word nie. Dit is opgestel op grond van aspekte wat in die literatuurstudie na vore gekom het. Daar is in die vraelys van meervoudige keusevrae, `n rangorde-vraag en vrae in die vorm van `n Likert-skaal gebruik gemaak. Die vraelys is vooraf getoets deur die Gesinseenheidspan, CMR Middelburg, waarna veranderinge daaraan aangebring is na aanleiding van kommentaar wat gelewer is.

### 2.3.1 Afdelings van die meetinstrument

Die meetinstrument het uit die volgende afdelings bestaan.

***Afdeling A***
Hierdie afdeling bestaan uit vier meervoudige keusevrae wat handel oor die persoonlike besonderhede van die respondent.

***Afdeling B***
Hierdie afdeling bestaan uit vier meervoudige keusevrae en handel oor die respondent se betrokkenheid by molesteringsake.

***Afdeling C***
Hierdie afdeling bestaan ook uit vier vrae. Dit eerste drie vrae is in die vorm van `n Likert-skaal en handel onderskeidelik oor die maatskaplike werker as deskundige getuie in die algemeen, die maatskaplike werker as deskundige getuie oor die gemolesteerde kind en die professionele kennis van die maatskaplike werker. Die vierde vraag is `n rangorde-vraag

en handel oor die inligting wat die maatskaplike werker by ander professies of instansies ingesamel het tydens die ondersoek na seksuele molestering.

### 2.3.2 Itembeoordeling

Die itembeoordeling is deur die Statistiese Konsultasiedienste van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gedoen.

### 2.3.3 Betroubaarheid van die meetinstrument

Om die betroubaarheid van hierdie vraelys as meetinstrument te meet, is `n korrelasie-analise gedoen deur die Alfa Cronbach-waardes vir die vrae, behalwe vraag 4 in Afdeling C, te bepaal. Die Alfa Cronbach waardes bepaal of die items in elke vraag by mekaar pas. Vir die betrokke vraag om betroubaar te wees, moet die Alfa Cronbach-waarde hoër as 0,5 wees. Hoe hoër die Alfa-Cronbach waarde dus meer as 0,5 meet, hoe betroubaarder is die vraag. Die Alfa Cronbach waardes vir die onderstaande vrae is benader tot die eerste desimaal en is soos volg:

Vraag 1 : 0,9

Vraag 2 : 0,5

Vraag 3 : 0,9

Die waardes is `n aanduiding van `n hoë graad van betroubaarheid van die meetinstrument.

### 2.3.4 Korrelasie tussen die items

Die navorser het sekere items in die vraelys geïdentifiseer wat `n moontlike korrelasie met mekaar sal hê. `n Korrelasie analise is gedoen deur die Spearman-Korrelasiekoëffisiënt vir die betrokke items uit te werk. Vir die items om `n betekenisvolle korrelasie te toon, moet

die koëffisiënt `n waarde van meer as 0,5 hê. Die korrelasies was egter van so `n aard dat dit nie as betekenisvol beskou kan word nie

# 3. DATAVERSAMELING

Die verlangde data is verkry deur die vraelys aan maatskaplike werkers van die Christelike Maatskaplike Raad, Departement van Welsyn en die SAPD se forensiese maatskaplike werkers in Gauteng en Mpumalanga te stuur. Die respondente moes die voltooide vraelyste per pos in gefrankeerde koeverte aan die navorser terugstuur voor `n keerdatum wat verskaf is.

Uit die totaal van 75 vraelyste wat aanvanklik uitgestuur is, is 33 vraelyste terugontvang, waarvan een nie ingevul was nie. `n Opvolgbrief (sien bylaag B) is uitgestuur waarop daar een vraelys terugontvang is, wat die vermoede bevestig dat die grootste persentasie response met die eerste probeerslag verkry word. `n Totaal van 34 (45.3%) vraelyste is dus terugontvang waarvan 33 (44%) gebruik kon word vir die empiriese navorsing.

# 4. STATISTIESE ANALISE

Die data is statisties ontleed deur die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO. Die data word in die volgende hoofstuk weergegee in die vorm van tabelle en staafdiagramme en `n bespreking daarvan word ook gedoen.

# 5. LEEMTES IN DIE NAVORSING

Enkele leemtes in die navorsing kan uitgewys word.

1. Die rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie in die algemeen, en in die besonder met die gemolesteerde kind, is nog nie werklik nagevors in Suid-Afrika nie. Daar bestaan dus nie `n goeie kennisbasis waarop gebou kon word nie

en die navorser moes haar verlaat op buitelandse literatuur wat nie altyd op Suid-Afrikaanse omstandighede toegepas kan word nie.

2. Baie maatskaplike werkers het hulle nog nie geposisioneer ten opsigte van die rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie nie en beskik nie werklik oor `n kennisbasis op grond waarvan op die vrae in die vraelys gereageer moes word nie. Dit het daartoe aanleiding gegee dat van die antwoorde nie op werklike ervaring gegrond was nie.
3. Die empiriese ondersoek het, soos baie ander ondersoeke, mank gegaan aan die gebreke van `n posvraelys, met die gevolglike gebrek aan reaksie van respondente. Opvolgbriewe lewer normaalweg nie veel resultate op nie en in hierdie geval was dit ook nie anders nie.
4. Die regsaspekte van kindermolestering in is die ondersoek onderbeklemtoon, wat as `n leemte beskou kan word. Die beperkinge ten opsigte van die lengte van `n skripsie het meer aandag aan die regsaspekte onmoontlik gemaak.
5. Daar het sekere leemtes in die vraelys na vore gekom. Eerstens is daar by die rangorde-vraag ten opsigte van die professies, nie aan die respondente die keuse van `n sielkundige gegee nie. Uit die response en die literatuur het dit wel na vore gekom dat sielkundiges `n belangriker bron in die maatskaplikewerkondersoek is as wat aanvanklik vermoed is. Dit het ook geblyk dat daar moontlik onsekerheid kon bestaan by die vraag oor die kwalifikasies van die respondente en die vraag kon duideliker gestel gewees het. Die vermoede bestaan ook dat daar van die respondente was wat glad nie by strafhofsake betrokke was nie en daar is nie ruimte gelaat om dit aan te dui nie.

**HOOFSTUK 6**

# EMPIRIESE GEGEWENS EN BEVINDINGE

## 1. INLEIDING

Die empiriese gegewens wat met die invul van die vraelyste versamel is, word in hierdie hoofstuk aangebied en bespreek.

## 2. AANBIEDING VAN DIE GEGEWENS

Die gegewens word volgens die orde en struktuur van die vraelys aangebied en word uitgebeeld met behulp van diagramme en tabelle. Die eerste twee afdelings van die vraelys het gehandel oor die persoonlike besonderhede van die respondente en hul betrokkenheid by seksuele molesteringsake. Die tabelle word gebruik om die inligting wat van die respondente ontvang is in die derde afdeling, weer te gee en die staafdiagramme word gebruik om die belangrikste tendense wat uit hierdie inligting na vore gekom het, uit te lig.

## 3. PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN DIE RESPONDENTE

Die eerste afdeling van die vraelys het gehandel oor die persoonlike besonderhede van die respondente. Dit word vervolgens bespreek.

## 3.1 DIE AKADEMIESE KWALIFIKASIES VAN DIE RESPONDENTE

Drie van die respondente het die vraag nie beantwoord nie. Vyf van die respondente (16,7%) beskik oor `n voorgraadse kwalifikasie, terwyl 25 (83%) oor nagraadse kwalifikasies beskik. Die buitengewone hoë persentasie respondente wat oor `n nagraadse kwalifikasie beskik, is opvallend en `n aanduiding van `n behoefte onder maatskaplike werkers om hulself akademies beter toe te rus. Die moontlikheid bestaan egter dat respondente `n vierjarige opleiding in maatskaplike werk as `n nagraadse kwalifikasie beskou, wat op `n moontlike onduidelikheid by die vraag dui.

## 3.2 DIE SOORT ORGANISASIES WAAR DIE RESPONDENTE IN DIENS IS

Sestien respondente (48,5%) is by `n staatsorganisasie, vyftien (45,5%) by `n gesinsorgorganisasie en twee (6,1%) is by `n ander organisasie werksaam.

## 3.3 TYDPERK IN HUIDIGE BETREKKING

Tien van die respondente (30,3%) het aangedui dat hulle tussen 1 en 3 jaar in hul huidige betrekking is, terwyl 9 (27,3%) aangedui het dat hulle tussen 4 en 6 jaar in hul huidige betrekking is. Sewe van die respondente (21,2%) het aangedui dat hulle tussen 7 en 9 jaar in hul huidige betrekking is, terwyl 4 (12,1%) tussen 10 en 12 jaar in hul huidige betrekking is. Slegs 3 respondente (9,1%) het aangetoon dat hulle langer as 12 jaar in hul huidige betrekking is. Dit blyk dus uit bogenoemde dat die grootste deel van die respondente, nl. 19 (57,6%), ses jaar of minder in hul huidige betrekking is. Heel waarskynlik sal hierdie veranderlike `n invloed uitoefen op die respondente se sienswyses en oortuigings ten opsigte van molestering.

## 3.4 TYDPERK WAT MAATSKAPLIKE WERK AS BEROEP BEOEFEN WORD

Vier van die respondente (12,1%) het geantwoord dat hulle tussen 1 en 3 jaar die beroep van maatskaplike werk beoefen. Sewe respondente (21,2%) het aangedui dat hulle tussen 4 en 6 jaar die beroep van maatskaplike werk beoefen, terwyl 8 (24,2%) tussen 7 en 9 jaar in die beroep staan. Vier (12,1%) van die respondente het aangedui dat hulle tussen 10 en 12 jaar in die beroep is en 10 (30,3%) het aangedui dat hulle langer as 12 jaar die beroep van maatskaplike werk beoefen wat dan ook die grootste getal in hierdie kategorie is.

Wat die tydperk van beroepsbeoefening betref, is daar `n wye verspreiding en kan verwag word dat dit, tesame met die tydperk in die huidige betrekking, `n effek sal hê op maatskaplike werkers se ervaring van en siening oor kindermolestering.

# 4. PROFESSIONELE BETROKKENHEID VAN RESPONDENTE BY MOLESTERINGSAKE

Die tweede afdeling van die vraelys het gehandel oor die mate van betrokkenheid van respondente by molesteringsake.

## 4.1 BETROKKENHEID VAN RESPONDENTE BY MOLESTERINGSAKE

Een van die respondente het nie hierdie vraag voltooi nie, en `n totaal van 32 het dit wel beantwoord. Van die respondente wat die vraag beantwoord het, het vyftien (46,9%) gemeld dat hulle tussen 0 en 5 sake hanteer het. Vyf respondente (15,6%) het gemeld dat tussen 6 en 10 sake by hulle aangemeld is, terwyl slegs 1 respondent (3,1%) gemeld het dat daar tussen 11 en 15 sake by hom aangemeld is. Elf van die respondente (34,4%) het gemeld dat daar meer as 15 sake by hulle aangemeld is. Die grootste aantal respondente

het dus meer as 15 aanmeldings van seksuele molestering gehad. Hierdie hoë getal sake wat aangemeld is, vind aansluiting by die hoë statistiek van misdade teen kinders wat deur die Kinderbeskermingseenheid hanteer is, soos gesien kan word in hoofstuk 1.

Die soort organisasie waar respondente werksaam is, tesame met die tyd wat hulle reeds in die praktyk deurgebring het, sal bepaal by hoeveel sake van kindermolestering hulle betrokke sou gewees het. `n Jong maatskaplike werker wat by `n organisasie werk waar kindermolestering gewoonlik aangemeld sal word, kan dus meer ondervinding van hierdie probleem hê as `n ouer werker, en dus ook meer ingelig wees.

## 4.2 BETROKKENHEID VAN RESPONDENTE BY HOFSAKE OOR KINDERMOLESTERING

Sewe respondente het nie die vraag voltooi nie, wat daarop kan dui dat die respondente onseker was oor hulle betrokkenheid of dat hulle geensins by strafhofsake betrokke was nie. Een van die bogenoemde respondente het `n nota gemaak dat hy nie by enige strafhofsake betrokke was nie, slegs by die voorbereiding van kinders vir getuienislewering in die hof. Vyftien respondente (57,7%) het gemeld dat hulle by 1 of 2 sake betrokke was. Drie van die respondente (11,5%) het gemeld dat hulle by 4 tot 6 sake betrokke was, terwyl een respondent (3,8%) gemeld het dat hy by 7 tot 9 sake betrokke was. Sewe van die respondente (26,9%) het gemeld dat hulle by meer as 10 sake betrokke was. Dit blyk dus uit bogenoemde gegewens dat die meeste respondente by slegs 1 of 2 sake betrokke was. `n Beduidende persentasie was egter by meer as twee sake betrokke, wat beteken dat hulle `n goeie idee sal hê wat die verwagtings van die hof is ten opsigte van `n maatskaplike werker wat in die hof moet optree.

## 4.3 DOELTREFFENDHEID VAN BETROKKENHEID VAN RESPONDENTE BY STRAFHOFSAKE OOR MOLESTERING

Die vraag was daarop gerig om die respondente se gevoel te bepaal ten opsigte van die deeglikheid en volledigheid van die rol wat hulle vertolk het in hulle betrokkenheid by strafhofsake na seksuele molestering. By hierdie vraag het weer eens sewe van die respondente nie geantwoord nie. Die vermoede bestaan dat dit dieselfde sewe respondente is wat die vorige vraag ook nie beantwoord het nie. Dit bevestig verder die vermoede dat hierdie sewe respondente glad nie by enige strafhofsake oor seksuele molestering betrokke was nie. Veertien respondente (53,8%) het wel geantwoord dat hulle voel dat hul hul rol volledig en deeglik vertolk het. Slegs 1 respondent (3,8%) het gemeld dat hy voel dat hy sy rol nie deeglik vertolk het nie. Elf respondente (42,3%) het wel gevoel dat hulle onseker was.

Dit is opvallend dat bykans die helfte van die steekproef onseker was oor die deeglikheid van hul rolvervulling. Die redes wat hulle vir hulle antwoorde aangegee het, word vervolgens verbatim hieronder weergegee.

- "Onvoldoende kennis oor hof/wette/prokureurs asook ervaring. `n Eenmanskantoor veroorsaak dat jy op jou eie grotendeels funksioneer en soms beperkte kennis het."
- "Tyd is uiters beperk."
- "Terapeutiese insette in diepte."
- "`n Huidige leemte is dat die regstelsel maatskaplike werkers as getuies (deskundig) nog nie aanvaar nie, ander beroepe met verwysing spesifiek na sielkundiges se getuienislewering dra `n groter gewig in die hof. Daar is nog nie ideale geloofwaardigheid in maatskaplike werkers se getuienislewering in die regstelsel nie."
- "Kind nie beskerm teen hofstruktuur."
- "Gebrek aan spesialiteitsopleiding asook kommunikasiegaping tussen Justisie en Welsyn."

Hierdie response dui op die noodsaaklikheid van gespesialiseerde opleiding vir maatskaplike werkers as deskundige getuies, en die belangrikheid van die vestiging van die geloofwaardigheid van die maatskaplike werker in die hof. Dit is moontlik dat die stigma wat nog steeds aan maatskaplike werk mag kleef, ook in die hof weerklank sal vind.

## 5. DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE: ALGEMEEN

Die afdeling het bestaan uit vier vrae. Die eerste drie vrae was in die vorm van `n Likert-skaal waar maatskaplike werkers hulle mening oor `n lys van items op `n vierpuntskaal moes aandui. Die vierde vraag was `n rangorde-vraag. Die vraag het gehandel oor die maatskaplike werker as deskundige getuie in die algemeen, en die gegewens word in die tabel hieronder aangegee. By item 10 het een respondent nie rereageer nie.

## Tabel 6.1

## DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE: ALGEMEEN

| | 1-Baie belangrik | | 2-Belangrik | | 3-Onbelangrik | | 4-Heeltemal onbelangrik | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1. Die maatskaplike werker moet sy kennis kan aanwend in die rol van deskundige getuie. | 28 | 84,8 | 3 | 9,1 | 0 | 0 | 2 | 6,1 |
| 2. Die maatskaplike werker moet kennis dra van die verloop van die hofsaak. | 21 | 63,6 | 10 | 30,3 | 0 | 0 | 2 | 6,1 |
| 3. Die maatskaplike werker moet korrekte hofprotokol handhaaf. | 21 | 63,6 | 10 | 30,3 | 1 | 3,0 | 1 | 3,0 |
| 4. Die maatskaplike werker se rol as deskundige getuie moet daartoe bydra dat die aangeklaagde `n gepaste straf ontvang/gespesialiseerde hulp ontvang. | 22 | 66,7 | 8 | 24,2 | 1 | 3,0 | 2 | 6,1 |
| 5. Die maatskaplike werker moet gespesialiseerde opleiding ontvang om in die hof te kan optree. | 19 | 57,6 | 12 | 36,4 | 0 | 0 | 2 | 6,1 |
| 6. Die maatskaplike werker moet sy vermoë as deskundige getuie self verder ontwikkel. | 17 | 51,5 | 12 | 36,4 | 3 | 9,1 | 1 | 3,0 |
| 7. Die maatskaplike werker moet deur sy optrede sy vaardigheid as deskundige getuie aan die hof bevestig. | 21 | 63,6 | 9 | 27,3 | 1 | 3,0 | 2 | 6,1 |
| 8. Die maatskaplike werker moet deur sy kwalifikasies sy vaardigheid as deskundige getuie aan die hof staaf deur ondersteunende dokumentasie voor te lê soos bv. `n curriculum vitae. | 11 | 33,3 | 10 | 30,3 | 10 | 30,3 | 2 | 6,1 |
| 9. Die maatskaplike werker moet te alle tye objektiwiteit nastreef. | 23 | 69,7 | 6 | 18,2 | 1 | 3,0 | 3 | 9,1 |
| 10. Die maatskaplike werker moet as deskundige getuie op `n bepaalde onderwerp fokus en kan nie op alle gebiede as deskundige getuie optree nie. | 7 | 21,9 | 14 | 43,8 | 8 | 25,0 | 3 | 9,4 |

Die meeste respondente het die meeste van die stellings as baie belangrik gemerk. Daar is egter enkele betekenisvolle uitsonderings by items 2,4,5,6,7, 8 en 10 waarvan kennis geneem moet word.

Wat item 2 uitwys, is dat nie alle maatskaplike werkers die noodsaaklikheid erken van kennis wat die maatskaplike werker van hofprosedure moet hê nie. Dit is in stryd met wat algemeen in die literatuur aanvaar word.

Die reaksie op item 3, wat handel oor die handhawing van korrekte hofprotokol, toon dat nie alle maatskaplike werkers oortuig is van die belangrikheid daarvan nie. Dit mag egter wees dat hierdie reaksie kom van maatskaplike werkers wat self nog nie in die hof opgetree het nie, en dus onkundig is oor hofprotokol.

Die reaksie op item 4 toon dat nie alle maatskaplike werkers ewe simpatiek staan teenoor die aangeklaagde nie. Hierdie verskynsel kan verklaar word in die lig van die feit dat maatskaplike werkers se simpatie by die slagoffer lê, en nie by die oortreder nie. Dit kan `n gebrek aan objektiwiteit tot gevolg hê.

Nie alle maatskaplike werkers (item 5) is tot dieselfde mate oortuig daarvan dat gespesialiseerde opleiding nodig is vir optrede in die hof nie. `n Beduidende persentasie beskou dit as belangrik, maar nie as baie belangrik nie. Dieselfde tendens kom na vore by item 6. Die afleiding wat hier gemaak kan word, is dat maatskaplike werkers dalk voel dat ander instansies hulle vermoëns as deskundige getuie moet verbeter.

Wat item 7 betref, is daar ook `n beduidende persentasie maatskaplike werkers wat dit as belangrik, maar nie as baie belangrik beskou nie dat die maatskaplike werker sy vaardigheid as deskundige getuie deur sy hofoptrede moet bewys.

Wat item 8 betref, is dit opvallend dat `n beduidende persentasie maatskaplike werkers dit as onbelangrik beskou dat maatskaplike werkers dokumentasie as bewys van hulle

kwalifikasies aan die hof moet voorlê. Hierdie respons kan daarop dui dat maatskaplike werkers dit as voldoende beskou dat die hof bloot moet kennis neem van die feit dat hulle geregistreerde maatskaplike werkers is, en dat dit genoegsaam bewys moet wees van hulle vaardighede.

As daar na die verspreiding van die reaksies op item 10 gekyk word, kan die afleiding gemaak word dat die generiese kennis van die maatskaplike werker as voldoende beskou word vir `n rol as deskundige getuie, wat ook in stryd is met wat in die literatuur gevind word.

## 6. DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE: DIE GEMOLESTEERDE KIND

Die response op hierdie vraag word weergegee in die onderstaande tabel. By item 10 het een respondent die stelling nie gemerk nie.

Daar is foutiewelik `n vyfde opsie by die vraag ingesluit, terwyl daar nie `n vyfde punt by die sleutel aangedui is nie (sien Bylaag A), maar van die respondente het wel `n keuse by die vyfde kolom uitgeoefen. Dit word aanvaar dat die bedoeling daarmee was dat hulle beslis nie saam stem nie. Die gegewens wat vervolgens in tabelvorm weergegee word, sluit dus al vyf opsies in:

**Tabel 6.2**
**DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE:**
**DIE GEMOLESTEERDE KIND**

| | 1-Stem beslis saam | | 2-Stem saam | | 3-Onseker | | 4-Stem nie saam nie | | 5-Stem beslis nie saam nie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1. Die maatskaplike werker se praktykervaring maak hom geskik om as deskundige getuie op te tree in hofsake oor seksueel misbruikte kinders. | 8 | 24,2 | 18 | 54,5 | 4 | 12,1 | 3 | 9,1 | 0 | 0 |
| 2. Die maatskaplike werker se teoretiese kennis maak hom geskik om as deskundige getuie op te tree in hofsake oor seksueel misbruikte kinders. | 6 | 18,2 | 17 | 51,5 | 4 | 12,1 | 5 | 15,2 | 1 | 3,0 |
| 3. Die maatskaplike werker moet kennis dra van die getuienis van die kind. | 18 | 56,3 | 11 | 34,4 | 1 | 3,1 | 2 | 6,3 | 0 | 0 |
| 4. Dit is nodig dat die maatskaplike werker homself bemark as deskundige getuie op die gebied van seksuele misdade teen kinders. | 11 | 33,3 | 16 | 48,5 | 4 | 12,1 | 2 | 6,1 | 0 | 0 |
| 5. Maatskaplike werkers moet op `n 'ad hoc' basis te enige tyd gereed wees om deskundige getuienis te gaan lewer in hofsake oor misbruikte kinders en nie slegs op bepaalde tye in die hofsaak nie. | 7 | 21,2 | 6 | 18,2 | 6 | 18,2 | 8 | 24,2 | 6 | 18,2 |
| 6. Maatskaplike werkers behoort in staat te wees om oor seksuele misbruik in die algemeen en nie slegs ten opsigte van spesifieke gevalle nie, as deskundige getuie op te tree. | 6 | 18,2 | 21 | 63,6 | 4 | 12,1 | 1 | 3,0 | 1 | 3,0 |
| 7. Maatskaplike werkers moet deeglike kennis hê van die ontwikkelingsstadiums van die kind en die betekenis van verskillende reaksies op seksuele misbruik. | 27 | 81,8 | 5 | 15,2 | 1 | 3,0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 8. Maatskaplike werkers moet deur die staatsaanklaer voorberei word vir hulle rol as deskundige getuie voor optrede in die hof. | 19 | 59,4 | 11 | 34,3 | 0 | 0 | 1 | 3,1 | 1 | 3,1 |
| 9. Dit is noodsaaklik dat maatskaplike werkers hofprosedure ken om as deskundige getuie op te tree. | 22 | 66,7 | 10 | 30,3 | 1 | 3,0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 10. Dit is noodsaaklik dat maatskaplike werkers die nodige professionele selfvertroue moet hê om as deskundige getuie in hofsake oor kindermolestering op te tree. | 26 | 78,8 | 7 | 21,2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 11. Dit is noodsaaklik dat die maatskaplike werker wetenskaplike metodes gebruik in die assessering van die kind. | 22 | 66,7 | 9 | 27,3 | 1 | 3,0 | 1 | 3,0 | 0 | 0 |
| 12. Dit is noodsaaklik dat maatskaplike werkers `n grondige kennis moet hê van kindermolestering ten einde in sulke sake as deskundige getuie op te tree. | 24 | 72,7 | 8 | 24,2 | 1 | 3,0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 13. Dit is nodig om self `n ouer te wees om as deskundige getuie oor gemolesteerde kinders te kan optree. | 0 | 0 | 2 | 6,1 | 2 | 6,1 | 12 | 36,4 | 17 | 51,5 |

Enkele tendense kan vanuit die tabel uitgewys word. Ten opsigte van items 3,7,8,9,10,11 en 12 het die grootste persentasie maatskaplike werkers beslis saamgestem. Die meerderheid persentasie werkers wat by items 7, 10 en 12 beslis saamgestem het, dui daarop dat maatskaplike werkers wel bewus is van die belangrikheid van kennis van die kind en seksuele molestering om as deskundige getuie op hierdie gebied te kan optree. Kennis van hierdie aspekte dra by tot die mate waarin die maatskaplike werker professionele selfvertroue het.

Die reaksie by item 3 wat handel oor kennis van die getuienis van die kind, stem nie ooreen met wat in die literatuur uitgewys word nie. Dit is wenslik dat die maatskaplike werker voldoende kennis van die getuienis van die kind moet hê om onduidelikhede in hierdie verband aan die hof te verduidelik.

Die reaksie by items 8 en 9 toon dat `n beduidende aantal maatskaplike werkers nie oortuig is van die belangrikheid van samewerking met die regsprofessie nie. Hierdie verskynsel kan verklaar word in die lig van die feit dat samewerking tussen maatskaplike werkers en staatsaanklaers in die praktyk nie realiseer nie. Maatskaplike werkers besef nie die waarde wat staatsaanklaers kan hê om hofprosedures aan hulle te verduidelik nie.

Die reaksie op item 11 kan verklaar word in die lig van die feit dat wetenskaplike assesseringsmetodes `n relatief nuwe ontwikkelingsgebied is in kindermolestering en nie vrylik aan alle maatskaplike werkers beskikbaar is nie. Vergelyk ook die reaksie by item 9 van tabel 6.3.

Ten opsigte van item 5 was daar `n eweredige verspreiding van standpunte oor die spektrum van menings. Daar is dus `n uiteenlopendheid van menings oor die maatskaplike werker as deskundige getuie ten opsigte van die gemolesteerde kind. Die grootste verskille kom voor oor die standpunt dat maatskaplike werkers bereid moet wees om op `n ad hoc-basis oor gemolesteerde kinders te gaan getuig en nie net in spesifieke gevalle nie.

## 7. DIE PROFESSIONELE KENNIS VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

Hierdie vraag se gegewens word in die tabel hieronder bespreek. Die dertiende item op die lys het ruimte gelaat vir die respondente om hulle eie item in te skryf, en sal afsonderlik bespreek word.

## Tabel 6.3

## DIE PROFESSIONELE KENNIS VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

| | 1-Stem beslis saam | | 2-Stem saam | | 3-Neutraal | | 4-Stem nie saam nie | | 5-Stem beslis nie saam nie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1. Kennis van die tersaaklike wetgewing. | 29 | 87,9 | 4 | 12,1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 2. Kennis van die funksies van die kinder-beskermingseenheid. | 16 | 48,5 | 16 | 48,5 | 1 | 3,0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 3. Kennis van die dinamika van gesinsfunksionering. | 21 | 63,6 | 12 | 36,4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 4. Kennis van die seksuele oortreder en sy persoon-likheid in die algemeen. | 13 | 39,4 | 16 | 48,5 | 1 | 3,0 | 3 | 9,1 | 0 | 0 |
| 5. Kennis van die proses van psigososiale ondersoek. | 16 | 48,5 | 15 | 45,5 | 1 | 3,0 | 1 | 3,0 | 0 | 0 |
| 6. Kennis van toepaslike hulpbronne in die gemeenskap. | 23 | 69,7 | 10 | 30,3 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 7. Assesseringsvaardighede. | 26 | 78,8 | 7 | 21,2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 8. Vaardighede in onderhoudvoering met kinders. | 27 | 81,8 | 6 | 18,2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 9. Kennis van wetenskaplike metodes in assessering en onderhoudvoering met die kind.. | 22 | 66,7 | 10 | 30,3 | 0 | 0 | 1 | 3,0 | 0 | 0 |
| 10. Kennis van die ontwikkelingsfases van die kind. | 25 | 75,8 | 8 | 24,2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 11. Verslagskrywingsvaardighede. | 19 | 57,6 | 12 | 36,4 | 1 | 3,0 | 1 | 3,0 | 0 | 0 |
| 12. Vaardighede om in kruisondervraging te kan funksioneer. | 27 | 81,8 | 5 | 15,2 | 1 | 3,0 | 0 | 0 | 0 | 0 |

Ten opsigte van die meeste items het `n groot persentasie maatskaplike werkers aangedui dat hulle beslis saamstem, wat `n aanduiding is van `n sterk oortuiging dat kennis oor bepaalde aspekte rakende die gemolesteerde kind, belangrik is.

By items 4, 5 en 11 is betekenisvolle uitsonderings wat uitgewys kan word. Die reaksie op item 4 toon dat nie alle maatskaplike werkers in dieselfde mate oortuig is dat kennis van die seksuele oortreder en sy persoonlikheid moet deel vorm van die professionele kennis van die maatskaplike werker ten opsigte van kindermolestering nie. `n Hoër persentasie het aangedui dat hulle saamstem as wat aangedui het dat hulle beslis saamstem. Dit sluit aan by die bespreking van item 4 by tabel 6.1 en dat maatskaplike werkers se dienslewering normaalweg meer fokus op die kind as op die oortreder.

Wat item 5 aanbetref het `n hoë persentasie maatskaplike werkers aangedui dat hulle slegs saamstem of dan nie saamstem nie, dat kennis van die psigo-sosiale ondersoek belangrik is. Die afleiding kan gemaak word dat maatskaplike werkers `n ondersoek voer op grond van algemene prosedures wat in maatskaplikewerkdienslewering gevolg word. Die literatuur het egter uitgewys dat daar nie werklik nog `n vaste struktuur geskep kon word wat kan dien as `n algemene riglyn waarvolgens `n psigo-sosiale ondersoek gedoen kan word nie.

Nie alle maatskaplike werkers (item 11) het beslis saamgestem dat kennis van verslagskrywingsvaardighede belangrik is nie. `n Verduideliking hiervoor kan wees dat maatskaplike werkers wat nie ervaring het van hofoptrede nie, kan voel dat algemene kennis van verslagskrywing voldoende sal wees by die skryf van `n hofverslag. Die literatuur het egter die teendeel uitgewys.

By item 13 het dit na vore gekom dat van die respondente gevoel het dat kennis nodig is van hoe om die ander familie of vriende wat ook by die hof is, in die wagperiode te hanteer. Die emosies bv. woede en aggressie van die persone kan `n negatiewe uitwerking hê op die persone wat moet getuig. Kennis van spelterapie is ook as belangrik aangedui.

# 8. INSAMELING VAN INLIGTING BY ANDER PROFESSIES/INSTANSIES

Die respondente is versoek om in staat van belangrikheid die beroepe/bronne/professies aan te dui wat die meeste as bronne van inligting gebruik word in ondersoeke oor gemolesteerde kinders.

Daar was 5 professies wat die respondente moes rangskik met `n sesde opsie wat die respondent self kon invul. Heelwat van die respondente het addisionele bronne, wat nie op die lys was nie, aangedui. Hulle was sielkundiges, familie/vriende, ander maatskaplike werkers of welsynsorganisasies, die beskuldigde, werkgewer en ouers/voog. Die professie wat die meeste respondente as `n ander belangrike bron aangedui het (8), is sielkundiges.

Die gegewens wat verkry is, word vervolgens in tabelvorm weergegee. Die professie wat gemiddeld as die belangrikste deur die respondente aangedui is, word eerste genoem en die een wat as die minste belangrik is, laaste. Die gemiddelde is benader tot die tweede desimaal.

**Tabel 6.4**

**INSAMELING VAN INLIGTING BY ANDER PROFESSIES/INSTANSIES**

| Professie | Gemiddeld |
|---|---|
| Kinderbeskermingseenheid | 1,97 |
| Geneeshere | 2,06 |
| Onderwysers | 3,43 |
| Ander (meestal sielkundiges) | 3,75 |
| Staatsaanklaers | 3,84 |
| Predikante | 5,00 |

Dit is verstaanbaar dat die Kinderbeskermingseenheid eerste op die rangordelys verskyn, vanweë die funksie wat hierdie eenheid vervul. Geneeshere is professionele mense wat op grond van mediese ondersoeke kan bepaal of `n kind gemolesteer is of nie en sal dus hoë prioriteit geniet. Elk van hierdie funksionarisse speel egter `n rol in `n soeke na die ware feite rondom kindermolestering, en kan nie geïgnoreer word nie.

# HOOFSTUK 7

# SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Hierdie hoofstuk bevat die gevolgtrekkings en aanbevelings wat op grond van beide die literatuurstudie en die empiriese ondersoek gemaak kan word. Die eerste deel van die gevolgtrekkings berus op die literatuurstudie en die tweede deel op die empiriese ondersoek. Die aanbevelings word geïntegreerd aangebied.

## 1. GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE LITERATUURSTUDIE

- `n Deskundige getuie is `n persoon wat kennis en ervaring van so `n aard het dat hy meer bevoeg as die hof is om `n mening uit te spreek. Deskundigheid op `n bepaalde gebied is egter nie voldoende sonder kennis van hofprosedures nie.
- Die deskundige getuie moet oor besondere eienskappe beskik en moet met selfvertroue in die hof kan optree. Die deskundige getuie verkry hierdie status deur sy geloofwaardigheid in die hof te vestig op grond van sy optrede en gedokumenteerde bevoegdheid wat hy aan die hof voorlê. Hy moet ook duidelike begrip hê van sy rol as opvoeder van die hof en moet homself nie sien as iemand wat die beskuldigde moet veroordeel nie.
- Die maatskaplike werker wat as deskundige in die geval van gemolesteerde kinders in die hof optree, moet aan sekere vereistes voldoen. Nie alleen moet hy kennis dra van howe en hofprosedures nie, maar hy moet ook eerstehandse kennis hê van die problematiek van die gemolesteerde kind. Slegs dan sal hy vir die hof van waarde kan wees in regspraak oor gemolesteerde kinders.
- Die maatskaplike werker moet besondere bevoegdheid aan die dag lê in sy ondersoek na beweerde molestering van `n kind en daar moet met groot omsigtigheid sistematies

te werk gegaan word met so `n ondersoek. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker sal kennis dra van veral simptome van molestering en dit korrek sal interpreteer.

- `n Belangrike taak van die maatskaplike werker met so `n ondersoek is om die beweerde gemolesteerde kind te assesseer, ten einde vas te stel of molestering wel plaasgevind het, en ook om te bepaal hoe groot veral die emosionele skade is.
- In sy ondersoek na molestering moet die maatskaplike werker ook van ander professionele en nie-professionele persone se hulp gebruik maak en hy moet `n evaluering kan maak van die waarde van hierdie inligtingsbronne.
- Die ondersoek wat die maatskaplike werker doen oor die gemolesteerde kind moet in die vorm van `n verslag gedokumenteer word. Hierdie verslagdoening is egter nie die enigste vorm van getuienislewering nie. Die hof kan die maatskaplike werker ook vra om toeligting oor een of ander aspek van molestering te gee, sonder dat dit aan `n besondere geval gekoppel word.
- In die optrede van die maatskaplike werker in die hof, in gevalle van kindermolestering, is oorlegpleging met die staatsaanklaer van groot belang. Vir gesonde oorlegpleging is `n goeie professionele verhouding met die staatsaanklaer waardevol en daar moet ook goeie wedersydse begrip tussen hierdie twee persone wees.

## 2. GEVOLGTREKKINGS OP GROND VAN DIE EMPIRIESE BEVINDINGE

- Dit wil voorkom asof die meeste maatskaplike werkers in hulle loopbaan met die gemolesteerde kind te make kry. Die frekwensie van die betrokkenheid sal deels bepaal word deur die aantal jare diens, sowel as deur die soort organisasie waar die maatskaplike werker werksaam is.
- Daar heers onsekerheid by `n beduidende persentasie maatskaplike werkers oor die doeltreffendheid van hulle rolvervulling by strafhofsake oor die gemolesteerde kind.

Die redes hiervoor is hoofsaaklik `n gebrek aan opleiding, gebrekkige kennis van die hof en `n gebrek aan aanvaarding van die maatskaplike werkers as getuies in die hof.

- Maatskaplike werkers is in die algemeen bewus van die belangrikheid van maatskaplikewerkkennis, sowel as kennis van die hofomgewing vir die maatskaplike werker in sy rol as deskundige getuie.
- `n Beduidende persentasie maatskaplike werkers voel dat dit die maatskaplike werker se verantwoordelikheid is om sy vermoë as deskundige getuie uit te bou.
- Die meerderheid maatskaplike werkers voel dat hulle praktykervaring as maatskaplike werkers hulle eerder geskik maak as deskundige getuies, as wat hulle teoretiese kennis hulle geskik maak vir dieselfde rol.
- Dit wil voorkom asof maatskaplike werkers sou verkies om op grond van `n formele verslag getuienis in die hof oor `n gemolesteerde kind af te lê, nadat hulle die geleentheid gehad het om vir `n besondere geval voor te berei. Dit hou waarskynlik verband met `n behoefte om met die nodige selfvertroue in die hof te kan optree.
- Maatskaplike werkers besef die noodsaaklikheid van kennis oor die kind se ontwikkelingsfases en van kindersmolestering ten einde as deskundige getuie in die hof te kan optree.
- Maatskaplike werkers stem saam dat `n wye repertoire van generiese en spesifieke kennis noodsaaklik is vir die rol van deskundige getuie in die geval van gemolesteerde kinders.
- Maatskaplike werkers in die ondersoekgroep gee erkenning aan die rol wat ander professionele groepe kan vertolk in die soeke na inligting oor gemolesteerde kinders en die assessering van sulke kinders. In hierdie verband word die Kinderbeskermingseenheid van die Polisie hoog aangeslaan, veral wat inligting oor die kind betref.

## 3. AANBEVELINGS

Dit is `n feit dat maatskaplike werkers tans in Suid-Afrika nog nie genoegsaam deur die regsisteem as deskundige getuies in gevalle van gemolesteerde kinders erken word nie. Dit is ook `n feit dat maatskaplike werkers self ook `n aandeel in hierdie siening het.

Maatskaplike werkers kan hul status as deskundige getuies self verhoog. Deur inagneming van die literatuurstudie en empiriese navorsing en die daaropvolgende gevolgtrekkings wat gemaak is, word die volgende aanbevelings in hierdie verband gemaak:

- Maatskaplike werkers moet bewus gemaak en voorberei word op die ontluikende rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie.
- Maatskaplike werkers moet bewus gemaak word van die eise wat gestel word aan `n deskundige getuie. Dit moet veral duidelik gemaak word dat generiese kennis oor maatskaplike werk nie as voldoende geag kan word nie, maar dat spesialiskennis noodsaaklik is.
- Die kennis areas wat as grondslag moet dien vir die rol van deskundige getuie, moet gekonseptualiseer word op grond van studie en navorsing.
- In die lig van die beperkte navorsingsresultate oor die rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie ten opsigte van gemolesteerde kinders in Suid-Afrika, is verdere navorsing noodsaaklik, en moet dit aangemoedig word.
- Ondersoek moet ingestel word na die verskillende hoedanighede waarin `n maatskaplike werker die hof kan adviseer oor die gemolesteerde kind.
- Formele opleidingsprogramme moet in samewerking met regsgeleerdes ontwikkel word met die oog daarop om maatskaplike werkers voor te berei vir die rol van deskundige getuie in die algemeen en ook ten opsigte van spesifieke probleme. Welsynsorganisasies moet by die ontwikkeling van sodanige programme betrek word.
- Ten einde geloofwaardigheid van die maatskaplike werker as deskundige getuie te vestig, is dit noodsaaklik dat maatskaplike werkers gedetailleerde opleiding ontvang ten opsigte van optrede in die hof in die algemeen.
- Dit is noodsaaklik dat daar `n kultuur van samewerking (collaboration) moet ontwikkel tussen professionele en nie-professionele rolspelers ten opsigte van die gemolesteerde kind.
- Maatskaplike werkers behoort aangemoedig te word om hul ervaring van hofsake oor gemolesteerde kinders te publiseer ten einde die aandag op die probleem te vestig.

## 4. SLOTGEDAGTES

Ten slotte kan daar slegs opgemerk word dat die tema wat in hierdie navorsing aangeraak is, nog `n nuwe veld in die professie van maatskaplike werk is, en daar gevolglik nog geweldig baie ruimte vir verdere ontwikkeling en navorsing op die gebied is. Die immerteenwoordige en groeiende probleem van seksuele molestering van kinders, noodsaak dat die professie van maatskaplike werk nie langer die spreekwoordelike kop in die sand kan druk en slegs op `n terapeutiese vlak by die kind betrokke kan wees nie en `n ernstiger rol in die beskerming van die seksueel gemolesteerde kind moet begin speel. Uit hierdie navorsing blyk dit dat die maatskaplike werker in Suid-Afrika tans hierdie funksie die beste sal kan vervul deur as deskundige getuie by hofondersoeke na seksuele molestering van die kind, betrokke te raak én dit op `n professionele en geloofwaardige manier te doen.

# BRONNELYS


BANNISTER, J.I., BARRETT, K. & SHEARER, E. 1990. Listening to children. The professional response to hearing the abused child. Essex : Longman.

BERNSTEIN, B.E. 1977. The social worker as an expert witness. *Social Casework* Nr. 7 412-417p. July.

BEZUIDENHOUT, M. 1995. Die kind as getuie in die hofverrigtinge : Die hantering en voorbereiding van die seksueel gemolesteerde kind deur die maatskaplike werker. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – B.A. MW).

BLACK, H.C. 1979. Black's Law Dictionary. St. Paul : West Publishing Co.

BLIGNAUT, C.J. (Major) 1990. Child abuse : A sensitive approach – "The role of the police officer". (Lesing gelewer Augustus 1990 as deel van 'n konferensie oor kindermishandeling te RAU.) Johannesburg. 14p. (Ongepubliseer).

CARL, A.R. 1987. Is my kind veilig? Kaapstad : Lux Verbi.

CECI, S.J. & BRUCK, M. 1995. Jeopardy in the Courtroom. A scientific analysis of children's testimony. Washington, D.C. : American Psychological Association.

COETZEE, C. 1998. (Streekshofaanklaer – Johannesburg Streekshof). Persoonlike mededeling aan outeur. Johannesburg.

COOPER, D.M. & BALL, D. 1991. Social work and child abuse. Houndsmills : Macmillan Education Ltd.

DE VILLIERS, D.S. & VORSTER, J.H. 1994. Getuienislewering. ('n Praktiese Handleiding vir getuies). Pretoria : Pergo Publikasies.

DE VOS, W. LE R. 1990. Hofetiket en hofprosedure. (Lesing gelewer op 6 Augustus 1990 as deel van 'n konferensie oor kindermishandeling te RAU.) Johannesburg. 7p. (Ongepubliseer.)

DU TOIT, H.D. 1990. Child abuse – a sensitive approach. A religious perspective. (Lesing gelewer Augustus 1990 as deel van 'n konferensie oor kindermishandeling te RAU.) Johannesburg. 11p. (Ongepubliseer.)

DU TOIT, R. 1990. Die maatskaplike werker as getuie in die hof. (Inligtingstuk opgestel vir die CMRade, Ring van Middelburg.) 3p. (Ongepubliseer.)

ENGELBRECHT, J. 1998. (Senior advokaat – Pretoria Hooggeregshof). Mondelinge mededeling aan outeur. Pretoria.

GLASER, D. & FROSH, S. 1988. Child Sexual Abuse. Houndsmills : MacMillan Education Ltd.

GOTHARD, S. 1989. Power in the Court : The Social Worker as an Expert Witness. *Social work (NASW)*. 34(1) 65-67p. January.

GRINNELL, R.M. 1988. Social work research and evaluation. Illinois : F.E. Peacock Publishers.

Grondwet

*kyk*

SUID-AFRIKA. 1996.

HAT

*kyk*

ODENDAL, F.F., *red.*

HERBERT, M. 1989. Working with children and their families. Chicago : Lyceum Books.

HOFFMANN, W. 1986. Towards designing a curriculum for social work education for practice in a legal setting. *Welsynsfokus/Welfare focus.* 21(1) 8-11p. Junie/June.

HOWES, M.F. 1990. Die maatskaplike werker as deskundige getuie in die hof. *Social work.* 26(1) 67-73p. March.

JACOBS, K.L. 1988. Sexual abuse of children. *Social work practice.* (3). 7-10p. Nov.

JOHNSON, P. 1998. Die deskundige getuie in die hof. (Lesing gelewer Augustus 1998 vir die Gesinseenheidspan, CMR Middelburg.) Middelburg.

JOHNSON, P. 1999. Die hantering van die seksueel gemolesteerde kind. (Lesing gelewer Januarie 1999 vir die Gesinseenheidspan, CMR Middelburg.) Middelburg.

JOUBERT, M. 1995. Die kind in die hof : Die maatskaplike werker se aandeel in 'n seksuele molesteringsaak. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – B.A. MW).

KARASOV, F. & LANSING, C. 1995. Manual for Prosecution of Child Abuse. Updated version. Minnesota County Attorneys Association.

LABUSCHAGNE, F.J. & EKSTEEN, L.C. 1993. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria : J.L. van Schaik.

LEVETT, A. 1991. Contradictions and confusions in child sexual abuse. *SACJ/SAS* (4). 15-20p.

MALHERBE, D. 1995. Die Kind in die hof : Die rol van die KBE as deel van die multidissiplinêre span. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – B.A. MW).

MASON, M.A. 1992. Social Workers as Expert Witnesses in Child Sexual Abuse Cases. *Social Work.* Vol 37(1) 30-34p. January.

MOORE, J. 1985. The ABC of child abuse work. Hants : Gower.

MYERS, J.E.B. 1992. Legal Issues in Child Abuse and Neglect. (IVPS - Interpersonal Violence: The Practice Series.) Newbury Park : Newbury Park.

MYERS, J.E.B. 1993. Expert testimony regarding child sexual abuse. *Child abuse and neglect.* Vol. 17. 175-185p.

NEY, T. *Ed.* 1995. True and False Allegations of Child Sexual Abuse. Assessment and Case Management. New York : Brunner/Mazel Inc.

NSPCC. & GREATER MANCHESTER AUTHORITIES CHILD SEXUAL ABUSE UNIT. 1992? Investigation of child sexual abuse. Manchester : Bobbie Print.

ODENDAL, F.F., *red.* 1994. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.

OLIVIER, P.J.J. 1990. Die mishandelde kind in die hof. (Lesing gelewer Augustus 1990 as deel van 'n konferensie oor kindermishandeling te RAU.) Johannesburg. 8p. (Ongepubliseer).

PENCE, D. & WILSON, C. 1994. Team investigation of child sexual abuse. The uneasy alliance. Thousand oaks : Sage Publications.

PIETERSEN, W.J. 1990. How crucial is medical evidence? (Lesing gelewer Augustus 1990 as deel van 'n konferensie oor kindermishandeling te RAU.) Johannesburg. 7p. (Ongepubliseer).

POTGIETER, R. 1998. (Privaatpraktiserende maatskaplike werker.) Persoonlike mededeling aan outeur. Pretoria.

PRINSLOO, J.H. 1991. Proefbeamptes as inligtingsbron. *Die Landdros/The Magistrate.* 26(3) 104-109p. September.

RAISBECK, B.L. 1977. Law and the social worker. London : The Macmillan Press Ltd.

SCHLEBUSCH, M. 1995. Die kind as getuie in die hof : Die taak van die landdros met betrekking tot die seksueel gemolesteerde kind in die hof. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – B.A. MW).

SGROI, S.M. 1982. Handbook of clinical intervention in child sexual abuse. Massachusetts : Lexington books.

STERN, P. 1997. Preparing and Presenting Expert Testimony in Child Abuse Litigation. A guide for Expert Witnesses and Attorneys. Newbury Park : Sage Publications.

STOLS, S. 1995. Kind in die Hof : Die rol en die taak van die staatsaanklaer met betrekking tot die seksueel gemolesteerde kind in die hof. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – B.A. MW).

STRYDOM, H. 1994. Maatskaplikewerknavorsing (MWK 321). Potchefstroom : PU vir CHO. 190p. (Diktaat 172/94.)

STUTTERHEIM, E. 1995. Kindgesentreerde maatskaplikewerk-dienslewering. Deel 2. Potchefstroom : PU vir CHO 64p. (Diktaat D106/95.)

STUTTERHEIM, E. & WEYERS, M.L. 1999. Forensic Social Work : With special reference to the forensic social work service of the SAPS. *Maatskaplike werk/Social work.* Vol. 35(1). (Sal gepubliseer word.)

SUID-AFRIKA. 1983. Wet op Kindersorg, no. 74 van 1983. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1991. Wysigingswet van die Strafproseswet, no. 135 van 1991. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1993. Wet op voorkoming van gesinsgeweld, no. 133 van 1993. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no. 108 van 1996. Pretoria : Staatsdrukker.

TUFNELL, G, COTTRELL, D. & GEORGIADES, D. 1996. *Clinical Child Psychology and Psychiatry.* London : Sage Publications. Vol.1(3) 365-383p.

VAN DER MERWE, J.N.K. 1987. Die Reg- en Maatskaplikewerk-professies : Grondslae vir samewerking. *Welsynsfokus/Welfare focus.* 22(1) 19-23p. Junie/June.

VAN DER WESTHUIZEN, W. 1998. (Prokureur.) Mondelinge mededeling aan outeur. Centurion.

VENTER, A. 1999. (Maatskaplike werker.) Persoonlike mededeling aan outeur. Potchefstroom.

VERKLARENDE AFRIKAANSE WOORDEBOEK
*kyk*
LABUSCHAGNE...

WATERHOUSE, L. & CARNIE, J. 1992. Assessing Child Protection Risk. *British Journal of Social Work*. Vol. 22. 47-60p.

WETTE
*kyk*
SUID-AFRIKA...

WEYERS, M.L. 1999. An introduction to the field of forensic social work in South Africa. (Paper presented at the conference "Expert testimony in child abuse litigation" presented by the South African Police Service. Nylstroom, 15-19 March 1999.)

# BYLAAG I

## VRAELYS

Posbus 236
BELFAST
4 Januarie 1999

Geagte respondent

M-NAVORSINGSPROJEK – DIE MAATSKAPLIKE WERKER IN DIE HOF: ONDERSOEK NA SEKSUELE MOLESTERING VAN DIE KIND

Die meegaande vraelys is deel van 'n navorsingsprojek vir die voltooiing van meestersgraadstudies deur die ondergetekende. Die navorsingswerkstuk handel oor die rol wat die maatskaplike werker kan speel in die beskerming van die seksueel gemolesteerde kind in die hof, spesifiek met betrekking tot strafhofsake. Met die toenemende statistieke in seksuele molesteringsake waarby hofverrigtinge betrokke is, is dit belangrik om te kyk na die rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie en die ondersoek aanleidend tot optrede as deskundige getuie. Onkunde kan lei tot ernstige emosionele skade in die kind se lewe.

U mening is vir die navorsing van groot belang en dit sal hoog op prys gestel word indien u ons behulpsaam kan wees. Let asseblief op dat die vraelys sowat 10 na 15 minute neem om te voltooi. Dit sal verder baie waardeer word indien u die vraelys kan voltooi en voor 18 Januarie 1999 na die bostaande adres kan terugstuur.

Indien u enige probleme met die voltooiing van die vraelys ervaar kan u die ondergetekende telefonies kontak by (013) 2530573 (W) of (013) 2530153 (H) of 083 460 7711.

Byvoorbaat dank vir u vriendelike samewerking.
Die uwe

-----------------------------------------

(Mej.) M. JOUBERT
NAVORSER

VRAELYS OOR DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE MET SPESIFIEKE VERWYSINGS NA KINDERMOLESTERING

KANTOOR GEBRUIK VRAELYS NO. 1-3

NOTAS

i Hierdie vraelys moet deur elke maatskaplike werker afsonderlik voltooi word.

ii Vrae moet noukeurig deurgelees en so eerlik moontlik beantwoord word.

iii Vul asb. die volgende identifiserende besonderhede in alvorens

u die vraelys beantwoord (Let wel dat u nie u naam hoef weer te gee nie en ANONIEM sal bly.)

AFDELING A: PERSOONLIKE BESONDERHEDE

i Oor watter kwalifikasies beskik u?

| 1 | 2 |
|---|---|
| VOORGRAADS | NAGRAADS |

4

ii By watter organisasie/firma is u 'n maatskaplike werker?

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|
| STAAT | GESINSORG | ANDER |

5

iii Hoe lank is u werksaam in u huidige betrekking?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| 1-3 | 4-6 | 7-9 | 10-12 | 12+ |

6-7

iv Hoe lank beoefen u al die beroep van 'n maatskaplike werker?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| 1-3 | 4-6 | 7-9 | 10-12 | 12+ |

8

AFDELINGN B: BETROKKENHEID BY MOLESTERINGSAKE

i Hoeveel molesteringsake is die afgelope jaar by u aangemeld?

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|
| 0-5 | 6-10 | 11-15 | 15+ |

9

ii By hoeveel strafhofsake oor molestering was u betrokke?

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|
| 1-3 | 4-6 | 7-9 | 10+ |

10

iii Voel u dat u, u rol volledig en deeglik vertolk het?

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|
| JA | NEE | ONSEKER |

11

iv Indien nie, wat sou u as die belangrikste leemte in u toerusting beskou?______

______________________________________________

AFDELING C

VRAAG1: MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE:

ALGEMEEN

Dui die belangrikheid waarmee u elk van die volgende doelstelings beskou ten opsigte van die rol van die maatskaplike werker as deskundige getuie aan, deur 'n kruisie in die toepaslike spasie aan te bring deur gebruik te maak van die volgende sleutel:

1- Baie belangrik

2- Belangrik

3- Onbelangrik

4- Heeltemal onbelangrik

| | 1 | 2 | 3 | 4 | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Die maatskaplike werker moet kennis kan aanwend in die rol van deskundige getuie. | | | | | 11 |
| 2. Die maatskaplike werker moet kennis dra van die verloop van die hofsaak. | | | | | 12 |
| 3. Die maatskaplike werker moet korekte hofprotokol handhaaf. | | | | | 13 |
| 4. Die maatskaplike werker se rol as deskundige getuie moet daartoe bydrae dat die aangeklaagde 'n gepaste straf ontvang/ gespesialiseerde professionele hulp ontvang. | | | | | 14 |
| 5. Die maatskaplike werker moet gespesialiseerde opleiding ontvang om in die hof te kan optree. | | | | | 15 |
| 6. Die maatskaplike werker moet sy vermoë as deskundige getuie self verder ontwikkel. | | | | | 16 |
| 7. Die maatskaplike werker moet deur sy optrede sy vaardigheid as deskundige getuie aan die hof bevestig, | | | | | 17 |
| 8. Die maatskaplike werker moet deur sy kwalifikasies sy vaardigheid as deskundige getuie aan die hof staaf deur ondersteunende dokumentasie voor te lê soos bv. 'n cv. | | | | | 18 |
| 9. Die maatskaplike werker moet te alle tye objektiwiteit nastreef. | | | | | 19 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 10. Die maatskaplike werker moet as deskundige getuie op 'n bepaalde onderwerp fokus en kan nie op alle gebiede as deskundige getuie optree nie. | | | | | 20 |
| 11. Ander (spesifiseer) ............................................................ | | | | | 21 |

VRAAG 2: DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE: DIE GEMOLESTEERDE KIND

Dui u mening oor elkeen van die onderstaande aspekte t.o.v. die gemolesteerde kind aan deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek. Probeer asseblief so ver as moontlik om die onseker opsie te vermy. Die volgende sleutel moet gebruik word:

1- Stem beslis saam

2- Stem saam

3- Onseker

4- Stem nie saam nie

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Die maatskaplike werker se praktykervaring maak hom geskik om as deskundige getuie op te tree in hofsake oor seksueel misbruikte kinders. | | | | | | 22 |
| 2. Die maatskaplike werker se teoretiese kennis maak hom geskik om as deskundige getuie op te tree in hofsake oor seksueel misbruikte kinders. | | | | | | 23 |
| 3. Die maatskaplike werker moet kennis dra van die getuienis van die kind. | | | | | | 24 |
| 4. Dit is nodig dat die maatskaplike werker homself bemark as deskundige getuie op die gebied van seksuele misdade teen kinders. | | | | | | 25 |
| 5. Maatskaplike werkers moet op 'n 'ad hoc' basis te enige tyd gereed wees om deskundige getuienis te gaan lewer in hofsake oor misbruikte kinders en nie slegs op bepaalde tye in die hofsaak nie. | | | | | | 26 |
| 6. Maatskaplike werkers behoort in staat te wees om oor seksuele misbruik in die algemeen en nie slegs ten opsigte van spesifieke gevalle as deskundige getuie op te tree nie. | | | | | | 27 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 7. Maatskaplike werker moet deeglike kennis hê van die ontwikkelingsstadiums van die kind en die betekenis van verskillende reaksies op seksuele misbruik. | | | | | | ☐ 28 |
| 8. Maatskaplike werkers moet deur die staatsaanklaer voorberei word vir hulle rol as deskundige getuie voor optrede in die hof. | | | | | | ☐ 29 |
| 9. Dit is noodsaaklik dat maatskaplike werkers hof prosedure ken om as deskundige getuies op te tree. | | | | | | ☐ 30 |
| 10. Dit is noodsaaklik dat maatskaplike werkers die nodige professionele selfvertroue moet hê om as deskundige getuie in hofsake oor kindermolestering op te tree. | | | | | | ☐ 31 |
| 11. Dit is noodsaaklik dat die maatskaplike werker wetenskaplike metodes gebruik in die assessering van die kind. | | | | | | ☐ 32 |
| 12. Dit is noodsaaklik dat maatskaplike werkers 'n grondige kennis moet hê van kindermolestering ten einde in sulke sake as deskundige getuie op te tree. | | | | | | ☐ 33 |
| 13. Dit is nodig om self 'n ouer te wees om as deskundige getuie oor gemolesteerde kinders te kan optree. | | | | | | ☐ 34 |
| 14. Ander (spesifiseer) ............................................ .............................................................................. | | | | | | ☐ 35 |

VRAAG 3: DIE PROFESSIONELE KENNIS VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER.

Dui die belangrikheid waarmee u elk van die onderstaande aspekte beskou aan, deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te maak. Probeer asseblief om so ver as moontlik die neutraal-opsie te vermy.

1- Stem beslis saam

2- Stem saam

3- Neutraal

4- Stem nie saam nie

5- Stem beslis nie saam nie.

Deeglike algemene kennis en besonderer voorbereiding as deskundige getuie vir hofsake oor seksueel misbruikte kinders, vereis dat die maatskaplike werker oor die volgende kennis en vaardighede moet beskik.

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Kennis van die tersaaklike wetgewing. | | | | | | 36 |
| 2. Kennis van die funksies van die kinderbeskermings. | | | | | | 37 |
| 3. Kennis van die dinamika van gesinsfunk-sionering. | | | | | | 38 |
| 4. Kennis van die seksuele oortreder en sy persoonlikheid in die algemeen. | | | | | | 39 |
| 5. Kennis van die proses van psigososiale ondersoek. | | | | | | 40 |
| 6. Kennis van toepaslike hulpbronne in die gemeenskap. | | | | | | 41 |
| 7. Assesseringsvaardighede. | | | | | | 42 |
| 8. Vaardighede in onderhoudvoering met kinders. | | | | | | 43 |
| 9. Kennis van wetenskaplike metodes in assessering en onderhoudvoering met die kind. | | | | | | 44 |
| 10. Kennis van die ontwikkelingsfases van die kind. | | | | | | 45 |
| 11. Verslagskrywingsvaardighede. | | | | | | 46 |
| 12. Vaardighede om in kruisondervraging te kan funksioneer. | | | | | | 47 |
| 13. Ander (spesifiseer)________________ ________________________________ | | | | | | 48 |

VRAAG 4: INSAMELING VAN INLIGTING BY ANDER PROFESSIES/ INSTANSIES.

In die loop van die maatskaplike werker se ondersoek na die seksuele molestering, as aanloop tot deskundige getuienislewering, kan die maatskaplike werker van die hulp van ander instansies/profesionele persone gebruik maak. Merk in volgorde van belangrikheid watter professie volgens u die nuttigste vir die ondersoek sal wees. 1 is die mees belangrik en 6 die minste belangrik.

| | |
|---|---|
| Lede van die Kinderbeskermingseenheid | ☐ |
| Geneeshere | ☐ |
| Staatsaanklaers | ☐ |
| Predikante | ☐ |
| Onderwysers | ☐ |

Ander (Spesifiseer)...............................

# BYLAAG II

## OPVOLGBRIEF

Posbus 236
BELFAST
1100
(013) 2530573

12/02/1999

Geagte respondent

M-NAVORSINGSPROJEK – VRAELYS OOR DIE MAATSKAPLIKE WERKER IN DIE HOF: ONDERSOEK NA SEKSUELE MOLESTERING VAN DIE KIND

Die navorser wil graag van die geleentheid gebruik maak om die persone wat behulpsaam was met bogenoemde navorsing deur die vraelyste aan hulle gestuur in te vul en terug te stuur, van harte te bedank. Wees verseker dat u 'n baie belangrike bydrae gelewer het. Ek wil verder 'n vriendelike versoek rig dat indien u nog nie die vraelys voltooi en teruggestuur het nie, u dit asseblief sal doen voor 18/02/1999.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking.

Die uwe

---------------------------------
(MEJ.) M. JOUBERT
NAVORSER

# BYLAAG III

## STATISTIEKE – MISDADE TEEN KINDERS

Die aanmeldings van seksuele misdade teen kinders in Suid-Afrika, het reeds kommerwekkende afmetings aangeneem. Statistiek wat die aantal misdade wat teen kinders gepleeg is aandui, is vanaf die hoofkantoor van die Kinderbeskermingseenheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens verkry. Die statistiek toon die aantal misdade teen kinders aan wat deur die Kinderbeskermingseenheid en gespesialiseerde individue binne die Suid-Afrikaanse Polisiediens hanteer is, vir die tydperk Januarie 1994 tot Junie 1998. (Vanaf 1996 sluit dit voormalige polisie-agentskappe in.) In die onderstaande twee tabelle kan gesien word wat die statistiek was. In tabel 1.1 word die volledige statistiek vanaf Januarie 1994 tot Junie 1998 gegee en in tabel 1.2 die vergelykende statistiek vir die maande Januarie tot Junie van elke jaar. Die misdade wat spesifiek van toepassing is op die navorsing word telkens beklemtoon:

**Tabel 1.1***

**Misdade teen kinders**

**Totaal: Januarie 1994 – Junie 1998**

| **Misdade teen kinders onder 18 jaar** | **1994 Jan – Des** | **1995 Jan – Des** | **1996 Jan – Des** | **1997 Jan – Des** | **1998 Jan – Des** |
|---|---|---|---|---|---|
| Verkragting | 7559 | 10037 | 13859 | 14723 | 7046 |
| Sodomie | 491 | 660 | 893 | 841 | 371 |
| Bloedskande | 156 | 221 | 253 | 224 | 78 |
| Onsedelike aanranding | 3904 | 4044 | 4168 | 3902 | 1783 |
| Wet 23/1957 (Seksuele misdrywe) | 1094 | 1121 | 1160 | 904 | 383 |
| Poging tot moord | 213 | 244 | 383 | 255 | 155 |
| Aanranding ernstig | 1905 | 2272 | 3841 | 3686 | 1856 |
| Aanranding gewoon | 3246 | 3786 | 4502 | 4179 | 2088 |
| Ontvoering | 743 | 805 | 1184 | 962 | 478 |
| Menseroof | 906 | 978 | 946 | 1126 | 637 |
| Wet 74/83 (Kindersorg) | 2694 | 3499 | 3805 | 3633 | 1819 |
| Ander (Bv. Openbare onsedelikheid) | 753 | 833 | 944 | 1432 | 720 |
| **Totaal** | **23664** | **28482** | **35838** | **35867** | **17414** |

**Tabel 1.2***

**Misdade teen kinders**

**Vergelykende statistiek: Januarie 1994 – Junie 1998**

| Misdade teen kinders onder 18 jaar | 1994 Jan – Jun | 1995 Jan – Jun | 1996 Jan – Jun | 1997 Jan – Jun | 1998 Jan – Jun |
|---|---|---|---|---|---|
| Verkragting | 2939 | 4105 | 6400 | 6771 | 7046 |
| Sodomie | 229 | 276 | 405 | 390 | 371 |
| Bloedskande | 73 | 91 | 105 | 130 | 78 |
| Onsedelike aanranding | 1784 | 2033 | 2124 | 1956 | 1783 |
| Wet 23/1957 (Seksuele misdrywe) | 478 | 562 | 555 | 460 | 383 |
| Poging tot moord | 103 | 88 | 121 | 137 | 155 |
| Aanranding ernstig | 1000 | 1050 | 1779 | 1700 | 1856 |
| Aanranding gewoon | 1416 | 1827 | 2306 | 1987 | 2088 |
| Ontvoering | 358 | 429 | 633 | 429 | 478 |
| Menseroof | 469 | 463 | 509 | 513 | 637 |
| Wet 74/83 (Kindersorg) | 1251 | 1746 | 1888 | 1681 | 1819 |
| Ander (Bv. Openbare onsedelikheid) | 240 | 331 | 361 | 447 | 720 |
| **Totaal** | **8609** | **10870** | **14642** | **14245** | **17414** |

Uit bostaande inligting kan gesien word dat daar in sommige misdade daar 'n toename was tot 1996 en daarna weer 'n afname, maar in die geheel was daar 'n definitiewe toename in misdade teen kinders, wat seksuele misdade insluit. Dit beklemtoon die feit dat navorsing oor die maniere waarop kinders beskerm kan word, aktueel en nodig geword het.

*Die leser word daarop gedui dat Tabel 1.1 en Tabel 1.2 weergegee is soos ontvang vanaf die Kinderbeskermingseenheid. Die totale is egter foutief en vervolgens word die korrekte totale weergegee:

**Tabel 1.1**

| 1994<br>Jan – Des | 1995<br>Jan – Des | 1996<br>Jan – Des | 1997<br>Jan – Des | 1998<br>Jan – Des |
|---|---|---|---|---|
| 23664 | 28500 | 35938 | 35869 | 17414 |

**Tabel 1.2**

| 1994<br>Jan – Jun | 1995<br>Jan – Jun | 1996<br>Jan – Jun | 1997<br>Jan – Jun | 1998<br>Jan – Jun |
|---|---|---|---|---|
| 10340 | 13001 | 17186 | 16601 | 17414 |